DIE EFFEK VAN WERKLOOSHEID OP DIE GESIN:

'N SOSIOPEDAGOGIESE ONDERSOEK

deur

Georgina Marthina Brummer

Voorgelê ter vervulling van 'n deel van die vereistes vir die graad

Magister Educationis

in die Fakulteit Opvoedkunde
Universiteit van Pretoria
PRETORIA

Studieleier: Prof. Dr. J. le Roux

Oktober 1999

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

© University of Pretoria

OPGEDRA AAN

GERHARD

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

DANKBETUIGING

Besondere waardering en opregte dank word hiermee betuig aan die volgende persone sonder wie se hulp die ondersoek nie moontlik sou wees nie.

- Prof. Dr. J. le Roux vir die wonderlike besielende wyse waarop hy my deurgaans bygestaan en daadwerklik gelei en tydens my studie ondersteun het. Die opofferings, aansporing en welwillendheid deur hom getoon, was werklik inspirerend en word opreg waardeer. Watter wonderlike voorreg om onder sy bekwame leiding my studies te kon voltooi!!

- My man, Nico, vir sy liefdevolle aanmoediging, geduld, ondersteuning en opoffering gedurende my studies.

- My seun, Hennie, vir sy geduld en liefde.

- My ouers, familie en vriende vir voortdurende ondersteuning, aanmoediging en motivering.

- Marisa Oosthuizen vir kundige hulp met die tikwerk, drukwerk en tegniese versorging.

SOLI DEO GLORIA: Aan God alleen die eer vir die krag en deursettingsvermoë om die studie te kon onderneem, want sonder Sy groot genade sou ek dit nie kon doen nie!!

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Ek het gesien dat daar niks beter is nie as dat die mens vreugde vind in sy werk......... God laat die mens sy deel ontvang en sy werk met vreugde doen. Dit is 'n gawe van God (Pred. 3:22; 5:18).

Elke môre as ek vir die dag lê en wag om te breek, sê ek vir myself: "Jy is 'n gelukkige man, jy het vandag nog werk om te doen, werk wat vir jou lekker is. Sê vir jou Skepper dankie daarvoor." En dan doen ek dit; ek sê vir Hom dankie met my hele hart. En ek weet Hy weet dat ek Hom nie net met die mond dankie sê nie, maar ook met elke stukkie lekker werk wat elke dag klaarkom.

-Gerhard Beukes-

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

SAMEVATTING

DIE EFFEK VAN WERKLOOSHEID OP DIE GESIN: 'N SOSIOPEDAGOGIESE ONDERSOEK

deur

GEORGINA MARTHINA BRUMMER

Studieleier: Prof. Dr. J. le Roux
Departement: Psigo- en Sosiopedagogiek
Graad: Magister Educationis

In die onderhawige studie word ondersoek ingestel na die verskynsel "werkloosheid" vanuit 'n sosiopedagogiese perspektief.

Nadat die motivering as inleiding vir hierdie ondersoek in perspektief gestel is, is die begrippe "Sosiopedagogiek," "werkloosheid" en "gesin" gekonseptualiseer.

Vervolgens is die volgende aspekte ondersoek en beskryf:

- die waarde en betekenis van werk;
- tipes werkloosheid;
- oorsake van werkloosheid;
- die sosiale verspreiding van werkloosheid;
- die meting en omvang van werkloosheid;

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- stadia van sielkundige reaksies op werkloosheid;
- die gevolge van werkloosheid; asook
- stigmatisering van werkloosheid.

Voorts is ondersoek ingestel na die effek van werkloosheid op die gesin:

- effek op die werklose persoon;
- effek op die werklose se eggenote; asook
- effek op die kinders in die gesin.

Die ontoereikende verwerkliking van sosiopedagogiese essensies as uitkoms van werkloosheid, is ondersoek en beskryf:

- ek-jy-verhouding;
- opvoedingstyl;
- kommunikasie;
- sosiale lewe;
- sosialisering;
- selfaktualisering;
- identiteit en selfkonsep;

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- sosiaal-maatskaplike oriëntering;
- behoeftevervulling in sosiale verband;
- sosiale mileu; asook
- persoonlikheid.

Die volgende gevolgtrekkings spruit uit die navorsing voort:

- Die werklose persoon self beleef die ontstaan van werkloosheid as traumaties.
- Werkloosheid kan 'n negatiewe effek op die gesinslede tot gevolg hê.
- Daar is wel gesinne wat in staat is om die krisis van werkloosheid te oorbrug en sinvol aan te pas by dié omstandighede.
- 'n Hoë werkloosheidskoers hou ernstige implikasies vir die gemeenskap as geheel in.

Enkele maatrëels wat oorweeg kan word om werkloosheid te bestry, is kortliks aangespreek:

- ekonomiese groei;
- werkskepping;
- toepaslike tegnologie;

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- inwaartse industrialisasie;
- uitkontraktering en privatisering;
- behuising;
- onderwys en opleiding;
- entrepreneurskap;
- bevolkingsbeleid;
- werkloosheidsversekering;
- loonsubsidies;
- informele sektor; asook
- spesiale werkskeppingsprogramme.

Enkele gemotiveerde aanbevelings voortspruitend uit die navorsing, is ten slotte aangebied:

- Bewusmakings- en voorligtingsprogramme, ten einde die gemeenskap te sensiteer omtrent werkloosheid, kan ontwikkel word.
- Uitreikings- en ondersteuningsgroepe om die werklose gesinne finansieel en emosioneel te ondersteun, kan gestig word.
- Gesinsterapie vir die lede van die gesin waar die vader werkloos is, blyk noodsaaklik te wees.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- Ouerbegeleidingsprogramme waarin die behoefte aan leiding rakende die hantering van werkloosheid aangespreek word, kan ontwerp word.

- 'n Begeleidingsprogram waar die kinders uit werklose gesinne hanteringsmeganismes aanleer, ten einde hul gevoelens te identifiseer, uit te spreek en te aanvaar, kan ontwikkel word.

- Spesifieke riglyne aan personeel van skole kan daartoe bydra dat leerlinge, wie se ouers werkloos is, met opregte empatie en begrip hanteer sal word.

- Daar moet doelbewus gepoog word om van die stigma wat aan werkloosheid kleef, ontslae te raak.

- Aktiewe pogings om werkloosheid te bekamp en werkloses te ondersteun, moet geloods word.

SLEUTELWOORDE

werkloosheid

werk

gesin

sosiopedagogiek

sosiopedagogiese essensies

gesinslewe

konflik

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

trauma

opvoeding

volwassenheid

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

SUMMARY

THE EFFECT OF UNEMPLOYMENT ON THE FAMILY: A SOCIOPEDAGOGICAL INVESTIGATION

deur

GEORGINA MARTHINA BRUMMER

Supervisor: Prof. Dr. J. le Roux

Department: Psycho- and Sociopedagogics

Degree: Magister Educationis

The study in question, addresses the phenomenon of "unemployment" from a sociopedagogical perspective.

In chapter one perspective was provided on the motivation for this investigation; and the concepts "Sociopedagogics," "unemployment" and "family" were conceptualized.

There upon the following aspects were researched and defined:

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- the value and meaning of work;
- types of unemployment;
- the social range of unemployment;
- the measurement and extent of unemployment;
- stages of psychological reactions to unemployment;
- the effects of unemployment; as well as
- stigmatization of unemployment.

The effect of unemployment on the family was examined:

- effect on the unemployed person;
- effect on the spouse of the unemployed person; as well as
- the effect on the children in the family;

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

The inadequate actualization of sociopedagogical essences as the outcome of unemployment, was researched and defined:

- I-you-relationship;
- child-rearing (-style)
- communication;
- social life;
- socialization;
- self-actualization;
- identity and self-concept;
- social orientation
- fulfilment of needs in social context;
- social milieu; and

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- personality.

Certain important findings arising from the research are that:

- The unemployed person experiences the onset of unemployment as traumatic.

- Unemployment can have a negative effect on the members of the family.

- There are, however, families that can overcome the crisis of unemployment and adapt meaningfully to the circumstances.

- A high rate of unemployment holds serious implications for society as a whole.

Some measures that can be considered to combat unemployment were addressed briefly:

- economic growth;

- job creation;

- appropriate technology;

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- inward industrialization;
- contracting out and privatization;
- housing;
- education and training;
- entrepreneurship;
- population policy;
- unemployment insurance;
- loan subsidies;
- informal section; and
- special job creation programmes.

Recommendations arising from the investigation are the following:

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- Awareness and counselling programmes aimed at enlightening the community regarding unemployment can be developed.

- Outreach and support groups can be established to support the unemployed families financially and emotionally.

- Family therapy for the members of the family where the father is unemployed, appears to be essential.

- Parental guidance programmes can be designed to address the need of guidance regarding the handling of unemployment.

- A guidance programme can be designed to teach children from unemployed families handling mechanisms in order to identify their emotions, to verbalise them and to accept them.

- Specific guidelines provided to personnel of schools can lead to their treating learners, whose parents are unemployed, with true empathy and understanding.

- A deliberate effort should be made to get rid of the stigma attached to unemployment.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- Active efforts should be made to combat unemployment and to support those who are unemployed.

KEY CONCEPTS

unemployment

work

family

sociopedagogics

sociopedagogical essences

family life

conflict

trauma

child rearing

adulthood

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

DIE EFFEK VAN WERKLOOSHEID OP DIE GESIN:

'N SOSIOPEDAGOGIESE ONDERSOEK

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1

TEMA-ANALISE EN PROBLEEMSTELLING

1.1 Inleidende oriëntering 1

1.2 Konseptualisering 2

1.2.1 Die konsep "werkloosheid" 3

1.2.2 Die konsep "gesin" 5

1.2.3 'n Sosiopedagogiese ondersoek 10

1.2.3.1 Sosiopedagogiek as selfstandige deeldissipline van die Pedagogiek 11

1.2.3.2 Die funksie van die Sosiopedagogiek 12

1.2.3.3 Die struktuur van die Sosiopedagogiek 15

1.2.3.4 Sosiopedagogiese begrippe 15

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

1.3 Tema-analise: Werkloosheid in die huidige RSA-situasie 49

1.4 Navorsingsprobleem 52

1.5 Sentrale teoretiese stelling 53

1.6 Navorsingsmetode 54

1.6.1 Beskrywende studie 55

1.6.2 Verklarende studie 55

1.7 Navorsingsdoel 56

1.8 Navorsingsplan 56

HOOFSTUK 2

WERKLOOSHEID IN DIE EIETYDSE SAMELEWING

2.1 Inleiding 58

2.2 Die waarde en betekenis van werk 60

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

2.3 Tipes werkloosheid 63

2.3.1 Wrywingswerkloosheid 64

2.3.2 Sikliese werkloosheid 65

2.3.3 Strukturele werkloosheid 66

2.3.4 Seisoenale werkloosheid 67

2.3.5 Versteekte werkloosheid 67

2.4 Oorsake van werkloosheid 68

2.4.1 Primêre oorsake van werkloosheid 69

2.4.1.1 Rasionalisasie 69

2.4.1.2 Veranderende politieke bestel 69

2.4.1.3 Populasie- en arbeidsmaggroei 71

2.4.1.4 Kapitaalintensiteit van produksiemetodes 73

2.4.1.5 Resessie 73

2.4.1.6 Onvoldoende werksgeleenthede 75

2.4.1.7 Onvoldoende inligting oor bestaande werksgeleenthede 76

2.4.1.8 Kundigheid en opleiding 76

2.4.1.9 Werkskeppingsvermoë van die ekonomie 77

2.4.1.10 Tegnologiese vooruitgang 78

2.4.1.11 Ander strukture binne die sosiale samelewing 79

2.4.2 Sekondêre oorsake van werkloosheid 80

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

2.4.2.1 Persone met fisiese en psigiese gestremdhede 80
2.4.2.2 Psigologiese samestelling van die mens 83
2.4.2.3 Plekgebondenheid 84
2.4.2.4 Kieskeurigheid 84

2.5 Die sosiale verspreiding van werkloosheid 85

2.6 Meting van omvang van werkloosheid 87
2.6.1 Meting van werkloosheid 87
2.6.1.1 Sensusmetode 87
2.6.1.2 Verskilmetode 87
2.6.1.3 Registrasiemetode 87
2.6.1.4 Steekproefmetode 88
2.6.2 Omvang van werkloosheid 88
2.6.2.1 Geregistreerde werkloosheid in die RSA 90
2.6.2.2 Lopende bevolkingsopnames in die RSA 91

2.7 Stadia van sielkundige reaksies op werkloosheid 93
2.7.1 Skok 94
2.7.2 Ontkenning 94
2.7.3 Opstand 95
2.7.4 Onderhandeling 97

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

2.7.5 Depressie 98

2.7.6 Aanpassing 100

2.8 Die gevolge van werkloosheid 104

2.8.1 Ekonomies 104

2.8.2 Fisiologies 106

2.8.3 Psigologies 109

2.8.3.1 Tydspersepsie en -struktuur 113

2.8.3.2 Emosies 114

2.8.3.3 Selfbeeld 115

2.8.3.4 Selfrespek 116

2.8.3.5 Selfvertroue 117

2.8.4 Geloof 118

2.8.5 Sosiaal 118

2.8.6 Polities 122

2.8.7 Opvoedkundig 122

2.8.8 Die gesinsituasie 123

2.8.9 Toename in misdaad en geweld 124

2.9 Die stigmatisering van werkloosheid 125

2.10 Samevatting 127

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

HOOFSTUK 3

WERKLOOSHEID, GESINSLEWE EN GESINSOPVOEDING

3.1 Inleiding 129

3.2 Die effek van werkloosheid op die gesin 130

3.2.1 Effek op die werklose persoon 130

3.2.2 Effek op die werklose se eggenote 135

3.2.3 Effek op die kinders in die gesin: 'n sosiopedagogiese evaluering 137

3.2.3.1 Inleiding 137

3.2.3.2 Ek-jy-verhouding 141

3.2.3.3 Opvoedingstyl 143

3.2.3.4 Kommunikasie 147

3.2.3.5 Sosiale lewe 150

3.2.3.6 Sosialisering 152

3.2.3.7 Selfaktualisering 156

3.2.3.8 Identiteit en selfkonsep 158

3.2.3.9 Sosiaal-maatskaplike oriëntering 163

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

3.2.3.10 Behoeftevervulling in sosiale verband 166

3.2.3.11 Sosiale milieu 169

3.2.3.12 Persoonlikheid 171

3.3 Samevatting 175

HOOFSTUK 4

SAMEVATTING EN AANBEVELINGS

4.1 Inleiding 179

4.2 Samevatting 180

4.2.1 Hoofstuk 1 180

4.2.2 Hoofstuk 2 182

4.2.3 Hoofstuk 3 183

4.3 Gevolgtrekkings 187

4.4 Maatreëls om werkloosheid te bestry 190

4.4.1 Ekonomiese groei 191

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

4.4.2 Werkskepping 192

4.4.3 Toepaslike tegnologie 193

4.4.4 Inwaarste industrialisasie 193

4.4.5 Uitkontraktering en privatisering 195

4.4.6 Behuising 195

4.4.7 Onderwys en opleiding 196

4.4.8 Entrepreneurskap 198

4.4.9 Bevolkingsbeleid 199

4.4.10 Werkloosheidsversekering 200

4.4.11 Loonsubsidies 200

4.4.12 Informele sektor 201

4.4.13 Spesiale werkskeppingsprogramme 203

4.4.14 Ander maatreëls 206

4.5 Aanbevelings 207

4.6 Leemtes van en kritiek teen die navorsing 208

4.7 Verdere terreine van ondersoek 210

4.8 Sintese 211

BIBLIOGRAFIE 212

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

LYS VAN FIGURE

Figuur 1.1	Skematiese voorstelling van die benaming en funksie van die Sosiopedagogiek	14
Figuur 1.2	Kommunikasie	25
Figuur 1.3	Sosialisering	31
Figuur 1.4	Behoeftehiërargie van Maslow	42
Figuur 1.5	Persoonlikheidsmodel	48
Figuur 2.1	Modelle van die psigiese stadia in die aanpassings-proses op werkloosheid	101
Figuur 2.2	Aanpassingstadia op werkloosheid: Jeugdiges	103
Figuur 3.1	Die hiërargiese struktuur van die basisbegrip "warmte"	145
Figuur 3.2	Gedragsmodel van Becker en Krug	173

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

HOOFSTUK 1

TEMA-ANALISE EN PROBLEEMSTELLING

1.1 Inleidende oriëntering

Toe Sigmund Freud (1856 - 1939) gevra is wat 'n mens benodig om 'n goeie lewe te kan hê, het hy glo geantwoord: "Lieben und arbeiten". Om lief te hê en om te werk is volgens hom die belangrikste vereistes waaraan 'n bevredigende lewe moet voldoen (Levi 1987: 101).

Die mens het ten aanvang in die tuin van Eden gewoon met die Goddelike opdrag om dit te bewerk en te bewaar. Toe die vrou barensnood as haar deel ontvang het, is die man aangesê om brood in die sweet van sy aangesig te verdien. Hy moes werk vir 'n bestaan (Van Nieuwholtz 1994: 1).

Om te werk gee besondere betekenis aan 'n mens se lewe: werk verskaf identiteit; dit is 'n middel waarmee verhoudinge (ook buite die gesin) aangeknoop word; dit bied geleentheid om bepaalde vaardighede te ontwikkel en stimuleer kreatiwiteit; dit bevorder 'n gevoel van eiewaarde en gee 'n doelstelling aan die lewe; dit is ook 'n bron van inkomste wat 'n mens 'n mate van beheer oor sy lewe bied (Uys en Marais 1991: 23).

Indien 'n persoon sy werk verloor, ervaar hy 'n verlies van elk van boegenoemde dimensies. 'n Werkgewer wat sy personeel moes rasionaliseer, het dit so gestel: "Dit is nie net die werk of geld nie ... 'n man **is** sy werk. As 'n mens dit wegneem, breek jy sy identiteit af, jy

ontneem hom die vermoë om sy familie te onderhou en jy krenk sy manlikheid" (Van Wijk 1993: 5).

Die werklose persoon ervaar 'n verlies aan selfrespek, verlaagde selfvertroue, gevoelens van rebelsheid, depressie, frustrasie en aggressie. Dit kan 'n toename in tabak- en alkoholgebruik, geweld, moord en selfmoord veroorsaak. Die spanning wat werklose persone ervaar, kan ook op 'n indirekte wyse 'n invloed op hul fisieke welsyn uitoefen. Hartsiektes, sirose en ander spanningsverwante siektes kan voorkom (Venter 1991: 28).

Werkloosheid hou dus sekere belangrike implikasies vir die individu in, en daarmee saam ook vir die gesin en die samelewing in geheel. Werkloosheid en 'n verlies van inkomste veroorsaak stres in die gesinslewe en kan bydra tot huweliksgeweld, kindermishandeling, egskeiding, alkoholisme en selfmoord. Werkloosheid benadeel dus nie net die individu nie, maar dit kan ook negatief inwerk op gesinsverhoudinge. In die onderhawige studie word derhalwe ondersoek ingestel na die effek van werkloosheid op die gesin, vanuit 'n sosiopedagogiese perspektief.

1.2 Konseptualisering

In 'n wetenskaplike verslag van dié aard is dit noodsaaklik dat terminologie wat as basiese begrippe aangewend word, voortdurend ondersoek, geëvalueer en eenduidig beskryf sal word. Enkele begrippe wat sentraal in die onderhawige studie figureer, sal derhalwe vervolgens kortliks ontleed en omskryf word.

1.2.1 Die konsep "werkloosheid"

In die Verklarende Afrikaanse Woordeboek van Labuschagne en Eksteen (1992:1092) word "werkloos" beskryf as "sonder werk (sonder eie toedoen)" en "wat nie werk kan kry nie."

Swanepoel en Van Zyl (1994: 269) definieer "werkloosheid" as "'n toestand waarin mense wat gekwalifiseerd is vir 'n werk, gewillig is om te werk en in staat is om te werk, nie 'n werk teen die heersende loonkoers kan bekom nie."
In dié definisie is drie belangrike aspekte vervat:

- Die persoon moet vir die werk gekwalifiseerd wees. Iemand kan dus nie as werkloos beskou word as hy 'n werk verlang waarvoor hy weens gebrek aan opleiding, opvoedkundige kwalifikasie en/of ondervinding nie kwalifiseer nie.

- 'n Persoon wat nie gewillig is om te werk of nie in staat is om te werk nie, kan nie as werkloos beskou word nie.

- 'n Persoon wat werkloos is, moet redelike pogings aanwend om binne 'n redelike tyd werk teen die heersende loonkoers te vind. Mense wat geen poging aanwend om werk te vind nie, wat binne 'n redelike tyd wel werk vind, of wat buitengewoon hoë eise met betrekking tot vergoeding stel, kan nie as werkloos beskou word nie.

Swanepoel en Van Zyl (1994: 269) beklemtoon verder dat die Sentrale Statistiekdiens in ooreenstemming met die Internasionale Arbeidsorganisasie die volgende definisie van werkloosheid aanvaar:

"Werkloses is persone wat 15 jaar of ouer is en wat:

- nie in betaalde of eie indiensname is nie;
- gedurende die verwysingsweek (die sewe dae wat die onderhoud voorafgegaan het) beskikbaar was vir betaalde of eie indiensname;
- gedurende die vier weke wat die onderhoud voorafgegaan het, daadwerklik stappe gedoen het om betaalde werk te vind, of om eie indiensname te onderneem; asook
- die begeerte het om te werk en om in diens geneem te word, of om eie indiensname te onderneem."

'n Werklose persoon word amptelik in die Witskrif oor 'n Strategie vir die Skepping van Werkgeleenthede in die Republiek van Suid-Afrika (1984: 22) gedefinieer as iemand wat begerig is om te werk en aan die volgende vereistes voldoen:

- Hy/sy het gedurende die vorige week minder as vyf uur gewerk.
- Hy/sy het gedurende die vorige maand 'n poging aangewend om werk te vind.
- Hy/sy is by magte om binne die bestek van 'n week 'n betrekking te aanvaar.
- Hy val in die ouderdomskategorie 16-64 jaar in die geval van mans en 16-59 jaar in die geval van vroue.

Vir Kantor (1980) is die konsep werkloosheid eenvoudig: "....'n individu sonder werk, terwyl daardie individu wel wil werk" (vgl. Van der Merwe

1988: 25). 'n Persoon is dus werkloos, indien vir 'n sekere tydperk sonder werk en bereidwillig om dadelik enige besoldigde diens te aanvaar.

1.2.2 Die konsep "gesin"

Volgens Pretorius (1998: 41) is die gesin die sentrum van opvoeding en saamlewe. Die gesin is 'n maatskaplike instelling wat in die Westerse lande op die georganiseerde en wettig vasgelegde eenheid van vader, moeder en kind berus. Die belangrikste funksie van die gesin is om die opvoeding en sosialisering van die kind te verseker volgens die norme wat in die maatskappy heers. Dit is in die gesin waar die kind die gewoontes en tradisies van sy groep verwerf. Deur identifikasie met sy ouers word die persoonlikheid en karakter van die kind gevorm. Die wese van die bestaan van die gesin as psigososiale eenheid is sekerlik daarin geleë dat die gesinslede saamlewe om mekaar se behoeftes te vervul. Die gesin kan dus beskou word as 'n eenheid van groei, ervaring en vervulling; gesinslewe beteken "vervulling van behoeftes en van moontlikhede."

In die gesin word die intiemste verhouding van liefdevolle verbondenheid of pedagogiese onsheid tussen ouer en kind voltrek, en die ouers dra die eerste verantwoordelikheid vir die liggaamlike, psigiese, geestelike en sosiale welsyn van die kind (Pretorius 1998: 42-43).

In geen enkele ander milieu as dié van die gesin het die mens (kind) 'n beter waarborg dat hy sy moontlikhede kan verwerklik nie, en die gehalte van die huweliksliefde maak van die gesin die mees ideale opvoedingsmilieu (Gielen).

Steyn en Breedt (in Booysen 1990: 7) bied die volgende omskrywing van die gesin: "Daardie groep mense wat gevorm word deur twee volwassenes van die teenoorgestelde geslag wat 'n goedgekeurde geslagtelike verhouding het, en die afhanklike kinders wat uit hierdie verhouding gebore word."

Die kerngesin is 'n leefeenheid van 'n man, vrou en kind(ers) wat 'n betreklik vaste leefgemeenskap vorm, waarin hulle gesamentlik aan aktiwiteite deelneem, samehorigheid ervaar en 'n eie gesinsidentiteit verwerf. Aan die basis hiervan lê 'n gevoel van lotsverbondenheid, 'n belewing van "onsheid," 'n wete van bymekaar hoort en 'n toewyding om verantwoordelikheid vir mekaar te dra (Angenent 1985: 19).

'n Gesonde en gelukkige gesinslewe is die "ruggraat van 'n volk" (Hoffman 1978: 171) en die grootste bate waaroor 'n volk ooit kan beskik. Dit verg inspanning om 'n gesin te omskep in 'n oord van geluk en 'n hawe van geborgenheid, waar die kinders beskerm en vertroetel word en vir die toekomstige lewe voorberei en toegerus word (Engelbrecht 1994: 25).

Die gesin is 'n klein groep waarin die lede herhaaldelik aangesig-tot-aangesig kontak met mekaar het. Aangesien hierdie groep klein genoeg is, kan die ouers se voorlewing akkuraat nageleef word, kan die kinders se vordering noukeurig dopgehou word en kan die nodige aanpassings betyds aangebring word (Engelbrecht 1994: 26).

Le Roux (1992: 6) verwys na die gesin as: "Die kleinste, mees basiese sosiale eenheid in die samelewing, verbind deur bloedverwantskap, huwelik of aanneming. Die samestelling van 'n gesin kan varieer vanaf 'n kinderlose egpaar, enkelouergesin, tot 'n egpaar met verskeie eie en/of aangenome kinders. Wat die

funksionele organisasie betref, kan die gesin varieer van 'n matriargale monogamie tot 'n patriargale poligamie."

Vir Pretorius (1998: 43) beteken die woord "gesin" eintlik "reisgeselskap." Die normale gesin bestaan uit 'n vader, moeder en kind(ers), en voltrek 'n intieme interaksie- of groepsgebeure wat as "gesinslewe" bekend staan. Die gesin is 'n kompleks van verhoudinge wat onderlinge verbande en invloede vertoon. Alle verhoudinge in die gesin sal onderling saamhang en mekaar beïnvloed. Die huweliksverhouding beïnvloed die verhouding van elk van die ouers ten opsigte van hul kinders, en ook die onderlinge verhouding van die kinders; die ouer-kindverhouding beïnvloed op sy beurt die huweliksverhouding. So ontstaan 'n veelvoudige wisselwerking of interaksie, 'n kompleks van verhoudinge wat maklik kan ontaard wanneer moeilikhede ontstaan.

Die volgende definisie van die gesin word deur Barnes (1984: 10) gebied: "The primary social group into which individuals are born and upon which they initially depend for nurture and for the physical and psycological protection, offered by intimate relationships."

Snyman (1992: 22) omskryf die begrip "gesin" as "ouers met kinders" en "familie" as "... huisgesin of groep verwante en aangetroude persone wat saam 'n min of meer hegte eenheid van bloedverwantskap vorm." Alle verhoudinge in die gesin sal onderling saamhang en mekaar wederkerig beïnvloed (Swart 1987: 137). Sodanige verhoudinge is emosioneel van aard en berus op bepaalde emosionele faktore (Du Toit, Steyn en Rip 1981: 57). Volgens Meintjies (1994: 29) word die kwaliteit van die kind se persoonlikheidsontwikkeling medebepaal deur die kwaliteit van sy gesinslewe.

Uit die definisie van Elkin en Handel (1989: 32-36) kom vier aspekte rakende gesinsfunksies duidelik na vore, naamlik:

- versorging en sosialisering van die kinders;
- die handhawing van 'n atmosfeer van emosionele sekuriteit en groei;
- die daarstelling van 'n geloofsisteem waarvolgens norme en waardes ontleen word; asook
- die skepping van 'n plek vir ontspanning en herstelling van eksterne spanning.

Die volgende insiggewende definisie van die gesin word deur Brown, Harper en Strivens (1986: 182-183) verskaf. 'n Gesin:

- bied die ervaring van persoonswarmte, liefdevolle, intieme en konsekwent-betroubare verhoudinge (ek-jy-verhouding);
- verseker die fisiese en materiële voorsiening en versorging, gesondheid en veiligheid van sy lede;
- erken sy taak met betrekking tot die sosialisering van kinders, bevordering van hul persoonlikheidsontwikkeling en vermoëns, begeleiding van hul gedrag en beïnvloeding van hul waardes en norme;
- bied samewerking met die skool en die wyer gemeenskap in die voorsiening van onderwys- en leerervaring; asook

- bied ondersteuning aan die kinders in hul verwerwing van onafhanklikheid en hul vestiging van 'n eie huwelik en gesinslewe (vgl. ook Gerdes 1988: 227).

Duvall en Miller (1985: 8-9) beskou die gesin as een van die min plekke waar komplementerende eerder as kompeterende verhoudinge vertroetel en geniet kan word. Die gesin voorsien aan die kind 'n plek in die samelewing en is ook verantwoordelik vir die sosialisering van die kind. Die gesin is 'n koesteringsinstituut met die sleutelfunksie van koesterende sosialisering.

Die gesin is 'n oefenskool vir die lewe; dit is lewensoriëntasie in die kleine met die kind se optimale persoonlikheidsontwikkeling ten doel (Meintjies 1994: 31).

Lewis (1991: 137) vat die waarde van die gesin soos volg saam:

- Die gesin is 'n onlosmaaklike deel van God se plan vir die mens. Wanneer van dié plan afgewyk word, word diegene wat daarby betrokke is, die slagoffers van 'n magdom sielkundige en sosiologiese probleme.

- Die gesin is die bron van elke gesinslid se sekuriteit, identiteit en die gevoel dat hy iewers behoort. Dit is die plek waar die gesinslede 'n sin vir waardes, doelgerigtheid en 'n spesifieke eindbestemming ontwikkel.

- Gesinswaardes en persoonlike identiteit kan slegs in gesinsverband oorgedra word. 'n Kind wat sonder hegte gesinsbande grootword, vind dit as volwassene moeilik om betekenisvolle persoonlike en gesinsverhoudinge te handhaaf (vgl. Kriel 1996: 5).

In die situasie van "opvoeding in saamlewe" word "leer saamlewe" en "opvoeding tot saamlewe" voltrek en word die kind vir sy latere sosiale lewe voorberei. Liefde, vriendskap, offervaardigheid, pligsbesef, getrouheid, verdraagsaamheid en samewerking word hier verwerklik, maar ook aggressie, isolasie, teensin, konflik, wrewel, botsinge en wrywinge (Pretorius 1998: 44).

1.2.3 'n Sosiopedagogiese ondersoek

"Die Sosiopedagogiek is die belangrikste wetenskap van die toekoms." Dit is merkwaardig dat hierdie woorde 'n aantal jare gelede deur 'n spreker gebesig is by die ingebruikneming van een van die belangrikste natuurwetenskaplike prestasies van alle tye: die groot sterrewag by Mount Palomar in Kalifornië, VSA (Pretorius 1998: 1).

Die Sosiopedagogiek bestryk 'n duidelik-afgebakende terrein binne die Pedagogiek. Dit gaan om die bestudering van die sosiale lewe van die kind in opvoeding, en die verband tussen opvoeding en samelewing (opvoeding in sosioverband). Die opvoedingsverskynsel is die vertrekpunt en fokus van studie en navorsing in die Sosiopedagogiek (Pretorius 1998: 3).

'n Sosiopedagogiese ondersoek impliseer by uitstek 'n fokus op die sosiaal-maatskaplike lewe van die gesin, waarsonder 'n toereikende deurskouing van die verband tussen opvoeding en samelewing nie moontlik sou wees nie (Kriel 1996: 25).

1.2.3.1 Sosiopedagogiek as selfstandige deeldissipline van die Pedagogiek

Sosiopedagogiek funksioneer as selfstandig-volwaardige deelwetenskap van die Opvoedkunde, naas die ander deelwetenskappe soos die Fundamentele Pedagogiek, Historiese Pedagogiek, Vergelykende Pedagogiek en Didaktiese Pedagogiek (Kriel 1996: 26).

Elke wetenskap baken 'n aanwysbare ondersoekgebied uit die ganse werklikheid vir teoretiese besinning af. As praktykgerigte wetenskap moet die Sosiopedagogiek ook voldoen aan die eis van wetenskaplikheid, waar die klem val op wetenskaplike arbeid, besinning of metodiek (Meintjies 1994: 36). Die opvoedingsdoelstelling vanuit sosiopedagogiese perspektief is gevolglik die sosiaal-maatskaplike beweeglikheid van die kind, wat sinvolle deelgenootskap en sosiale toekomsgereedheid rakende die samelewing impliseer (Botha 1977: 39).

Volgens Le Roux (1992: 19) is die benaming "Sosiopedagogiek" etimologies van drie woorde afgelei, naamlik:

- sociare (Latyn = saamlewe)
- pais (Grieks = kind)
- agogein, agein (Grieks = lei, begelei, leiding).

Afgelei uit bogenoemde betekenisse dui die samestelling "Sosiopedagogiek" derhalwe op die wetenskap wat 'n studie maak van die begeleiding van die kind ten opsigte van die sosiale

(Pretorius 1994: 4). Dit bestudeer dus die sosiale lewe van die kind in opvoeding (vgl. Le Roux 1992: 18-19).

1.2.3.2 Die funksie van die Sosiopedagogiek

Volgens Pretorius (1998: 2) gaan dit in die Sosiopedagogiek hoofsaaklik om twee wesenskenmerke van die mens, naamlik dat hy 'n wese is wat opvoed, en die feit dat die mens 'n sosiale wese is, wat nie kan bestaan sonder om aan 'n samelewing te behoort nie.

Die feit dat die mens 'n sosiale wese is, maak hom beïnvloedbaar en opvoedbaar. Vanuit 'n sosiopedagogiese perspektief beskou, is die opvoedingsdoel gesosialiseerdheid of sosiaal-maatskaplike beweeglikheid, en die gebeure waardeur dit bereik word, is sosialisering of sosiaal-maatskaplike beweeglikwording (Meintjies 1994: 38).

Volgens Pretorius (1993: 5) is Sosiopedagogiek 'n deurskouing van die verband tussen opvoeding en samelewing, om daardeur 'n meer gedifferensieerde, inhoudryker insig te verkry van:

- volwassenheid;
- die weg daarheen; asook
- die hulp met volwassewording (opvoeding).

Le Roux (1992: 19) beskryf die funksie van die Sosiopedagogiek tweeledig, naamlik die bestudering van:

- die sosiale lewe van die kind in opvoeding; asook
- die verband tussen opvoeding en die samelewing.

Skematies kan die benaming en funksie van die Sosiopedagogiek soos volg gevisualiseer word (Pretorius 1998: 3):

FIGUUR 1.1

SKEMATIESE VOORSTELLING VAN DIE BENAMING EN FUNKSIE VAN DIE SOSIOPEDAGOGIEK



1.2.3.3 Die Struktuur van die Sosiopedagogiek

Tot dusver is aangedui dat:

- die Sosiopedagogiek die verband tussen opvoeding en samelewing in alle moontlike samelewingsvorme bestudeer;
- die huidige sosiale struktuur gekompliseerd en dinamies vertoon; asook
- die kind in verskillende samelewingsvorme opgevoed word om die intiemste en saaklikste sosiale verhoudinge en situasies te kan hanteer (Pretorius 1998: 4).

Vanuit 'n sosiopedagogiese perspektief is die opvoedingsdoel dié van gesosialiseerdheid of sosiaal-maatskaplike beweeglikheid, en die gebeure waardeur dit bereik word dié van sosialisering of sosiaal-maatskaplike beweeglikwording. Die toereikend gesosialiseerde persoon sal as volwassene

- werklik sinvol deelneem aan die samelewing;
- beweeglik wees in die samelewing; asook
- veranderinge in die samelewing kan verwerk (gereed, weerbaar en paraat daartoe wees) (Pretorius 1998: 5).

1.2.3.4 Sosiopedagogiese begrippe

Vanuit 'n sosiopedagogiese perspektief beskou, is die opvoedingsverskynsel steeds die vertrek- en fokuspunt van die

studie. Die opvoedingsverskynsel is egter kompleks en word derhalwe vanuit verskillende perspektiewe belig (Kriel 1996: 27). Die Sosiopedagogiek het naas ander deelwetenskappe ten doel om die essensies van die opvoedingsverskynsel deur middel van sy kategorieë of begrippe vanuit sy besondere perspektief te verhelder (Nortjé 1993: 9). Sodanige begrippe beskryf en verklaar die essensies van die sosiale lewe van die kind in opvoeding. Pretorius (1998: 6) onderskei die volgende sosiopedagogiese begrippe:

(i) ek-jy-verhouding
(ii) opvoeding (styl)
(iii) kommunikasie
(iv) sosiale lewe
(v) sosialisering
(vi) selfaktualisering
(vii) identiteit en selfkonsep
(viii) sosiaal-maatskaplike oriëntering
(ix) behoeftevervulling in sosiale verband
(x) sosiale milieu
(xi) persoonlikheid

Elkeen van bogenoemde sosiopedagogiese begrippe word vervolgens kortliks ontleed en bespreek.

(i) Ek-jy-verhouding

Volgens Pretorius (1998: 7) is die ek-jy-verhouding een van die mees fundamentele verhoudinge in die kinderlike (menslike) bestaan; dit is die basis van alle sosiale lewe en ook van alle opvoeding. Dié grondverhouding tussen ouers en kinders word beskryf as die sogenaamde "sympatheia", die belewing van gevoelsmatige kom-

munikasie, die ken van die mens as medemens. Die "sympatheia" stel die kind in op die medemens en maak omgang moontlik; dit predisponeer die kind tot beïnvloedbaarheid en gevoeligheid vir ander; dus tot vatbaarheid vir leiding. Die sosialiteit waarborg derhalwe die opvoedbaarheid van die kind (Gillmer 1992: 15).

Le Roux (1992: 5) omskryf die ek-jy-verhouding as die fundamentele opvoeder-kind verhouding wat dien as opvoedingsbasis en opvoedingsvoorwaarde en ".... gekenmerk word deur intieme emosionele toesegging, persoonsgerigte dialoog, koestering, veiligheidsbelewing, betoonde liefde en wederkerige toegeneentheid." Die essensie van die ek-jy-verhouding is dus gevoelsmatige kommunikasie, naamlik liefde, persoonswarmte, koestering (Kriel 1996: 29). In 'n toereikende ek-jy-verhouding is liefde primêr die belewing van die opvoeder, terwyl 'n gevoel van veiligheid primêr die belewing van die kind is (Pretorius 1998: 7). Veiligheid is 'n grondvoorwaarde vir die bestaan van die kind; dit is sy allesoorheersende lewensbehoefte.

Die ek-jy-verhouding verwys meer spesifiek na die intieme gevoelsmatige verhouding tussen ouer en kind, wat gekenmerk word deur die gemeenskaplike gerigtheid op 'n gemeenskaplike doelstelling, naamlik die volwassewording van sodanige kind (Botha 1977: 29). Ouer en kind "waag dit met mekaar" in die sin dat hulle tot deelname aan die stigting van ek-jy-verhoudinge bereidwillig is (Angenent 1985: 92).

Beide die ouer en die kind is aanspreeklik teenoor mekaar vir dié ek-jy-verhouding. Dit gaan om saam-bestaan, saam ervaar en bemoeienis maak met die ander. Dit is 'n ontmoeting in egte liefde. In kommunikasie met die medemense in die kind se milieu kom die

"ek" tot ontplooiing en leer hy om dié onderskeid te tref (Meintjies 1994: 41).

Botha (1977: 19) verwys na die ek-jy-verhouding tussen ouer en kind as die deelname aan "pedagogiese onsheid." Sodanige verhouding word gekenmerk aan die feit dat die betrokkenes

- die een die ander se perspektief insien;
- buigsaam is in terme van die stel van redelike eise en verwagtinge aan mekaar;
- nie oormatig poog om mekaar te kontroleer nie;
- elkeen die ander vrylaat om homself te wees, asook
- mekaar ken: mense leer mekaar alleen deur onderlinge en selfonthulling ken (vgl. Pretorius 1993: 9).

Volgens Meintjies (1994: 42) beteken toereikende begeleiding van die kind tot optimale persoonlikheidsontwikkeling die koesterende opvoeding en koesterende sosialisering van die kind in intiem-persoonlike ek-jy-verhoudinge. Ouer en kind waag dit met mekaar in liefde in dié sin dat hulle tot die deelname aan ek-jy-verhoudinge bereidwillig is.

Die ek-jy-verhouding word gekoppel aan die intimiteitsmotief van die individu; sy intense behoefte aan betekenisvolle, intieme verhoudinge soos liefde, warmte, aanvaarding en intense, oop kommunikasie (Pretorius 1998: 9).

Indien die intieme ek-jy-verhouding tussen ouer en kind ontoereikend verwesenlik word, is dit dikwels vir die kind onmoontlik om die waardes en norme wat deur sy ouers aan hom voorgehou word, te aanvaar (Lintott 1993: 18). Dit is alleen binne 'n toereikende ek-jy-verhouding dat die kind geluk en welsyn sal beleef, en dat sy persoonlikheid op 'n verrykende wyse sal ontwikkel (Pretorius 1998: 9).

Daar gaan vervolgens in die onderhawige studie gepoog word om vas te stel in watter mate die ontoereikende verwesenliking van ek-jy-verhoudinge 'n invloed sal hê op die werklose en sy gesin. Die vraag ontstaan ook of werkloosheid 'n invloed sal hê op die ek-jy-verhoudinge in die gesin.

(ii) Opvoeding (styl)

Vanselfsprekend is die opvoedingsbegrip een van die basisbegrippe van die Sosiopedagogiek. Omdat die opvoedingstyl wat die opvoeder verwerklik, so 'n kragtige en betekenisvolle invloed op die kind se sosiale lewe, psigiese lewe en persoonlikheidsontwikkeling uitoefen, is die aangeleentheid van opvoedingstyle ook by uitstek in die Sosiopedagogiek ter sprake.

Opvoedingstyl is die wyse waarop die opvoeder opvoed. Volgens Meintjies (1994: 43) skep die ouer 'n klimaat wat die kind se persoonlikheidsontwikkeling kan bevorder of belemmer (vgl. Boyer 1990:5; Snyman 1992: 32). Opvoeding impliseer om die kind met sy volwassewording te help en te begelei (Pretorius 1990: 11; McCabe 1990: 182). By elke opvoedingstyl wat die ouer kan verwerklik, word die ek-jy-verhouding dus in 'n mindere of meerdere mate toereikend verwerklik.

Volgens Pretorius (1994: 11) gaan dit in die Sosiopedagogiek by uitstek om die opvoedingstyl wat die ouer, onderwyser en ander volwassenes in hul begeleiding van die kind verwerklik (vgl. Boyer 1990: 5; Snyman 1992: 32; Mc Cabe 1990: 182).

Le Roux (1992: 12) definieer opvoedingstyl as "...die gedrag, houding, dissiplinêre benadering of kommunikasiewyse wat opvoeders gebruik of demonstreer in verhouding tot kinders."

Opvoeding kan nie sonder kommunikasie verwerklik word nie. Die opvoedingstyl van die volwassene is dus in wese die styl van interpersoonlike kommunikasie wat hy met die opvoedeling verwerklik (Gillmer 1992: 16; Le Roux 1993: 10).

Die konsep "opvoedingstyl" word deur Plug, Meyer, Louw en Gouws (1989: 253) gedefinieer as die tipiese wyse van opvoeding en toepassing van dissipline wat ouers teenoor hul kinders gebruik. Volgens bogenoemde outeurs word daar onderskei tussen outoritêre, demokratiese en permissiewe ("laissez-faire") opvoedingstyle. Die opvoedingstyl aan die hand waarvan 'n kind opgevoed word, vertoon 'n beduidende invloed op die kind se persoonlikheidsontwikkeling (Smith 1988:155-176).

Vervolgens word die volgende opvoedingstyle onderskei:

- **outokratiese (posisionele) opvoedingstyl:** Die ouers is posisiegerig (gerig op die duidelik onderskeibare posisies van die vader, moeder en kind), outokraties, star en onbuigsaam. Die kind van ouers met 'n outokratiese opvoedingstyl se selfkonsep is laag (Meintjies 1994: 44; Pretorius 1998: 9).

- **permissiewe opvoedingstyl ("laissez-faire"):** Die ouers is volgens Kriel (1996: 31) oortoegeeflik, nie-bestraffend, oormatig aanvaardend en oormatig buigsaam (vgl. Pretorius 1994: 11; Le Roux 1993: 10). Die ouer is 'n pion in sy kind se hande (Bester 1985: 29; Pretorius 1993: 10). Die kind van permissiewe ouers ervaar gevoelens van onsekerheid en onveiligheid. Die kind gaan gebuk onder 'n negatiewe selfkonsep (Meintjies 1994: 44).

- **personale (demokratiese) opvoedingstyl:** Dié ouers is persoongerig (gerig op die welsyn van die kind as persoon, demokraties, buigsaam) (vgl. Wielemans 1984: 69). Dié ouertipe kan getipeer word as die kom-ons-doen-dit-saam-ouer (Meintjies 1994:43). Die kind van ouers met 'n demokratiese opvoedingstyl vertoon 'n positiewe selfkonsep (Pretorius 1998: 10).

Ouers voed hul kinders verskillend op. Die volgende faktore beïnvloed die opvoedingstyl van die ouer (Hamachek 1987: 208-217):

- Die ouer se vorige opvoedingservaringe met sy eie ouers;
- die ouer se persoonlikheid;
- die kind se persoonlikheid; asook
- die ouer se sosio-ekonomiese posisie in die samelewing.

b14306347
i15694489

By elk van die opvoedingstyle wat die ouer kan verwerklik, word sosiopedagogiese essensies in 'n mindere of meerdere mate toereikend verwerklik. By die gunstige opvoedingsgedragspatrone van ouers (byvoorbeeld demokratiese opvoeding) sal die volgende sosiopedagogiese essensies toereikend verwerklik kan word: ek-jy-verhouding, kommunikasie, sosialisering, selfaktualisering, selfkonsep en behoeftevervulling (Le Roux 1998: 5).

Die vraag ontstaan dus in welke mate die realisering van 'n geslaagde of minder geslaagde opvoedingstyl 'n effek sal vertoon op die gesin waarvan die broodwinner sy/haar werk verloor het, en of die werkloosheid van die ouer 'n invloed vertoon op die opvoedingstyle wat in die gesin voltrek word.

(iii) Kommunikasie

Die konsep "kommunikasie" word deur Plug et al. (1989: 183), asook Le Roux (1994: 8) omskryf as die oordra van inligting van een persoon na 'n ander deur middel van een of ander stelsel van simbole en/of tekens. Dit is terselfdertyd 'n interaktiewe gebeurtenis, aldus Meintjies (1994: 45).

Kommunikasie is die interaktiewe proses waardeur gedagtes, menings, gevoelens of inligting van een persoon na 'n ander oorgedra word met die bedoeling om te beïnvloed, of reaksie te ontlok. Dit kan deur verbale en/of nie-verbale simboolsisteme geskied, aldus Le Roux (1992: 8).

Volgens Kriel (1996: 32) is die begrip "kommunikasie" afgelei van die Latynse woord "communico" wat afgelei is van die stamwoord

"communis" waar "com" = "saam" en "minus" = "tot diens" en "verplig voel tot dienslewering" beteken (vgl. Kritzinger 1986: 329-330).

By kommunikasie is daar altyd 'n afsender met 'n boodskap en 'n ontvanger, wat die boodskap interpreteer (Pretorius 1994: 12). Wanneer die afsender sy boodskap verkeerd oordra of die ontvanger dit verkeerd interpreteer, is daar sprake van opvoedingsbelemmerende diskommunikasie (Kriel 1996: 33).

Pretorius (1993: 12) maak die stelling dat kommunikasiebevorderende/belemmerende faktore terselfdertyd opvoedingsbevorderende/belemmerende faktore verteenwoordig (Meintjies 1994: 45). Dit wat die kontak tussen ouer en kind belemmer, belemmer derhalwe ook die opvoeding van die kind. Slegs deur kommunikasie met sy medemens kan die kind tot optimale persoonlikheidsontwikkeling kom.

'n Noukeurige ontleding van die groot aantal definisies van kommunikasie wat in die literatuur aangetref word, toon dat kommunikasie 'n proses of handeling is wat tussen verskillende mense plaasvind. Kommunikasie is 'n doelbewuste proses. Dit geskied intensioneel. Intensioneel verwys nie alleen na die een party, die sender, nie. Die ander party, die ontvanger, is ook gerig, intensioneel ingestel op die gebeure. Kommunikasie kan dus omskryf word as die doelbewuste poging van minstens twee mense tot vergemeenskapliking van betekenis (Marais en Nieuwmeijer 1990: 6-7).

Egte kommunikasie is slegs moontlik in die ontmoeting van twee deelgenote wat in 'n ek-jy-verhouding tot mekaar staan waar die een die ander nie as objek nie, maar as medesubjek beskou; waar

wedersydse agting spruit uit volwaardige en gelykwaardige deelgenootskap aan so 'n ontmoeting (Kriel 1996: 33). Iemand wat weet hy word aanvaar, sal bereid wees om hom vir die ander oop te stel.

"Deur sy medemens word die mens eers regtig mens. Wat die mens is en behoort te word, ervaar hy ... slegs deur kommunikasie, aldus Hugo (1971: 26). Opvoedingskommunikasie beteken dus dat die opvoeder en kind elk die wêreld van die ander betree; daar onstaan 'n gemeenskaplike wêreld (Pretorius 1982: 18).

Kommunikasie met die ouer bied aan die kind:

- geborgenheid;
- die geleentheid om die sin van die lewe te ontdek;
- iemand wat vir hom iets beteken; asook
- voldoening aan die mens se basiese sosiale nood (Kruger 1984: 36).

Kommunikasie is die sentrale begrip in die Sosiopedagogiek, omdat geen sosiopedagogiese essensie sonder kommunikasie tussen mense verwerklik kan word nie. Die mens kan nie ontwikkel of bestaan sonder kommunikasie nie. Die opvoeder kan nie opvoed sonder kommunikasie nie. Die kind kan alleenlik in kommunikasie met die medemens 'n eie identiteit verwerf en 'n selfkonsep vorm (Le Roux 1998: 5-6).

Die kommunikasiebegrip word in Figuur 1.2 geïllustreer:

KOMMUNIKASIE

FIGUUR 1.2

- kommunikasie = meedeling
- vgl. Communicare (Latynse ww. = meedeel)
- kommunikeer = meedeel met die intensie om te beïnvloed; om iets gemeenskaplik te laat word

Wesenlike intermenslike kontak en interaksie →

← beïnvloeding

eise en verwagtinge

self-iemand-wil-wees

- emosie	- mag
- buigsaamheid	- erkenning
- begryping	- ontmoeting
- gesprek	- waardes
- intersubjektiwiteit	- distansie

afsender (bedoeling) → Boodskap (sê of doen) → Ontvanger (interpretasie)

Kommunikasie is:
- onvermydelik
- kontinu
- wederkerige beïnvloeding

- Kommunikasie ontvou horisontaal en vertikaal
- Kommunikasie is verbaal en nie-verbaal
- Kommunikasie is voorwaarde vir
  - Opvoeding
  - sosiale lewe
  - sosialisering
  - selfaktualisering
  - selfkonsepvorming

Die nie-verbale simboolsisteme is volgens Lintott (1993: 20) vir die adolessent van groot belang, aangesien hy die stadium van sy lewe betree waartydens hy hom distansieer van die norme, waardes en optrede van sy opvoeders en krities daarna begin kyk. Olson (1984:90) som dié situasie soos volg op: "Your actions are yelling as loudly, I can't hear a word you're saying."

Die vraag ontstaan dus in hoeverre die toereikende/ontoereikende verwerkliking van kommunikasie in die opvoedingsituasie kan bydra tot positiewe/negatiewe gedrag in die gesin van die werklose broodwinner. Voorts word die effek van werkloosheid op gesinskommunikasie ondersoek.

(iv) Sosiale lewe

Die kind moet met sy sosiale lewe begelei word. Die sosiale lewe het sy oorsprong in die gesinslewe, asook in interpersoonlike verhoudinge (vgl. Meintjies 1994: 49).

Die begrippe "sosio" en "sosiale" word deur Pretorius (1998: 14) soos volg verklaar:

"Sosio":

- mense in verhouding tot mekaar (intiem, persoonlik, sosiaal publiek);
- om te deel met;
- om te verenig met (gemeenskap of samelewing);
- deelgenoot, lotgenoot, bondgenoot;

- kommunikasie tussen mense; asook
- alle verskynsels van saamlewe en saamwerk.

"Sosiale"

- die sosiale gedrag van die individu (sosiale gedrag);
- interpersoonlike verhoudinge (sosiale verhoudinge); asook
- die sosiale aspek van die samelewing as 'n geheel (die sosiale totaliteit).

Die kind se volwassewording word gevolglik bepaal en beïnvloed deur sy lewe in opvoedingsituasies en deur sy lewe in saamleef-situasies (Gillmer 1992: 21). Die taak van die gesin is derhalwe om die kind se toetrede tot die sosiale werklikheid te begelei, maar dit is terselfdertyd die taak van die gesin om rekening te hou met die aard van die sosiale werklikheid waarheen die kind op pad is (Meintjies 1994: 49).

Die effek van die sosiale lewe van die kind in die gesins- en gemeenskapslewe word in die Presidentsraadverslag (1987: 34) soos volg beskryf:

- Dit wat met die ouer gebeur en die wyse waarop die gesin bestaan en leef, het 'n onuitwisbare invloed op die vorming van die kind.

- Die morele standaarde wat in 'n gemeenskap gehandhaaf word, speel 'n belangrike rol in die vernuwing van die jeug wat daar opgroei. Daar bestaan 'n wisselwerking en korrelasie tussen swak morele standaarde in die samelewing en afwykende gedragsverskynsels.

Die kind word dus in die gesin primêr geleer om die sosiale werklikheid te betree. In die gesin moet die kind voorberei word vir die sosiale verhoudinge wat hy moet stig, maar moet terselfdertyd tot die besef gebring word dat ouers en gesinslede tot 'n groter gemeenskap behoort (Harmse 1980: 69).

Die aangeleentheid van die sosiale lewe van die individu in die moderne samelewing het problematies geword. Dit word 'n al hoe moeiliker opgawe om die kind in die komplekse en snel-veranderende moderne samelewing op te voed, en ook om hom toereikend te sosialiseer, sodat hy sinvol in 'n ingewikkelde en veranderende maatskappy sal kan inpas (Le Roux 1998: 8).

Indien daar op die sosiale lewe gefokus word, ontstaan die vraag of die ontoereikende verwerkliking van die kind se sosiale lewe 'n uitkoms is van 'n gesin waar die vader sy werk verloor het.

(v) Sosialisering

Opvoeding behels ook dat die kind met sy sosialisering begelei sal word. Die kind moet sodanig opgevoed word, dat hy eendag as volwassene in alle sosiale verbande toereikend met sy medemens sal kan saamlewe (vgl. Pretorius 1993: 14). Die kind word dus die

geleentheid gebied om onder begeleiding van die ouer geleidelik by die samelewing in te skakel (Meintjies 1994: 50).

Die kind kry geleentheid (byvoorbeeld in die intiem-persoonlike gesinskring) om onder begeleiding van die opvoeder sy sosiale lewe te oefen (Pretorius 1998: 15). Dit impliseer opvoeding tot saamlewe, of te wel sosialisering.

Sosialisering word deur Gordon en Browne (1989: 412) beskryf as die proses waardeur die kind leer watter gedrag aanvaarbaar is en wat deur die samelewing van hom verwag word. Sodanige waardes word van geboorte af deur die gesin en gemeenskap aan die kind voorgehou en moet mettertyd deur die kind beheers word.

Volgens Van Rensburg en Landman (1986: 193) dui sosialisering op die handelinge waardeur 'n individu gevorm word onder invloed van waardes en norme wat geld in die samelewing waarvan hy lid is. Chetwynd en Hartnett (1978: 18) beskryf sosialisering as die oordrag van gedrag, rolle, houdings en waardes van een generasie na 'n volgende.

Le Roux (1992: 18) beskou sosialisering soos volg:
"Die komplekse, lewenslange sosiale leerproses waarvolgens die individu opgevoed word tot aktiewe betrokkenheid, samewerking, verhoudingstigting en sosiale funksionering in die samelewing. Dit geskied deur die oordrag van waardes, tradisies, sosiaal-aanvaarbare gedragswyses, rolverwagtinge, houdinge en morele standaarde van 'n bepaalde samelewing van een generasie na 'n volgende."

Sosialisering het betrekking op gebeure waardeur die mens(kind) kultureel verander en aanpas, die sosiaal-maatskaplike beweeglikwording van 'n kind, op hulp wat hy in dié verband ontvang, asook die veranderinge wat hy ondergaan om by die samelewing in te skakel (Meintjies 1994: 50).

Sosialisering impliseer volgens Pretorius (1998: 15):

- die inlei van die kind in die samelewing;
- die wek van 'n positiewe houding teenoor die medemens; asook
- die wek van 'n verantwoordelikheidsbesef (sosiale gewete) (vgl. Le Roux 1993: 14; Van der Zanden 1979: 154; Ripple, Biehler en Jaquish 1982: 232-234).

Pretorius (1998: 17-18) lig die konsep "sosialisering" skematies soos volg toe:

FIGUUR 1.3

SOSIALISERING

- Sosiaal-maatskaplike beweeglikwording (ten opsigte van intieme én saaklike verhoudinge).

- Leer saamlewe (leer kommunikeer, leer gedra)

- OORDRAG VAN:

  - waardes (ook pro-sosiale waardes)
  - kennis
  - norme (leefreëls)
  - kultuur
  - sosiale houdinge

- VERWERWING VAN:

  - sosiale vaardighede
  - deelgenootskap aan (die) samelewing

- WEK VAN:

  - sosiale gewete

    Sosialisering word slegs in kommunikasie met die medemens voltrek.

Die asosiale kind word mettertyd 'n gesosialiseerde volwassene

Aangesien werkloosheid soms tot drastiese veranderinge in gesinsrolle kan lei, en dus die kind se sosialisering kan beïnvloed, gaan daar in die onderhawige studie gepoog word om vas te stel tot watter mate die werkloosheid van 'n ouer die sosialisering van die gesin beïnvloed.

(vi) Selfaktualisering

Selfaktualisering word volgens Le Roux (1998: 10) om die volgende redes as een van die basisbegrippe van die Sosiopedagogiek voorgehou:

- dit gaan by die opvoeding en ontwikkeling van die kind by uitstek om sy selfaktualisering;
- die kind moet ook sy sosiale moontlikhede verwerklik;
- die kind kan alleenlik in kommunikasie met die medemens tot selfaktualisering kom;
- 'n betekenisvolle selfaktualisering van die kind word in die "rigting" van sy sosialisering voltrek, asook
- die selfaktualisering van die kind staan in noue verband met sy vermoë om ek-jy-verhoudinge te verwerklik.

Om 'n kind op te voed beteken ook om die kind met sy selfaktualisering te help en te begelei (Pretorius 1993: 15). Selfaktualisering is die neiging van die persoon om te handel en te ontwikkel ooreenkomstig sy beskouing van homself. By die grootwording en opvoeding van die kind gaan dit om die aktualisering (verwerkliking,

realisering) van sy gegewe moontlikhede, aldus Meintjies (1994: 54). Dit sluit die kind se fisiese, kognitiese, affektiewe, sedelike en sosiale moontlikhede in (Pretorius 1993:15).

Le Roux (1992: 15) beskou selfaktualisering as die doelbewuste gebeure waarvolgens 'n individu, ooreenkomstig sy selfkonsep, streef "...tot die optimale verwesenliking van sy potensiaal, talente en vermoëns. Dit is die daadwerklike handelinge om gegewe moontlikhede in sosiale situasies te realiseer." Selfaktualisering is derhalwe die persoon se hoogste psigiese behoefte om sy gegewe moontlikhede te verwerklik (Pretorius 1998: 18).

Selfaktualisering verwys gevolglik na die persoon se doelbewuste pogings om die latente potensiële moontlikhede van sy selfheid te aktualiseer (Meintjies 1994: 54). Ten einde behoorlike volwassenheid te verwerklik, het die kind die opgawe om sy moontlikhede optimaal te aktualiseer. Elke kind is "...wat hy is tot 'n groot mate vanweë die opvoedingshulp wat hy ontvang het of moes ontbeer," aldus Vrey (1979: 46). Volgens Pretorius (1993: 17) is die aktualisering van die self gesetel in die gebeure van kommunikatiewe interaksie tussen opvoeder en kind.

Optimale selfaktualisering is slegs moontlik indien die opvoeders die kind van sy moontlikhede bewus maak en positiewe verwagtinge aan die kind kommunikeer (Purkey 1970: 7).

Die volgende vier faktore, aldus Pretorius (1998: 19), genereer die kind se selfaktualisering:

- Doelgerigte betrokkenheid by 'n taak buite die self. So byvoorbeeld beteken die leerling se lerende betrokkenheid by die lessituasie vir hom selfaktualisering;

- voldoening aan die behoeftes van die kind: dit geskied veral in sosiale verband. Wanneer daar aan die kind se basiese behoeftes voldoen is, strewe hy na vervulling van die behoefte aan selfaktualisering;

- die gunstige verwerkliking van die selfdinamiek van die kind; asook

- kommunikasie met die medemens.

Die volgende vraag ontstaan:

Bestaan daar 'n beduidende verband tussen ouerlike werkloosheid en die ontoereikende selfaktualisering van kinders in die gesin?

(vii) Identiteit en selfkonsep

Volgens Pretorius (1993:17) is een van die belangrikste doelstellings van opvoeding om die kind te begelei tot die verwerwing van 'n positiewe selfkonsep en 'n eie unieke identiteit. Identiteitsverwerwing by die kind is by uitstek 'n sosiopedagogiese aangeleentheid, aangesien identiteit in kommunikasie met die medemens verwerf word en identiteit bepaal word deur die mate waarin die mens deur andere (sosiaal) erken word.

Pretorius (1998: 19) tref onderskeid tussen identiteit en selfkonsep: By identiteitsverwerwing gaan dit vir die opvoedeling om die vraag: "Wie is ek?" By selfkonsepvorming gaan dit egter om die vraag: "Hoe is ek?"

Die begrip "identiteit" word deur Plug et al. (1989: 150) omskryf as:

- 'n verkorte vorm vir identeitsgevoel en persoonlike identiteit; dit wil sê die gevoel van 'n persoon dat hy, ten spyte van tydsverloop en verandering wat daarmee gepaard gaan, dieselfde persoon bly; asook

- die gevoel van 'n persoon dat hy tot 'n groep mense, byvoorbeeld 'n volk of 'n ouderdomsgroep, behoort; dit wil sê dat hy in die belangrikste opsigte soos hulle is en dat hy hom met hulle vereenselwig (vgl. Meintjies 1994: 55).

Identiteit word deur Le Roux (1992: 7) beskou as "...die begrip, waardering of bewussyn van die self onderskeidend van ander. As antwoord op die vraag: 'Wie en wat is ek?' impliseer dit terselfdertyd: 'Wie en wat is ek deur die oë van ander mense?' Dit impliseer voorts die onderskeidende fasette binne die persoonlikheid."

Vervolgens definieer Le Roux (1994: 19) "identiteit" as die betekenis wat 'n persoon aan homself as persoon heg. Identiteitsvorming dra derhalwe daartoe by dat hy op 'n toenemend sinvolle en bevredigende wyse betekenis aan homself as persoon heg.

Vrey en Venter (1985: 100) omskryf die aard van die selfkonsep soos volg: 'n Persoon se idee van homself is van oorwegende

belang in sy betrokkenheid by situasies, take en persone wat vir hom van belang is, aangesien sy idee omtrent homself deurgaans sy optrede en denke monitor, asook die aard en intensiteit van betrokkenheid by elke gesitueerde aangeleentheid bepaal (vgl. Kriel 1996: 43).

'n Persoon se selfkonsep verteenwoordig derhalwe sy beskouing en evaluasie van homself. Dit sluit kognitiewe, emosionele en evaluatiewe elemente in. 'n Selfkonsep is gevolglik die somtotaal van al die sieninge wat 'n mens omtrent homself nahou (Meintjies 1994: 58).

Selfkonsep word gevorm in 'n eindelose wisselwerking van interaksies tussen die "ek" en die ander, waardeur die "ek" uit die reaksies van ander op sy gedrag geleidelik 'n selfkonsep vorm. Die "ek" word in gedrag, houdinge, vermoëns en waardes bepaal deur die kind se selfkonsep (Raath en Jacobs 1990: 6-7).

Die selfkonsep vertoon volgens Meintjies (1994: 60) drie belangrike eienskappe, naamlik:

- selfkonsep is modifiseerbaar en word aangeleer (nie aangebore nie);

- selfkonsep tree op as "gidsstelsel." Dit dien as 'n filter waardeur gebeurtenisse geïnterpreteer word; asook

- selfkonsep is veelfasettig: dit bevat drie komponente naamlik 'n algemene selfkonsep (wat die alledaagse gedrag bepaal), 'n akademiese selfkonsep (prestasies op akademiese gebied) en

'n nie-akademiese selfkonsep (inter-persoonlike verhoudinge, emosionele gesteldheid, fisiese eienskappe).

Purkey en Strahan (1986: 1) beklemtoon dat indien 'n kind homself as waardevol, verantwoordelik en bekwaam beskou, hy sodanig sal optree. Die kind met 'n positiewe selfkonsep sal bereid wees om te waag in 'n volwasse wêreld. Hy sal verantwoordelikheid aanvaar en toenemend bereid wees tot die uitbouing en verwesenliking van sy eie positiewe selfkonsep (Lintott 1993: 26).

Ferreira (1992: 80) wys daarop dat identiteitsonsekerheid en gebrekkige selfvertroue tot negatiewe selfevaluering by die kind lei. Wie twyfel aan homself, kan nie maklik tot selfaanvaarding kom nie, en dit lei tot ontvlugting van die werklikheid in 'n skynvolwassenheid. Volgens Gillmer (1992: 31) is dit wetenskaplik bewys dat kinders wat uit gesinne afkomstig is waar die opvoedingsomstandighede van so 'n aard is dat die kind se identiteitsverwerwing en selfkonsepvorming nie positief gedy nie, meer tot sosiaal-afwykende gedrag geneig is.

Werk is 'n verpligte aktiwiteit wat 'n mens se bestaan struktureer. Dus is dit noodsaaklik om te bepaal in hoeverre die werkloosheid van 'n persoon 'n effek op die verwerkliking van sy en sy gesinslede se identiteit en selfkonsep vertoon.

(viii) Sosiaal-maatskaplike oriëntering

Opvoeding behels onder andere ook om die kind met sy sosiaal-maatskaplike oriëntering te begelei, met ander woorde met sy plekbepaling tussen ander mense, asook in die breëre eietydse maatskaplike situasie (Pretorius 1993: 20). Hiervolgens word die kind opgevoed tot beweeglikheid in die samelewing en tot sedelike selfstan-

dige keuses ten opsigte van sosiaal-maatskaplike norme en sosiale groeperinge. Begeleiding van die kind en jeugdige deur die ouers, help om sy plek in die samelewing te bepaal en om antwoorde te vind op vrae soos: "Wat is my plek in die samelewing?"; "Waar pas ek in?"; "Wat word van my verwag?" (Meintjies 1994: 63).

Die Engelse woord "orient" dra die oorsponklike betekenis van "ooste" of "plek" en die begrip "oriëntering" beteken dat iemand in die korrekte posisie, plek of verhouding ten opsigte van 'n onbekende omgewing geplaas word.

In die samestelling "sosiaal-maatskaplik" dui "sosiaal" op die feit dat die kind sy plek tussen ander mense moet bepaal - in verhouding tot ander persone; "maatskaplik" dui op die feit dat hy ook sy eie unieke posisie in die breëre maatskappy moet bepaal, om dáár 'n konstruktiewe bydrae te lewer (Le Roux 1998: 11).

Le Roux (1992: 16) beskou derhalwe sosiaal-maatskaplike oriëntering as die gebeure "...waarvolgens die individu sy plek of posisie in sosiale situasies, asook in die samelewing as geheel bepaal, ten einde te weet wat sy pligte, regte en verantwoordelikhede is in sowel verhoudinge as die totale sosiale samelewing."

Die adolessent doen nuwe, allerbelangrike ontdekkings, aldus Pretorius (1998: 26):

- Hy ontdek dat hy onverbreeklik by die ander hoort; dat die saamwees van mense sin het - dit is die "geboorte" van die kind se sosiale gevoelens.

- Hy ontdek die sosiale betekenis van godsdiens, en dit lyk of hy die godsdienstige individualisme van die puberteit vir goed afgelê het. Uit die ervaring van menslike beperktheid, nietigheid en skuld groei die begrip van die sosiale sy van die godsdiens.

- Hy ontdek die liefde in sy hoogste vorm, die wonderlik-verhewe hetero-simpatiese begryping (met die gepaardgaande oorgawe van sigself).

- Hy ontdek geestelik die arbeid, die daaglikse lewe in sy nederige realiteit, in sy erns en in sy kosbaarheid. Dit word vir hom duidelik hoe onseker die lewe is en die angs, sorg en eentonigheid word openbaar (Perquin).

Faktore wat die kwaliteit van die kind se sosiaal-maatskaplike oriëntering bepaal, is volgens Meintjies (1994: 63), Botha (1977: 32-34) en Pretorius (1998: 27):

- Die kind se gegewe persoonstruktuur: die kind se aangebore moontlikhede moet met behulp van die ouer verwerklik word, sodat hy toenemend maatskaplik beweeglik kan word.

- Die gehalte van die opvoeding: hoe toereikend word die kind begryp en gesteun in dié verband?

- Ruimte en tyd wat tot die kind se beskikking gestel word: geleentheid vir die kind se letterlike uitgaan na en verkenning van die sosiale werklikheid, byvoorbeeld deur spel en speelmaats, voldoende tyd om spontaan met ander kinders en ook met volwassenes om te gaan.

Dit is die taak van die ouers om hul kind(ers) te begelei tot verantwoordelike keuses en stellingname ten opsigte van 'n spektrum alternatiewe eties-morele norme en waardes.

Daar gaan vervolgens in die onderhawige studie gepoog word om vas te stel in watter mate werkloosheid van die ouer die sosiaal-maatskaplike oriëntering van die kinders in die gesin kan beïnvloed.

(ix) Behoeftevervulling in sosiale verband

Opvoeding behels voorts ook om die kind met die vervulling van sy behoeftes te begelei. Persoonlike behoeftes van die kind kan slegs in kommunikasie met sy medemens bevredig word (vgl. Pretorius 1993: 21).

Le Roux (1992: 4) definieer behoeftevervulling in sosiale verband as, "...die proses waardeur die kind se behoeftes in opvoedingsituasies kommunikatief bevredig word. Aangesien behoeftes dikwels sosiaal gemotiveerd is en die kind in sosiale situasies opgevoed word, geskied behoeftevervulling, as deel van die opvoedingsproses, in sosiale verband."

Deur Maslow se behoeftehiërargie as basis te gebruik, verduidelik Pretorius (1998: 28-29) dat die behoeftes van die kind soos volg vervul word:

- Sy fisiese behoeftes word vervul deur die liefdevolle versorging wat die kind in ek-jy-verhoudinge ervaar.

- Die veiligheidsbehoefte word vervul deur die betoonde liefde wat die kind ervaar; die gevoel van veiligheid word interpersoonlik aan die kind gekommunikeer. ("Did you hug your child today?")

- Die sosiale behoeftes van die kind word op sy beste in ek-jy-verhoudinge vervul. Alle mense toon 'n behoefte aan aanvaarding, warmte en toegeneentheid.

- Ek-behoeftes word vervul wanneer ander mense erkenning, goedkeuring en agting vir sy gedrag en prestasies aan die kind kommunikeer. Die behoefte aan goedkeuring is by uitstek 'n sosiaal-affektiewe behoefte. Dwarsboming daarvan wek gevoelens van minderwaardigheid, swakheid en 'n negatiewe selfkonsep.

- Selfaktualiseringsbehoeftes van die kind word slegs in kommunikasie met die medemens vervul. Dit sluit die behoefte om te weet en te verstaan in (vgl. ook Möller 1993: 231; Pretorius 1993: 23; Meintjies 1994: 65).

Die behoeftehiërargie van Maslow kan visueel soos volg in Figuur 1.4 voorgestel word (vgl. Pretorius 1998: 28):

FIGUUR 1.4

BEHOEFTE AAN SELFAKTUALISERING

- Om jou moontlikhede optimaal te verwerklik
- om te weet en te verstaan

"Hoogste" behoeftes of Groei-behoeftes

EK-BEHOEFTES

- aan agting, erkenning, prestige, status

SOSIALE BEHOEFTES

- aan liefde, aanvaarding, versorging
- aan medemenslike kommunikasie en sosiale lewe
- om te behoort

VEILIGHEIDSBEHOEFTE

- aan veiligheid, geborgenheid, gerustheid, beskerming

FISIESE BEHOEFTE

- aan suurstof, water, voedsel, rus, ens.

Basiese behoeftes of Gebreks-behoeftes

In sy humanistiese teorie beklemtoon Maslow die individu se strewe om sy volle potensiaal te ontwikkel. Menslike gedrag verteenwoordig veral 'n strewe om behoeftes te bevredig. Menslike behoeftes is hiërargies - dit beteken dat laer-orde behoeftes eers toereikend vervul moet word voordat hoër-orde behoeftes die individu se gedrag kan beïnvloed. Wanneer fisiese- en veiligheidsbehoeftes toereikend vervul is, word sosiale behoeftes belangrik. Ek-behoeftes sluit eiewaarde-gevoelens, sowel as die agting van ander persone, soos erkenning, respek en status, in. Hierdie behoeftes word gemanifesteer in eienskappe soos prestasie, onafhanklikheid en bekwaamheid. Die hoogste behoefte of groei-behoefte is die behoefte aan selfaktualisering - om jou potensiaal te vervul; om te word wat jy kan word. Gedrag word hier nie deur 'n gebrek gemotiveer, soos by gebreksbehoeftes nie, maar eerder deur 'n strewe na persoonlike groei:

"Healthy people have sufficiently gratified their basic needs for safety, belongingness, love, respect and self-esteem so that they are motivated primarily by trends to self-actualization (defined as ongoing actualization of potentials, capacities and talents, as fulfilment of mission as a fuller knowledge of, and acceptance of, the person's own intrinsic nature, as an unceasing trend toward unity, integration or synergy within the person)" (Maslow 1970: 25).

Hoedanig 'n kind se ouers op sy behoeftes reageer, hul gedrag jeens hom in terme van aanvaarding of verwerping; koestering of afwysing, versorging of verwaarlosing, speel 'n deurslaggewende rol ten opsigte van sy persoonlikheidsontwikkeling, aldus Knopf (1984: 369).

Tereg kan gevra word:

Hoedanig kan die werkloosheid van die ouer die kind se behoeftevervulling in opvoedingsverband beïnvloed?

(x) Sosiale milieu

Opvoeding word altyd in 'n sosiale milieu voltrek. Volgens Odendal, Schoonees, Swanepoel, Du Toit en Booyse (1994: 665) dui die konsep "milieu" op sosiale kring; omgewing waarin iemand tuishoort, verkeer of opgroei; atmosfeer of agtergrond (vgl. Meintjies 1994: 66).

Le Roux (1992: 10) omskryf die konsep "milieu" as "...die onmiddellike fisiese en sosiokulturele omgewing wat 'n invloed uitoefen op die mens as individu, asook op die mens in groepsverband. Dit verwys na die totaliteit van omgewingsinvloede wat die menslike ontwikkeling beïnvloed."

Die milieu waarin die kind se sosiale lewe en opvoeding voltrek word, sluit volgens Pretorius (1998: 29) die volgende drie "wêrelde" in:

- die geografies-fisiese wêreld (fisiese milieu);
- medemenslike wêreld (sosiale milieu), asook
- kultuur-historiese wêreld (kultuur-milieu).

Opvoeding en die sosialisering van die kind word in die volgende vier milieus voltrek (vgl. Pretorius 1998: 29; Meintjies 1994: 67):

- die mikro-opvoedingsmilieu (die gesin);

- die meso-opvoedingsmilieu (die skool);
- die makro-opvoedingsmilieu (die maatskappy); asook
- die portuurgroepmilieu.

Volgens Barnard (1982: 6) is die gesin as mikro-opvoedingsmilieu onvervangbaar, aangesien die grondslag van die kind se opvoeding wat gedurende die eerste lewensjare in die gesin gelê word, basies blywend van aard is.

Die belangrikheid van die gesin as primêre opvoedingsmilieu word ook in die eertydse Presidentsraadverslag (1987: 57) beklemtoon.

- Die gesin vorm 'n eenheid wat ontwikkel uit 'n proses van saamleef, kommunikasie en interaksie.

- Die gesin word beskou as die kleinste, dog belangrikste maatskaplike eenheid, omdat dit hier is waar die kind die eerste keer aan omgewingsinvloede blootgestel word (vgl. Kriel 1996: 50).

Na aanleiding van bogenoemde uitsprake ontstaan die vraag: Indien die gesin as sosiale milieu ontoereikend as gevolg van die werkloosheid van die ouers funksioneer, hoe sal dit die kinders beïnvloed?

(xi) Persoonlikheid

Persoonlikheid word as sosiopedagogiese basisbegrip voorgehou, en wel om die volgende redes (Le Roux 1998: 14):

- Die kind is 'n persoonlikheid-in-wording;
- elke opvoedingsituasie is wesenlik 'n aangeleentheid van "interacting personalities";
- die opvoedingstyl van die ouer oefen 'n betekenisvolle en kragtige invloed uit op die persoonlikheidsontwikkeling van die kind;
- die persoonlikheid van die kind bepaal sy sosiale gedrag (en dus sy sosiale aanpassing); asook
- die opvoedingsdoel kan beskou word in terme van die optimale persoonlikheidsontwikkeling van die kind.

Die kind is 'n persoonlikheid-in-wording en die sentraalste faktor in die opvoedingsituasie (Pretorius 1998: 32). Die begrip "persoonlikheid" is afgelei van die Latynse woord "persona" wat "masker" beteken. Vir die Romeine het die woord "persona" beteken "as one appears to other" en nie hoe iemand werklik is nie (Hergenhahn 1980: 34).

Die opvoedingsgedrag van die ouer kan daartoe bydra dat die kind sal ontwikkel tot 'n lewensvaardige persoon met positiewe, gewenste persoonlikheidseienskappe, of selfs sal floreer wat die ontwikkeling van sy persoonlikheid betref, wat veral daartoe sal lei dat hy eendag

sosiaal goed sal aanpas (Pretorius 1998: 34). Ouers verwerklik die frekwenste en intensiefste kommunikasie met die kind en daarom vervul hulle 'n sleutelrol in sy opvoeding, sosialisering en persoonlikheidsontwikkeling.

Hoewel elke mens uniek is en 'n individuele persoonlikheid het, kan twee basisbegrippe ten opsigte van die menslike persoonlikheid onderskei word, naamlik "ekstroversie" en "emosionaliteit." In onderstaande persoonlikheidsmodel (Figuur 1.5) vorm die basisdimensies van die persoonlikheid die hoofasse, terwyl die sekondêre asse op impulsiwiteit teenoor intellektuele kontrole, en sosiaal teenoor nie-sosiaal dui. Op dié wyse word, volgens Pretorius (1998: 35-36), tussen agt persoonlikheidseienskappe onderskei:

ekstroversie	gesellig-vriendelik, sosiaal lewendig en aktief, op die sosiale omgewing gerig, geneig tot impulsiwiteit
introversie	na binne gerig, teruggetrokke, beheers
emosionaliteit	onstabiel, veranderlike stemming, raak gou ontsteld
stabiliteit	stabiele gevoelslewe, gelykmatige stemming
impulsiwiteit	min selfbeheer, neig tot ondeurdagte en ongekon-troleerde gedrag
intellektuele kontrole	selfbeheers, verstandelike beheer oor gedrag
sosiaal	sosiaal goed aangepas, sosiaal vaardig en proso-siaal georiënteer
nie-sosiaal	nie sosiaal aangepas nie, nie sosiaal vaardig nie en asosiaal georiënteer.

FIGUUR 1.5: PERSOONLIKHEIDSMODEL



ekstroversie	gesellig-vriendelik, sosiaal lewendig en aktief, op die sosiale omgewing gerig, geneig tot impulsiwiteit
introversie	na binne gerig, teruggetrokke, beheers
emosionaliteit	onstabiel, veranderlike stemming, raak gou ontsteld
stabiliteit	stabiele gevoelslewe, gelykmatige stemming
impulsiwiteit	min selfbeheer, neig tot ondeurdagte en ongekontroleerde gedrag
intellektuele kontrole	selfbeheers, verstandelike beheer oor gedrag
sosiaal	sosiaal goed aangepas, sosiaal vaardig en prososiaal georiënteer
nie-sosiaal	nie sosiaal aangepas nie, nie sosiaal vaardig nie en asosiaal georiënteerd

(Bron: Pretorius 1998: 35-36)

In die onderhawige studie gaan gepoog word om vas te stel in watter mate die werkloosheid van die ouer die kwaliteit van die kind se persoonlikheidsontwikkeling beïnvloed.

1.3 Tema-analise: Werkloosheid in die huidige RSA-situasie

Werkloosheid is tans in Suid-Afrika 'n knellende probleem. Volgens die Sondagblad Rapport (30 November 1997: 3), het Lawrence Schlemmer, 'n ere-professor by twee universiteite, navorser en konsultant, 'n omvattende ondersoek na werkloosheid in Suid-Afrika geloods. Na aanleiding van sy bevindinge waarsku hy: "As daar nie werk gemaak word van hierdie probleem nie, sal daar teen die jaar 2010 'n werkloosheidsyfer van meer as veertig persent wees."

In die wêreldekonomie is daar net nie meer sprake van 'n massa-arbeidsmag wat eenvormige eise stel en op hul "regte" aandring nie, in plaas daarvan om op hul vaardighede en mededingendheid staat te maak. Die nuwe wêreldekonomie veronderstel geskoolde en ingeligte werksoekers wat trots is op hul vermoë om aan veranderende beroepseise, te voldoen. Hierdie nuwe beginsels van arbeidsbenutting spoel oor die hele wêreld, en vakbondlidmaatskap daal oral. Suid-Afrika egter, wat dit allermins kan bekostig, is 'n verstommende uitsondering. Die beleidmakers word steeds deur die politieke druk van vakbonde en 'n oorvereenvoudigde ingesteldheid op "regte" en "geregtigheid" daartoe gedwing om 'n beleidsraamwerk te handhaaf wat vyftien jaar gelede in die res van die wêreld begin verbrokkel het, aldus Schlemmer (Rapport: 30 November 1997: 3).

Die huidige RSA-regering se dilemma is dat hy nie maklik kan optree teen die verwagtinge wat tot onlangs toe nog deur sy eie retoriek oor regstelling en deur hofbevindings aangeblaas is nie. Halwe maatreëls en ad hoc-vergunnings om buigsaamheid in die arbeidsmark te verbeter, gaan ook nie help nie. Om die werkloosheidsyfer daadwerklik te verlaag, moet 'n behoorlike stel omvattende maatreëls ingestel word met die oog op deregulering. Dit sal werksverskaffing stimuleer. Daar is egter geen teken dat dit gaan gebeur nie; dus kan daar verwag word dat werkloosheid in die formele sektor sal toeneem. Dit kan beteken dat werkloosheid in die formele sektor teen die jaar 2010 dubbel so hoog as tans kan wees.

Volgens Jacobs en Bekker (1996: 14) het die getal geregistreerde jeugdige werkloses by die Departement van Arbeid geweldig toegeneem. Dit dui daarop dat Suid-Afrika, as gevolg van 'n groei in die bevolkingsaanwas en 'n onvermoë van die ekonomiese sektor om werksgeleenthede vir jeugdige werksoekers te skep, op 'n krisis afstuur. Sodanige gebrekkige werksgeleenthede vir jeugdige werksoekers veroorsaak nie net ekonomiese probleme nie, maar gee ook direk aanleiding tot sosiale en politieke probleme vir die individu en die samelewing.

'n Berig in Beeld (26 September 1997: 5) het soos volg gelui: "...Hoewel Suid-Afrika 'n goeie makro-ekonomiese strategie in plek het, is daar in die laaste jare feitlik niks gedoen om die werkloosheidsprobleem te verlig nie, aldus die Internasionale Monotêre Fonds, wat meen dat werkloosheid tans die grootste wanbalans in Suid-Afrika verteenwoordig. Dit is ongelooflik hoog, watter syfer ook al as die mees akkurate maatstaf aangegee word."

Volgens Cawker (1991: 20) neem werkloosheid in Suid-Afrika groot afmetings aan en veroorsaak armoede en ontbering vir baie werklose persone en hul afhanklikes. Werkloosheid mag ook 'n betekenisvolle

uitwerking (direk en indirek) op mense se persepsies van, en interaksie met hul natuurlike omgewing hê.

Werkloosheid plaas noodwendig 'n finansiële beperking op die werklose se vermoë om in sy/haar (en afhanklikes) se basiese behoeftes te voorsien. Sodanige beperking toon soms belangrike gevolge vir die natuurlike omgewing, indien die werklose persone natuurlike hulpbronne uitbuit of beskadig, ten einde hul behoefte aan kos, skuilplek, ensovoorts te bevredig.

Werkloosheid vertoon voorts (volgens Cawker 1991: 20) 'n sielkundige effek op mense. Die ontnugtering en bitterheid wat soms met armoede gepaard gaan, mag lei tot onverskilligheid teenoor omgewingsvraagstukke en/of die opsetlike vernietiging van die omgewing.

"Heelwat navorsers is dit eens dat werkloosheid 'n nadelige invloed op die individu het op sowel psigologiese as fisiese vlak. Die werklose beleef 'n psigologiese insinking deur die volgende te ervaar; naamlik verlies aan selfagting, verminderde selfvertroue, gevoelens van waardeloosheid, opstand, depressie, frustrasie en aggressie" (Zeelie 1989: 1-2). Uit hierdie aanhaling blyk dit duidelik dat werkloosheid 'n beduidende invloed op die individu vertoon. Die vraag ontstaan egter in welke mate werkloosheid ook 'n negatiewe invloed op die gesin van die werklose vertoon. Sodanige vraagstelling vorm die sentrale problematiek van die onderhawige navorsing.

Human (1993: 2-3) is van mening dat aangesien die gesin die primêre bron van sosiale kontak vir die individu verteenwoordig, die effek van werkloosheid ook binne die gesin ervaar sal word. Die skielike verlies aan inkomste veroorsaak dat die verhoudinge tussen gesinslede drasties mag

verswak en uiting kan vind in geweld binne die gesin, probleemgedrag by kinders, selfmoord, gesinsmoorde en egskeidings.

Brair (1988: 205) stel bogenoemde problematiek soos volg: "Few social problems are as corrosive to world stability and peace as are unemployment and economic insecurity. The unrest and uncertainty about a future because of joblessness intensifies desperation and win-lose dynamics in the home, community, nation and throughout the world."

Uit resultate van 'n RGN-ondersoek (Visser 1991:38) waar die sielkundige welsyn van kinders uit werklose en werkende gesinne bestudeer is, is bevind dat sielkundige probleme soos depressie, spanningsimptome veral op psigosomatiese vlak, toets-angs, negatiewe selfevaluering en eensaamheid meer by kinders uit werklose gesinne voorgekom het. Die voorkoms van sielkundige probleme by kinders uit werklose gesinne blyk ook hoër te wees as in die algemene bevolking.

Aangesien die onderhawige studie 'n sosiopedagogiese ondersoek verteenwoordig, val die hooffokus op die sosiopedagogiese effek wat die werkloosheid van die ouers op die gesin kan vertoon; meer spesifiek ten aansien van kinders se opvoeding en sosialisering.

1.4 Navorsingsprobleem

In die lig van voorafgaande tema-analise, asook die inleidende oriëntering en konseptualisering, kan die navorsingsprobleem van die onderhawige studie soos volg geformuleer word: **Wat is die sosiopedagogiese betekenis van werkloosheid? Anders gestel: Wat beteken werkloosheid as maatskaplike verskynsel vir die kind se opvoeding en sosialisering binne gesinsverband?**

Voortspruitend uit bogenoemde probleemstelling, kan talle subprobleme geïdentifiseer word wat tydens die ondersoek aangespreek sal word:

- Wat is die oorsake van werkloosheid in Suid-Afrika en wat is die omvang daarvan?
- Wat is die invloed van werkloosheid op die individu se persoonlike lewe?
- In watter opsigte sal die gesin beïnvloed word as gevolg van die werkloosheid van die broodwinner van die gesin?
- Hoe kan gesinslede saam die problematiese situasie wat ontstaan as gevolg van werkloosheid, die beste hanteer en verwerk?
- Hoe kan vaardighede ontwikkel en werksgeleenthede geskep word, ten einde die effek van die werkloosheidsprobleem te minimaliseer?

1.5 Sentrale teoretiese stelling

In die onderhawige studie gaan die ondersoeker poog om die volgende sentrale teoretiese stelling te verifieer: **Werkloosheid as maatskaplike verskynsel toon beduidende effek op die kind se opvoeding en sosialisering tot toereikende volwassenheid binne gesinsverband.**

Voortspruitend uit bogenoemde sentrale teoretiese stelling, word die volgende toetsbare stellings ook deur die onderhawige studie aangespreek:

- Werk bied besondere betekenis aan 'n mens se lewe en is noodsaaklik om in fisiese-, sekuriteits-, sosiale-, ego- en selfaktualiseringsbehoeftes te voorsien.

- Werkloosheid vertoon 'n skadelike invloed op die werklose individu, beide op fisiese en psigologiese vlak.

- Die effek van werkloosheid kring wyer as net die werklose self; dit beïnvloed ook die gesin en ander sosiale verhoudinge.

- Werkloosheid het in 'n breër konteks 'n effek op die land se ekonomie, lei ook tot 'n toename in armoede, politieke onrus, rassespanning, misdaad, alkoholisme, plakkery en bemoeilik die bewaring van die omgewing.

- Die effek wat werkloosheid van ouers op die gesin vertoon, bring mee dat unieke vaardighede van sowel ouer as kind geverg word, ten einde te verseker dat opvoeding suksesvol verwerklik kan word.

1.6 Navorsingsmetode

Navorsingsmetodes impliseer die wyses waarop die navorsingswerk onderneem word; derhalwe die navorsingsmetodologiese strategie of aanpak.

In die onderhawige ondersoek sal 'n beskrywend-verklarende studie onderneem word aan die hand van relevante vakwetenskaplike literatuur uit primêre-, sowel as sekondêre bronne. Sodanige literatuurstudie word deurlopend onderneem, totdat die navorsingsprojek afgehandel is. Alle verbandlegginge word teoreties gedoen - dus 'n beskrywend-verklarende studie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

1.6.1 'n Beskrywende studie

Die navorser stel sigself ten doel om dit wat is (werkloosheid as verskynsel) op een of ander wyse akkuraat en noukeurig te beskryf (Mouton en Marais 1990: 46). Die oogmerk met beskrywende studies is om spesifieke karaktertrekke van die onderwerp onder bespreking, te beskryf.

Die belangrikste metodologiese oorweging in beskrywende studies is om akkurate inligting (data) oor die domeinverskynsel onder bestudering (werkloosheid, in dié geval) in te samel (Mouton en Marais 1990: 47).

Inligting wat beskrywende studies bied, dra dikwels by tot die teoretiese begryping van die wyses waarop persone en groepe optree, dit poog om die gedrag en houdinge van 'n individu te verstaan, sonder om die bevindinge te veralgemeen ten opsigte van ander individue of groepe (vgl. Meintjies 1994: 70). Wat van beskrywende navorsing verwag word, is derhalwe die in-diepte verkenning en begryping van 'n besondere persoon, geval, gebeure, verskynsel, ensovoorts. Die onderhawige studie poog derhalwe om 'n breedvoerige verkenning en beskrywing van "werkloosheid" as maatskaplike verskynsel daar te stel; spesifiek ten aansien van die opvoedingsimplikasies in sosiale verband.

1.6.2 Verklarende studie

Met verklarende navorsing poog die navorser om die oorsaaklikheid tussen veranderlikes of gebeurtenisse aan te toon. Die navorser is nie tevrede om slegs aan te toon dat daar 'n verband tussen twee

veranderlikes bestaan nie, maar wil ook die rigting van dié verband aantoon. Die oogmerk is om bepaalde verskynsels in terme van sekere oorsake te probeer verklaar (Mouton en Marais 1990: 47). In die onderhawige navorsing sal derhalwe gepoog word om oorsaaklike verbande tussen werkloosheid en gesinsfunksionering en -opvoeding te ondersoek en aan te toon.

Verklarende navorsing hou regstreeks verband met voorspellende en evaluatiewe studies. In die onderhawige studie word beoog om die effek wat werkloosheid op die gesin vertoon, te verklaar en te evalueer in terme van die opvoedingsgedrag van lede van die gesin.

1.7 Navorsingsdoel

Die doel van die onderhawige studie is om die maatskaplike verskynsel "werkloosheid" te analiseer en die effek daarvan op gesinsfunksionering en -opvoeding vanuit 'n sosiopedagogiese perspektief na te vors.

1.8 Navorsingsplan

Na die voorafgaande inleidende oriëntering, konseptualisering, tema-analise en probleemstelling, word die volgende skedule as navorsingsplan in die vooruitsig gestel:

In **Hoofstuk 2** word werkloosheid as maatskaplike verskynsel in die eietydse samelewing ondersoek en beskryf.

In **Hoofstuk 3** word ondersoek ingestel na die verband tussen werkloosheid, die gesinslewe en gesinsopvoeding. Gesinsopvoeding sal spesifiek in terme van identifiseerbare sosiopedagogiese essensies bespreek word.

In **Hoofstuk 4** volg 'n samevatting van bevindinge en aanbevelings wat uit die onderhawige studie voortvloei. Geïdentifiseerde leemtes binne die voltooide studie, asook verdere terreine vir opvolgnavorsing sal ook aangedui word.

HOOFSTUK 2

WERKLOOSHEID IN DIE EIETYDSE SAMELEWING

2.1 Inleiding

Werkloosheid is sonder twyfel die grootste ekonomiese vraagstuk waarmee die Suid-Afrikaanse samelewing tans gekonfronteer word. Dit is nie net deels verantwoordelik vir die grootskaalse armoede, voortslepende geweld en onaanvaarbare, hoë misdaadsyfer nie, maar ontneem baie Suid-Afrikaners die voorreg om hul roeping na te kom. Dit bedreig aan die een kant die harmonieuse voortbestaan van die gesin en aan die ander kant het dit 'n neerdrukkende uitwerking op die hele ekonomie tot gevolg (Swanepoel en Van Zyl 1994: 268-269).

Wat werklose persone betref, onderskei Rip (1981:51) drie tipes werklose persone:

- Diegene wat kan en moet werk om hulself en hul afhanklikes te onderhou, maar nie wil werk nie. Na hulle word verwys as werksku persone.

- Diegene wat moet werk om hulleself te onderhou, maar nie kan nie, as gevolg van fisiese of psigiese gestremdheid. Dié persone word as ongeskik vir die arbeidsmark beskou.

- Derdens is daar persone wat in staat is om te werk en nodig het om te werk om hulself en hulle afhanklikes te onderhou, en wil werk, maar nie werk kan vind nie. Hulle word as die werkloses beskou.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Volgens Francisco-la Grange (1991: 6) beteken arbeidsverlies dikwels ook die verlies van moontlikhede tot dankbaarheid, lewensvreugde en arbeidsvreugde. 'n Werklose persoon het die effek van werkloosheid soos volg opgesom:
"Werkverlies is 'n persoonlike slag waarvan die persoon miskien nooit heeltemal herstel nie ... Dit is 'n diepe, persoonlike skok wat die afmetings van 'n nasionale katastrofe kan aanneem." Geen wonder derhalwe dat, ten tye van die afbetaling van 'n groot aantal mans na die samesmelting van twee maatskappye, is aan 'n verslaggewer gesê: "Some of the men were in tears ..... it isn't just a job or the money. That isn't what it is all about. It's one's life. The men were like brothers to me. A man is his job. Take it away from him, you chip away his identity, you take away his ability to keep his family, and you diminish his manhood."

Die mens het kragtens sy wese die reg om te werk, maar ook die verantwoordelikheid om te werk. Werkloosheid het dus ernstige ekonomiese, sosiaal-maatskaplike, politiese en etiese implikasies. Werkloosheid tas die mens wat wil werk, in die wese van sy menswees aan (Swanepoel en Van Zyl 1994: 269).

Beskou vanuit 'n sosiaal-psigologiese oogpunt, is werkloosheid nie net 'n objektief-maatskaplike probleem nie, maar ook 'n subjektief-individuele probleem wat 'n magdom sekondêre psigiese effekte veroorsaak (Du Toit 1993: 21). 'n Persoon se besondere houding teenoor sy werk sal ook na verwagting sy houding teenoor werkloosheid wesenlik beïnvloed (Du Toit 1993: 89).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

2.2 Die waarde en betekenis van werk

Arbeid is 'n opdrag van God en moet in gehoorsaamheid aan God gedoen word. Op sodanige wyse kan die mens sy God dien. Maar die mens moet ook werk om in sy eie behoeftes - fisies, psigies, sosiaal - as totale mens te voorsien (Human 1993: 44). "Die mens het 'n verantwoordelikheid en 'n plig teenoor homself - en aan hierdie fisiese en geestelike behoefte, eie aan sy bestaanswyse as psigies-somatiese wese, voldoen hy onder andere deur middel van sy arbeid" (Heyns 1986: 256).

'n Eerste aanduiding van die betekenis wat werk in die samelewing het, word aangetref wanneer mense mekaar vir die eerste keer ontmoet. Wanneer hulle aan mekaar voorgestel word, word die soort werk of posisie wat hulle beklee, feitlik dadelik genoem. Vir die grootste gedeelte van die geskiedenis was die mens nog altyd wat hy doen. Werk het hom nog altyd van 'n beduidende profiel voorsien. Vandaar die persoonlike identiteit wat werk hom besorg as burger, as gesinslid, as bydraer tot die samelewing en ook die ekonomiese sisteem daarin, as verbruiker en as persoon wat behoefte daaraan ervaar om bekend te wees en dus erkenning en agting te geniet (Francisco-La Grange 1991: 3). Om mens te wees en om te werk is derhalwe onlosmaaklik verweef. Werk is geen ligtelike onderneming nie, maar 'n ernstige strewe; as't ware van dié Goddelike handelinge waarvolgens die natuurlike wêreld geskep is. Die betekenis wat die kwaliteit van die produk van werk het, en die vernuf waarmee dit afgehandel word, word orals hoog aangeslaan. Deur sy verstand en vaardigheid gee die mens kwaliteit aan sy werk, ontwikkel hy sy eie natuur en leef hy in en deur sy werk "which confesses and reveals him to the world." Sy werk is die hoofaar van die enigste lewe wat hy ken.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Deelname aan betaalde werk bied 'n persoon die geleentheid om sy vermoëns en kreatiwiteit te ontwikkel. Dit bied aan die persoon 'n gevoel van sinvolheid (Fagin en Little 1984: 32, 37).

Werk is en behels gedrag en soos alle menslike gedrag, vind sosialisering daardeur plaas - deur te werk en terwyl gewerk word, word daar aan verwagtinge en eise voldoen. Werk bied, wanneer dit oorwegend met genoegdoening verrig word, ook geleenthede aan mense om in, onder meer, die volgende algemeen menslike behoeftes te voorsien (Francisco-La Grange 1991: 5):

- 'n behoefte aan orde in die lewe help mense om hul tyd te beplan, te struktureer en te organiseer; om energie-effektief te wees in hul tydbesteding, hul tyd doelgerig te benut en die dissipline wat met ordening saamhang, deel van hul lewensstyl te maak;

- 'n behoefte aan sosiale verkeer, gemeensaamheid (selfs kameraderie) in verhoudings buite die gesin, sodat wyer maatskaplike netwerke tot hul beskikking is;

- 'n behoefte aan die belewing dat hulle juis as werkende mense van waarde is vir hul gesinne, die instansies waaraan hulle verbonde is, hul medewerkers, die gemeenskap waarin hulle woon, die kerklike denominasies waaraan hulle behoort, die bedryf- en ekonomiese sisteme waartoe hul bydra en die vooruitgang van die land waarin hulle woon en werk;

- 'n behoefte aan geleenthede om hul tot die samelewing en in sommige gevalle die internasionale wêreld, te verbind en sodoende isolasie, vervreemding en vereensaming teen te werk en die verryking daarvan te ervaar om hul leefwêreld te verruim;

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- 'n behoefte aan kontak met die werklikheid, die eise daarvan en die voorregte daarin. Hul ingesteldheid tot werklike situasies en hul hantering daarvan kan in die werksituasies en in aanraking met persone daarin, getoets word;

- 'n behoefte om leiding te neem en te ontvang, ander te beïnvloed of ander tevrede te stel;

- 'n behoefte aan 'n besliste en herkenbare rolbesetting en die status wat sodanige rolbesetting aan hulle verleen;

- 'n behoefte aan geleenthede om kennis, tegnieke, vaardighede en kreatiwiteite te beoefen, te ontwikkel en daarmee te eksperimenteer; asook

- 'n behoefte aan persoonlike identiteit waarvan ander mense bewus sal wees en 'n behoefte aan gepaardgaande selfagting, omdat hulle in die werksituasie presteer.

  (Akabes en Kurzman 1982) bevestig die identiteitverskaffende waarde van werk met die volgende stelling: "What one does, how well one does it, and the feedback one gets from others all contribute to the sense of who one is. Not only does work contribute to the sense of who one is, it also gives stability and continuity to that sense once it is established. Work, then, is a central element in achieving and maintaining a personal sense of identity" (Francisco-La Grange 1991: 5).

- 'n behoefte daaraan om aspirerend, persoonlike doelwitte te bereik en met verwagtinge te leef en die self te aktualiseer;

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- 'n behoefte aan nuwe ervaringe, opwinding en avontuur wat onder meer deur nuwe uitdagings, versoeke, opdragte, selfopgelegde take, bemeestering en vordering bereik word; sowel as die deurgee en uitruil van praktykwysheid, idees, standpunte en planne; asook

- 'n behoefte om belangstelling te hê en te kweek, of belangstellings wat deur die werksituasie bevorder word, of dié wat deur kontakte in die werksituasie na die tuiste oorgedra word.

Al sou die bevrediging van bogenoemde behoeftes vir die persoon wat oorwegend werktevredenheid geniet, wisselend en periodiek wees en al sou daar spanning, stres, teleurstellings, frustrasies en problematiese verhoudings hanteer moet word, dien werk as situasie waarin bestaansbehoeftes, identiteitsbehoeftes, selfgeldingsbehoeftes, verwantskapbehoeftes en groeibehoeftes bekend gemaak kan word en aandag kan geniet, mits 'n demokratiese bestuurstyl kenmerkend van die werksituasie is.

Die positiewe betekenis van werk soos hierbo uiteengesit, help juis om insig te verkry in wat dit vir 'n persoon beteken om werkloos te wees. Tyd moet "omgekry" word; daar is verveeldheid, doelloosheid, futiliteit, demotivering, moedeloosheid, depressiwiteit, asook verlies aan selfwaarde, status, persoonlike identiteit en beheer oor die omgewing, sowel as 'n gevoelservaring van weerlose uitlewering aan die noodlot.

2.3 Tipes werkloosheid

Ten einde die omvang en komplekse aard van werkloosheid te begryp, moet 'n onderskeid tussen verskeie tipes werkloosheid getref word.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

2.3.1 Wrywingswerkloosheid

Hierdie werkloosheidstipe is, volgens Swanepoel en Van Zyl (1994: 270), die gevolg van normale toestande op die arbeidsmark waar mense tussen verskillende poste beweeg, asook nuwe toetredes tot die arbeidsmark. Dit kom veral in die volgende gevalle voor:

- persone wat van werk verander deur by een werkgewer te bedank en wat voor toetrede by 'n volgende werk tydelik werkloos is;

- huisvroue wat die arbeidsmark verlaat het en weer werk soek;

- skoolverlaters en studente wat besig is om werk te soek;

- werkers in die boubedryf - wanneer 'n bouer 'n boukontrak aftgehandel het, mag dit gebeur dat daar 'n tyd verloop voordat hy 'n volgende boukontrak kry waarmee hy kan voortgaan (Human 1993: 14);

- gestremde persone wat nie onder normale omstandighede werk kan kry nie; asook

- werksku persone vanweë swak motivering, gebrekkige kwalifikasies en langdurige werkloosheid. Scott en Laslett (1987: 130) noem hierdie groep "poor prospects" en wys daarop dat "...all the poor prospects in the population are unemployed at all times, and any increase in their numbers

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

over time represents an increase in the irreducible minimum level of unemployment."

Volgens Swanepoel en Van Zyl (1994: 270) is daar op enige gegewe tydstip 'n aantal werkloses wat besig is om werk te soek en wat gewoonlik binne 'n redelike kort tydsduur 'n betrekking sal vind.

2.3.2 Sikliese werkloosheid

Hierdie tipe werkloosheid kom voor as gevolg van die fluktuasie in die konjunktuursiklus (Du Toit 1993: 19).

"Dit is werkloosheid wat tydens die afswaaifase van die ekonomiese konjunktuur ontstaan. Gedurende die opswaaifase styg indiensneming weer" (Dillman 1987: 5). Hierdie werkloosheidstipe hou dus verband met die sikliese skommelinge van die ekonomie.

Tydens die dalende fase van 'n konjuktuurgolf (resessie) gaan die inkrimping van ekonomiese aktiwiteite gewoonlik gepaard met 'n kleiner vraag na arbeid. Sekere werkers verloor hul werk en werksoekers vind dit moeiliker om 'n betrekking te bekom. Hierdie tipe werkloosheid kom gereeld tydens die afswaaifases van konjunktuurgolwe voor (Swanepoel en Van Zyl 1994: 270). Die omvang van sikliese werkloosheid hang af van hoe diep die afswaai of resessietoestand is of hoe lank dit duur. Tydens 'n langdurige resessie, wat in 'n depressie kan ontwikkel, kan sikliese werkloosheid kritieke afmetings aanneem.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

2.3.3 Strukturele werkloosheid

Hierdie werkloosheidstipering word deur Dillman (1987: 5) soos volg omskryf: ".... wanneer die struktuur en groei van die arbeidsmag en die struktuur van en toename in ekonomiese bedrywighede en die vraag na arbeid, ongeag die stand van die konjunktuur nie met mekaar verenigbaar is nie."

Volgens die Verslag van die Ontwikkelingsbank van Suider-Afrika (1987: 27) verwys strukturele werkloosheid oor die algemeen na die onvermoë van die ekonomie om werk te verskaf aan die totale arbeidsmag as gevolg van strukturele wanbalans, selfs op die hoogtepunt van die konjunktuursiklus.

Dit hou verband met die modernisering van ekonomiese prosesse, tegnologiese vernuwing, veranderende produksietegnieke, verandering in die patroon van aanvraag as gevolg van verandering in verbruikersvoorkeure, of mededinging tussen nywerhede (Swanepoel en Van Zyl 1994: 270). Sekere tipes werk raak eenvoudig oorbodig, terwyl nuwe tipes werk geskep word. 'n Onbuigsame arbeidsmark kan nie vinnig genoeg aanpas nie, met die gevolg dat mense werkloos raak. Veral mense met lae geskooldheidsvlakke en diegene wat nie in staat is om by veranderde arbeidspraktyke aan te pas nie, word swaar getref.

Volgens Swanepoel en Van Zyl (1994: 270) kan strukturele werkloosheid ook verwys na 'n vaardigheidsbalans; dit wil sê 'n wanbalans tussen die vaardighede wat werkgewers verlang en die vaardighede waaroor werksoekers beskik. Daar mag voorts ook

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

geografiese wanbalanse voorkom, byvoorbeeld die plek waar daar werk is en die plek waar werksoekers hulself bevind.

2.3.4 Seisoenale werkloosheid

Seisoenale werkloosheid hou, soos die naam aandui, verband met seisoene. Waar werksgeleenthede afhanklik is van klimaatsveranderinge, beteken dit dat daar geen werk gedurende die buiteseisoen beskikbaar sal wees nie (Du Toit 1993: 19). Sekere ekonomiese aktiwiteite vereis gedurende 'n spesifieke seisoen meer arbeid, maar minder gedurende die res van die jaar. Dit kom in baie sektore voor, maar die landbou is seker die beste voorbeeld (Human 1993: 15). In tydperke van hoë ekonomiese aktiwiteit (byvoorbeeld oestyd) word meer mense in diens geneem, maar in tye van laer aktiwiteit is diesulkes werkloos. Die werkers is seisoenaal werkloos; hul werkloosheid fluktueer saam met die seisoene en die werkloosheidsituasie is dus voorspelbaar (Swanepoel en Van Zyl 1994: 270).

2.3.5 Versteekte werkloosheid ("hidden unemployment")

Hierdie tipe werkloosheid verteenwoordig groepe mense wat kan werk en wil werk, maar nie amptelik as werkloos geregistreer is nie. Dit kom voor in omstandighede waar 'n onderneming oor 'n oorskot arbeid beskik en arbeid suboptimaal benut. Veral in die sogenaamde bestaansboerdery kom dit vry algemeen voor. Versteekte werkloosheid is in sy uiterste vorm 'n toestand waar mense in diens is, maar 'n baie klein of geen bydrae tot produksie lewer nie (Swanepoel en Van Zyl 1994: 269).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die volgende groepe kan in hierdie kategorie onderskei word (Van der Merwe 1988: 27-28):

- getroude vrouens wat wil werk;
- vroeë pensioenarisse wat nog wil werk om eie inkomste aan te vul;
- individue met eie eenmansaak-besighede;
- individue wat uitgelewer is aan onder-indiensneming; asook
- die professionele, hooggeskoolde witboordjiegroep wat dit as benede hul waardigheid beskou om te registreer en vir wie die moontlikheid van 'n ander professionele of hooggeskoolde posisie nie by wyse van registrasie as werkloos, bekom sal word nie.

2.4 Oorsake van werkloosheid

Die oorsake van werkloosheid is veelvuldig en hou grootliks verband met die tipes werkloosheid wat reeds in die vorige afdeling bespreek is. Schwefel (1986: 412) som dit miskien die beste op as hy sê dat die oorsake oor die algemeen gekarakteriseer kan word as 'n komplekse probleem wat verband hou met bevolkingsdinamiek en ekonomiese krisis. Die oorsake van werkloosheid sal vervolgens in twee hoofgroepe bespreek word, naamlik primêre oorsake en sekondêre oorsake:

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

2.4.1 Primêre oorsake van werkloosheid

2.4.1.1 Rasionalisasie

Rasionalisasie beteken, volgens Labuschagne en Eksteen (1992: 688) ..."so 'n gunstige moontlike organisasie van produksie met die doel om die opbrengs te verhoog en werkkrag, tyd en geld te bespaar."

Rasionalisering en ingrypende regstellende aksies in die huidige Suid-Afrikaanse situasie het daartoe gelei dat minder mense werk het. In huishoudings waar daar werklose ouers is, moet ander inkomstes bekom word, ten einde te kan oorleef. Sódanig het meer smouse, stalletjies op straat, vlooimarkte en ander soorte entrepenieurs hul verskyning gemaak. Winefield, Tiggemann, Winefield en Goldney (1993: 12) wys daarop dat, ten spyte van pogings om geld op dié wyses te genereer, is "...unemployed people poor in the sense that they are unable to afford many of the basic comforts ..."

2.4.1.2 Veranderde politieke bestel

Volgens Human (1993: 17) is bepaalde bevolkingsgroepe onder die eertydse Apartheidsbeleid bevoordeel ten opsigte van beskikbare werksgeleenthede; sekere bevolkingsgroepe het werksgeleenthede met hoër besoldiging bekom. Dus was daar meer permanensie en 'n groter mate van sekuriteit teenoor die moontlikheid van werkloosheid wat ander groepe geredelik in die gesig gestaar het. Ander bevolkingsgroepe se werksgeleenthede is derhalwe onder die vorige

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Apartheidsbedeling gekenmerk deur klein salarisse, 'n groot mate van tydelikheid en minimale sekuriteit, met die realiteit van werkloosheid wat altyd 'n reële moontlikheid was.

Militante vakunies gebruik, in samewerking met swart politieke organisasies, optrede by die werkplek as 'n politieke wapen (Sadie 1991: 7). Die bevegting van Apartheid is as wekroep tot kohesiewe aksie aangewend, en dikwels is buitensporige lone vir veral ongeskooldes geëis. Hierdie eise om hoër lone werk nadelig in op ondernemings se kostestrukture, wat lei tot mindere indiensneming van jeugdiges en groter kapitale, eerder as arbeidsintensiewe investering van werkgewers. Werkloosheid as gevolg van hierdie benaderings neem dus sedert die begin van die negentigerjare in die RSA onder jeugdiges toe (Jacobs en Bekker 1996: 15).

Volgens Lombaard (1995: 22) blyk dit dat daar tans 'n landswye opvatting onder werklose jeugdiges bestaan dat die beloofde herverdeling van rykdom in die land deur snelle loonsverhogings kan plaasvind. Jeugdiges is van mening dat werksgeleenthede en die behoefte aan 'n beter lewe vir hulself, werkgewers en die eertydse Regering van Nasionale Eenheid se indringende aandag moet geniet. Die invloed van regstellende aksie op die werkloosheidsyfer in Suid-Afrika kan in die verskillende bedrywe duidelik waargeneem word (Rapport Nuusfokus 7 Junie 1998: 3). Sektore wat hierdeur geraak is, en tans nog beïnvloed word, is die vervoerbedryf, vervaardigingsbedryf, elektrisiteitsbedryf, die mynbousektor, konstruksiebedryf en die finansiële-dienste-bedryf.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

2.4.1.3 Populasie- en arbeidsmaggroei

Die bevolkingsaanwas van 'n land soos die Republiek van Suid-Afrika kan as een van die oorsake van werkloosheid in die land beskou word. Volgens Gerber, Nel en Van Dyk (1987: 31) is die bevolkingsgroei van Suid-Afrika van die hoogste in Afrika en veral die swart bevolkingsaanwas is van sò 'n aard dat werkskeppingsgeleenthede ver agter geraak het.

In die volgende tabel word die groeikoerse van die onderskeie bevolkingsgroepe in die RSA vanaf 1980 tot 2000 aangetoon:

Bevolkingsgroep	**Jaarlikse groeikoerse**			
	1980-1985	**1985-1990**	**1990-1995**	**1995-2000**
Blankes	1.17	0.95	0.8	0.79
Kleurlinge	1.69	1.64	1.46	1.19
Asiërs	1.82	1.56	1.35	1.15
Swartes	2.71	2.72	2.56	2.45

(Bron: Cronje, Hugo, Neuland en Van Reenen 1994: 64)

Ofskoon daar verwag word dat die bevolkingsgroeikoers van Swartes nader aan die jaar 2000 effens sal afneem, gaan die RSA teen die eeuwisseling 'n bevolking van 5,6 miljoen Blankes, 3,6 miljoen Kleurlinge, 1,1 miljoen Asiërs en 34 miljoen Swartes hê (Cronje et al. 1994: 64). Vanselfsprekend sal sodanige veranderings in bevolkingsgroei 'n beduidende effek op indiensnemingspatrone hê.

Die probleem van veral jeugwerkloosheid in die RSA lê op die ongeskoolde vlak. Die aanbod van ongeskoolde jeugdiges is groot,

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

terwyl die vraag vanuit die ekonomie na die betrokke on– of ondergeskoolde vlak werksoekers aan die afneem is.

Gerber, Nel en Van Dyk (1992: 52) bied die volgende statistieke ten opsigte van die bevolkingsgroei in die Republiek van Suid-Afrika:

- Bevolkingsgroei onder Blankes 7%
- Bevolkingsgroei onder Kleurlinge 12,4%
- Bevolkingsgroei onder Indiërs 10%
- Bevolkingsgroei onder Swartes 12,1%

Geboorte- en bevolkingsbeplanning is dus van kardinale belang, ten einde die land teen toekomstige werkloosheidsprobleme te beskerm (Human 1993: 16).

Volgens Sadie (1991: 7) verteenwoordig die ekonomiese groeiskeppende ondernemer/bestuurder/uitvoerende klas slegs 'n skrale een-dertigste van die totale bevolking. Die getalle van die laevlak-mannekrag vermeerder vinniger as dié van die hoëvlakmannekrag, en dus groei die afhanklikes sneller as die skeppers van groei en werksgeleenthede.

Die ekonomies-bedrywige bevolking groei met nagenoeg 2,5% per jaar (Rapport Nuusfokus 7 Junie 1998: 3). Indien daar geen vervanging van arbeid deur kapitaal plaasvind nie, moet die ekonomie met tussen 3,5% en 4,5% per jaar groei, ten einde te verseker dat die werkloosheidskoers nie verder sal toeneem nie. Suid-Afrika het pas in 1998 vir twee agtereenvolgende kwartale 'n negatiewe groeikoers getoon, wat dus daarop dui dat die werkloosheidskoers sal styg.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

2.4.1.4 Kapitaalintensiteit van produksiemetodes

'n Verdere probleem aan die vraagkant van die arbeidsmark is dat arbeid wel deur kapitaal vervang word (Rapport Nuusfokus 7 Junie 1998: 3). Dit blyk uit die kapitaal-arbeidsverhouding wat 'n skerp opwaartse neiging in die jare negentig voortgesit het. Die onsekerheid oor gereelde aanwesigheid van werkkragte veroorsaak dat toenemende gedeeltes van 'n krimpende kapitaalvorming vir vervanging van arbeid gebruik word. Baie werkers word afgedank en minder kapitaal vir ekonomiese groei word gevolglik oorgelaat, te midde van dalende produktiwiteit van produksiefaktore.

Om 'n gemiddelde ekonomiese groeikoers van 5% per jaar te ondersteun – die minimum wat nodig is om die werkloosheidsprobleem te verlig – moet vaste investering as persentasie van die bruto binnelandse produk (BBP) meer as 21% beloop (Rapport Nuusfokus 21 Junie 1998: 3).

Indien die kapitaalintensiteit van die ekonomie verder afneem en die land se kapitaalbronne nie doeltreffend aangewend en benut word nie, is die vereiste ekonomiese groeikoers en investeringsverhouding nog hoër. Vaste investering as persentasie van die BBP het in 1997 slegs 17,4% beloop (Rapport Nuusfokus 21 Junie 1998: 3).

2.4.1.5 Resessie

Wanneer 'n land vir twee agtereenvolgende kwartale 'n negatiewe groeikoers toon, is dié land in 'n toestand van resessie. Die ekonomiese groei van 'n land en werkloosheid gaan hand aan hand. Wanneer 'n ekonomiese bloeitydperk beleef word, is daar 'n afwaartse neiging in die werkloosheidsprobleme. As die land egter

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gebuk gaan onder 'n ekonomiese resessie, soos tans (1998 – 1999) die geval in die Republiek van Suid-Afrika is, is daar 'n styging in die aantal persone wat werkloos is. Volgens Human (1993: 18) is daar veral twee faktore wat tot die ekonomiese agteruitgang van 'n land bydra en werkloosheid dermate verhoog, naamlik stakings en sanksies.

Stakings

Volgens Gerber et al. (1992: 452) is 'n staking 'n sekere optrede, deur twee of meer persone, met die doel om 'n eis af te dwing ten opsigte van die werkverhouding. Stakings vind gewoonlik as gevolg van werknemers se ontevredenheid met salarisverhogings of werksomstandighede plaas. In talle gevalle gee werkgewers aan die eise van die werknemers toe, maar dit gebeur soms wel dat die eise van werknemers nie toegestaan word nie. Dan volg afdankings wat verdere werkloosheid tot gevolg het.

Sanksies

Sanksies beteken dat beleggings uit die land deur 'n ander land onttrek word. Dit bring mee dat duisende mense hul werk verloor. "Dit is duidelik dat 'n land, veral oor die langtermyn moet waak teen werkloosheid, deur in samewerking met ander lande, te poog om sy ekonomie gedurig te versterk of ten minste so konstant moontlik te hou" (Zeelie 1989: 16).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

2.4.1.6 Onvoldoende werksgeleenthede

Horne (1987:16) beweer dat daar 'n wanbalans is tussen die aantal werksgeleenthede wat beskikbaar is en die aantal persone wat na loonarbeid soek. Rosenman (1979: 21) glo dat hierdie wanbalans deels te wyte is aan getroude vroue wat tot die arbeidsmag toetree of hertoetree. Gebaseer op die ou stereotipe uitspraak dat hierdie vroue nie werklik die werk nodig het nie, geld die gevolgtrekking dikwels dat werkloosheid nie so ernstig is waar dit vroue aangaan as waar dit mans aangaan nie. Sodanige siening neem nie die feit in ag dat daar baie vroue is wat nie 'n eggenoot se ondersteuning het nie, en derhalwe nie werk kan vind nie. Dit ignoreer ook dié vroue wat moet werk, omdat hulle mans se inkomste nie voldoende is nie (Du Toit 1993: 50).

Onvoldoende werksgeleenthede is seker die grootste faktor wat direk aanleiding tot werkloosheid gee. Onvoldoende werksgeleenthede word deur Müller (1992: 4) soos volg omskryf: "It generally refers to the overall inability of the economy to provide employment for its total labor force." Dillman (1987: 5) brei op hierdie beskrywing uit: "... wanneer die struktuur en groei van die arbeidsmag en die struktuur van en toename in ekonomiese bedrywighede en die vraag na arbeid, ongeag van die stand van die konjunktuur, nie met mekaar verenigbaar is nie" (vgl. Human 1993: 19).

Werkskepping is die opvallendste mislukking van die GEAR-strategie; enersyds omdat die beleidmakers dit so 'n prominente plek gegee het en andersyds omdat die werklikheid en die projeksies so wyd uiteenloop (Schoombee 1998: 17).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

2.4.1.7 Onvoldoende inligting oor bestaande werksgeleenthede

Skoolverlaters en studente is dikwels nie goed ingelig oor waar werksgeleenthede bestaan en hoe om vir sodanige werk aansoek te doen nie. Mense wat van werk wil verander, maak dikwels nie eers seker dat hulle wel werk op 'n ander plek sal kan vind nie (Swanepoel en Van Zyl 1994: 271).

Boersema (1986: 26) het bevind dat die goedgekwalifiseerde skoolverlater dikwels gou nadat hy die arbeidsmark betree, ontnugter word deur die aard en omvang van werksgeleenthede tot sy beskikking. Die gevolg is dikwels herhaaldelike werks- en beroepseksperimentering op soek na 'n betrekking wat volgens hom by sy status pas.

2.4.1.8 Kundigheid en opleiding

Die tekort aan toepaslike en hoogsgeskoolde werkers is reeds 'n geruime tyd 'n probleem wat wêreldwyd ondervind word. Die generering van nuwe tipes werk en professies veroorsaak 'n voortdurende tekort aan geskoolde mannekrag om dit te beman en hanteer. Voorts bring verandering werkloosheid mee op die terrein van beroepe wat uitgedien raak.

Die vlak van opvoeding en onderwys is 'n sterk indikator van potensiële werkloosheid. Hoe vroeër die skool verlaat word, hoe groter is die kanse op werkloosheid. Onderwys as sulks is egter nie 'n waarborg vir toetrede tot die arbeidsmag nie (Levine 1979: 6). Volgens Horne (1987: 66) moet daar eerder groter klem gelê word

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

op opleiding in tegniese vaardighede, sowel as 'n groter beroepsgerigtheid in die onderwys.

Persone wat nie oor behoorlike skoolopleiding beskik nie, of ontoepaslike kwalifikasies vir beskikbare werk het, is dikwels as oorsake van werkloosheid identifiseerbaar. Weens die ooraanbod van sekere tipes kwalifikasies, kan talle afgestudeerdes dikwels nie werk bekom nie. Voornemende werkers is nie altyd voldoende daarop ingestel om seker te maak dat hul opleiding en kwalifikasies tot 'n beroep sal lei nie (Swanepoel en Van Zyl 1994: 271).

Miskien moet weer opnuut na die regering se voorstelle oor opleiding gekyk word. Indien die werklikheid aanvaar word dat Suid-Afrika na 'n ekonomie van waardetoevoeging beweeg, gedryf deur inligtingsnywerhede, word opleiding al belangriker en al hoe minder 'n koste-uitgawe. Dit kan dan eerder as 'n belegging beskou word (Mittner 13 Maart 1998: 51).

Die hoop bestaan dat groeiende bedrywe soos inligtingstegnologie en telekommunikasie die hoër koste van opleiding sal kan dra en dat die oorheersende vraag na geskoolde arbeid die deurslag sal gee bo korttermynoorwegings. Die konsensus is egter dat bedrywe soos goudmynbou dit kwalik sal kan bekostig, terwyl sekere vervaardigingsbedrywe ook maar sal sukkel om dié koste te kan hanteer (Mittner 13 Maart 1998: 51).

2.4.1.9 Werkskeppingsvermoë van die ekonomie

Die verlies aan momentum in die langtermyngolf van ekonomiese aktiwiteit sedert die middel van die sewentigerjare word as 'n oorsaak van werkloosheid in die RSA gereken. Die vitaliteit van die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

groeiskeppende kragte het afgeneem en is vervang met ekonomies-ongunstige elemente van toenemend vyandige aard (Sadie 1991: 7).

Die allesoorheersende demografiese faktor, naamlik die groei en samestelling van die bevolking, veroorsaak 'n aanbod van arbeid wat nie deur die beperkte vraag geakkommodeer kan word nie (Sadie 1991: 7). Veral nuwe toetredes tot die arbeidsmark kan nie van werk voorsien word nie. Om slegs die nuwe toetreders jaarliks van werk te voorsien, moet die Suid-Afrikaanse groeikoers minstens 5 persent per jaar wees (Swanepoel en Van Zyl 1994: 271).

Die ekonomiese groeivermoë van die RSA word beperk deur lae produktiwiteitsgroei, 'n tekort aan hoëvlak mannekrag in sekere kategorieë geskoolde arbeid, en ook deur onvoldoende investering as gevolg van verskeie faktore wat die binnelandse beleggingsklimaat nadelig beïnvloed (Rapport 21 Junie 1998: 3). Die ekonomiese groei en ontwikkeling word ook gestrem vanweë die hoë prioriteit en koste wat aan werksgeleentheidskepping verbonde is (Du Toit 1993: 31).

Om meer werk aan mense te verskaf, beteken nie net dat daar meer geleenthede geskep moet word nie, maar ook om die reeds-bestaande geleenthede verder uit te bou (Human 1993:19).

2.4.1.10 Tegnologiese vooruitgang

Die oorsprong van tegnologiese vooruitgang is navorsing en ontwikkeling deur ondernemings sowel as die staat, en die resultaat daarvan is nie slegs nuwe masjinerie of produkte nie, maar ook nuwe prosesse, metodes en selfs bestuursbenaderings wat verandering in die arbeidsomgewing meebring (Cronje et al. 1994: 59).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Struktuurveranderings in die ekonomie, ingevolge waarvan sekere tipes werk oorbodig of verouderd raak of eenvoudig nie meer bestaan nie, is van die vernaamste oorsake van strukturele werkloosheid (Swanepoel en Van Zyl 1994: 271). Werkers is dikwels baie eng opgelei, of slegs in een aktiwiteit geskoold, of verkeerd opgelei, en nie aanpasbaar nie. Werkers wat nie met tegnologiese vooruitgang tred hou nie, verloor dikwels hul werk.

Sherraden en Adamek (1985: 467) beweer dat die arbeidsmark, wat besig is om 'n radikale tegnologiese transformasie te ondergaan, nou werksgeleenthede verskuif vanaf laag geskoolde en medium geskoolde poste, na poste wat meer skoling vereis. As gevolg daarvan vind baie jong mense dit moeilik om vir hulself 'n sinvolle werksgeleentheid te verseker.

In 'n snel veranderende ekonomiese omgewing waar tegnologiese vooruitgang aan die orde van die dag is, word werksgeleenthede voortdurend vernietig, maar gelukkig ook nuwes geskep. Werkers wat egter nie by sodanige verandering kan aanpas nie, word ongelukkig vervang en raak werkloos (Swanepoel en Van Zyl 1994: 271).

2.4.1.11 Ander strukture binne die sosiale samelewing

Werkloosheid op die platteland lei tot verstedeliking van die plattelandse bevolking, in die hoop dat hulle werk in die groot stede sal bekom. As gevolg van 'n tekort aan voldoende werksgeleenthede in die stede, het daar bloot slegs 'n verskuiwing van werkloosheid plaasgevind (Human 1993: 20). Vlok (1981: 337) beklemtoon dit ook dat die snelle verstedelingsproses veral onder

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Swartes, 'n grootskaalse verplasing van werkloosheid tot gevolg het. Die stede is nie meer in staat om die surplusarbeid vanaf die platteland te absorbeer nie.

Voorts het Goodwin (1980: 341) bevind dat daar aanduidings is dat werkgewers voorkeur verleen aan persone wat nie meer as jeugdiges geklassifiseer kan word nie. Werkgewers beskou soms die jeug oor die algemeen as onbetroubaar, minder produktief, en minder geïnteresseerd in permanente werk as ouer ervare werkers.

Terwyl outomatisasie 'n geleentheid tot vooruitgang in status en verdienste vir jonger mense mag beteken, besit ouer persone nie meer die nodige aanpasbaarheid nie en werkgewers is gewoonlik nie gretig om te belê in ouer werkers wat nog net 'n paar beroepsjare oor het nie (Du Toit 1993: 27).

Die ouer werker is ook meer onderworpe aan siekte en oor die algemeen swakker gesondheid en kan nie altyd sy werk gereeld verrig nie. Die resultaat hiervan is, spesifiek indien die persoon 'n ongeskoolde werker is, dat die waarskynlikheid dat hy/sy afgedank sal word, dermate groter is (Rip 1981: 84; Schwefel 1986: 420).

2.4.2 Sekondêre oorsake van werkloosheid

2.4.2.1 Persone met fisiese en psigiese gestremdhede

Fisiese en psigiese gestremheid kan veroorsaak dat persone nie 'n werk aangebied word nie en dus werkloos bly. Volgens Human (1993: 21) kan chroniese siekte by mense ook aanleiding tot werkloosheid gee, aangesien 'n persoon wat chronies siek is,

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

onproduktief is en dus deur die werkgewer verplig kan word om te bedank of dikwels selfs afgedank word.

Bogenoemde groep is moeilik en kompleks om te definieer, omdat gestremdheid altyd beskou moet word in verhouding tot die werk- of werkloosheidsituasie (Du Toit, 1993: 27). Daar situasies baie varieer, nie bloot van werkplek tot werkplek nie, maar ook van gemeenskap tot gemeenskap, sal die betekenis van 'n spesifieke gestremdheid of patroon van gestremdhede verskil in terme van gemeenskapsgeleenthede en eise, en ook die mate waartoe die individu daarby kan aanpas.

Brenner en Levi (1987: 155) verklaar dat dit aanvaarbaar is om aan te neem dat daar miljoene mense is wat erg sosiaal, fisies en geestelik gestremd is. Sommige kry wel geleentheid om beskutte arbeid te bekom, maar hulle bly meer dikwels werkloos.

Brenner en Levi (1987: 155) beweer voorts dat verhoogde kwesbaarheid, soos by bogenoemde groepe, dikwels saamhang met verhoogde blootstelling aan nadelige omgewingsomstandighede. Geraas, besoedeling, oorbevolking, voedingsgebreke en lae higiëniese standaarde karakteriseer die meeste groter industriële vestigingsgebiede, krotbuurtes en plakkersareas. Hierdeur word die risiko van 'n daaropvolgende afname in gesondheid en psigiese welsyn grootliks vermeerder.

Hoewel baie psigiese probleme tot werkloosheid lei, het die navorsing van Tiffany, Cowan en Tiffany (1970: 156) aangedui dat werkloses nie noodwendig geestesongesteld is nie, maar dat hulle deurgaans geïdentifiseer word as individue met 'n verlies van, of gebrek aan selfgerigtheid. Die gevolg is dat hulle nie in staat is om

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

voldoende werksaanpassings te doen nie, 'n werksidentiteit te ontwikkel en sodoende 'n lid van die arbeidsmag te word nie.

Fisiese ongesteldheid kan 'n groot struikelblok vir gereelde werk wees, ongeag die ouderdom van die werker (Schwefel 1986: 414). Sieklike mense loop 'n hoër risiko om werkloos te raak as ander. Die risiko om afgedank te word neem toe met die frekwensie en duur van die siekte. Hul werkloosheid duur ook drie maal langer as dié van die gesonde werklose persoon. Die gesondheidstatus neig verder ook om agteruit te gaan gedurende werkloosheid.

Tiffany et al. (1970: 35) beskryf fisiese ongestelheid by arm, minderbevoorregte mense soos volg: Arm mense word meer dikwels siek as enige iemand anders in die gemeenskap. Dit is waarskynlik te wyte aan die samedromming van mense in onhigiëniese toestande in die agterbuurtes. Hulle dieët is onvoldoende en hulle het nie toegang tot voldoende mediese versorging nie. Wanneer hulle siek word, bly hulle langer siek as enige ander groep in die gemeenskap. As gevolg daarvan verloor hulle inkomste en werk, en vind hulle dit moeilik om 'n standvastige werk te bekom en te behou. Dit lei daartoe dat hulle nie goeie behuising, voedsame diëte of mediese koste kan bekostig nie. Op enige gegewe punt in hierdie kringloop, veral indien daar 'n ernstige siekte voorkom, is die moontlikheid goed dat hulle selfs na 'n laer vlak mag daal en om 'n kringloop van nog ergere lyding te konfronteer (vgl. Du Toit 1993: 29).

Waar werklose individue met gesondheidsprobleme tog weer in die arbeidsmark geïntegreer word, moet hulle meer dikwels as ander veranderinge in beroep en professionele degradering ondergaan. Hulle moet gewoonlik op 'n laer vlak werk, sowel as verandering van

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

beroep en industrie, asook 'n verlaagde inkomste aanvaar (Schwefel 1986: 415).

Rip (1981: 54) bring die rol van ongelukke as oorsaak van werkloosheid onder die aandag. In die moderne samelewing is daar baie wyses waarop 'n persoon beseer kan word en waarvan die besering blywende effekte mag hê. Baie industriële en motorongelukke laat persone ongeskik vir die ope arbeidsmark. As 'n persoon sy visie of 'n arm of been verloor het, gaan hy/sy baie probleme ondervind om werk te vind. Breinskade as gevolg van 'n ongeluk kan 'n persoon ook lewenslank ongeskik maak vir werk. Baie persone, insluitende vroue en kinders, doen beserings tuis op wat 'n onvermoë om te werk meebring.

Die Staat toon wel simpatie teenoor persone met gestremdhede. Beskutte Arbeid, binne die Departement van Mannekrag, het ten doel om sover moontlik werk aan werklose persone met gestremdhede te verskaf.

2.4.2.2 Psigologiese samestelling van die mens

Persone wat 'n swak psigologiese samestelling vertoon, ervaar aanpassingsprobleme wat dikwels manifesteer in alkoholmisbruik, residivisme en anti-sosiale gedrag. Sodanige persone se opleiding en ervaring is dikwels van 'n gebrekkige aard en hulle vertoon ook 'n labiele werkrekord, aldus Human (1993: 21). Alkoholmisbruik gee dikwels aanleiding tot verlaagde produktiwiteit en werkgewers word soms genoodsaak om sodanige werknemers af te dank. Volgens Dillman (1987: 6) het swart werkers dikwels 'n geskiedenis van werkwisseling, werkafwesigheid, aanpassingsprobleme, lae produktiwiteit, alkoholisme, residivisme en anti-sosiale gedrag.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

2.4.2.3 Plekgebondenheid

Daar is landwyd werksoekers wat nie geskikte werk wil aanvaar, indien dit verhuising sou meebring nie, of wat nie bereid is om op die platteland of op afgeleë plekke te werk nie (Dillman 1987: 6-7). Seisoenwerkers wat nie oor ander geskikte opleiding beskik nie en boonop plekgebonde is, is dikwels na 'n werkseisoen werkloos (Swanepoel en Van Zyl 1994: 271).

2.4.2.4 Kieskeurigheid

Heelwat werksoekers is onrealisties in hul salariseise of is kieskeurig en weier derhalwe aangebode werk. Plaaswerk, verkoopswerk, arbeiderswerk en werk wat skofte, laat ure of naweekwerk verg, is voorbeelde van werk wat nie maklik aanvaar word nie (Dillman 1987: 6). Swart vroue is ook nie almal gretig om werk as huishulpe te aanvaar nie – selfs al het hulle geen ander inkomste nie.

Boersema (1986: 9) is van mening dat sommige werkers verkies om nie by die arbeidsmag aan te sluit nie, aangesien hulle op soek is na beter lone en dus bereid is om te wag vir 'n beter aanbod.

Volgens Bell (1985: 33) verkies trekarbeiders om slegs soveel tyd aan loonarbeid te bestee as wat nodig is om 'n bestaan te maak. Onderlinge hulpverlening deur familielede en inkomste uit bestaanslandbou, verseker hierdie werkers dan van 'n bestaan tydens periodes van vrywillige werkloosheid.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

2.5 Die sosiale verspreiding van werkloosheid

Werkloosheid vertoon nie 'n eweredige verspreiding binne die Suid-Afrikaanse samelewing nie (Uys en Marais 1991: 23). Dit bring mee dat sekere groeperinge groter gevaar loop om werkloos te wees as ander:

- Vrouens bevind hulself in 'n meer kwesbare posisie ten opsigte van werkloosheid as mans.

- Sekere ouderdomsgroepe is meer blootgestel aan werkloosheid as ander. Volgens navorsing wat deur Market Research Africa onderneem is, is bevind dat werkloosheid onder swartmense die meeste voorkom by diegene onder die ouderdom van vier en dertig jaar.

  Navorsing geloods deur Kessler, Turner en House (1987: 952) het aangedui dat individue wat hulle werk verloor, gewoonlik jonger is as dié met stabiele werk. Hulle is meer waarskynlik vroulik, swart en ongetroud. Hulle het gewoonlik ook 'n laer vlak van skolastiese opleiding.

- Hoe laer 'n persoon se onderwyspeil, hoe groter is die kanse dat hy werkloos sal wees (Wilson en Ramphele 1989: 93).

- Veral swartmense, maar ook in 'n mindere mate ander rassegroepe, benewens blankes, ervaar 'n hoër mate van werkloosheid (Nürnberger 1990: 8).

- Swart woongebiede op die platteland en hervestigingskampe ervaar 'n hoër mate van werkloosheid as stedelike gebiede.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- Werksverlies by enkelouergesinne, veral enkellopende moeders, is 'n aspek wat al hoe meer onder die aandag van navorsers begin kom. Die voorkoms van armoede, werkloosheid en swak fisiese en geestesgesondheid in hierdie huishoudings is kommerwekkend hoog (Retherford, Hildreth en Goldsmith 1988: 193).

- Kleiner stedelike sentra soos dié in die Oos-Kaap vertoon 'n groter mate van werkloosheid as die groter stedelike sentra (Nürnberger 1990: 8).

- Ongeskoolde, seisoen- en tydelike arbeiders word veral gekenmerk deur 'n hoë mate van werkloosheid (Nürnberger 1990: 8).

- Rosenman (1979: 23) noem vroue wat hul werk as tuisteskeppers verloor het na die dood of egskeiding van 'n lewensmaat "displaced homemakers." Hierdie vroue vind dit dikwels moeilik om 'n werk te bekom, omdat hul vaardighede verleer het, of omdat hulle gebrek aan onlangse werksondervinding hul onaantreklik vir werkgewers maak.

- Mense wat opgelei is in die Kunste en Geesteswetenskappe staan 'n groter kans om werkloos te wees as diegene met wetenskaplike, tegniese en kommersiële kwalifikasies (Nürnberger 1990: 7 - 8).

Opsommenderwys kan beklemtoon word dat jong, swart vrouens met 'n lae onderwyspeil wat in plattelandse gebiede woonagtig is, die grootste gevaar loop om werkloos te wees (Uys en Marais 1991: 24).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

2.6 Meting en omvang van werkloosheid

2.6.1 Meting van werkloosheid

Die ernstige werkloosheidsprobleme in Suid-Afrika maak dit noodsaaklik om werkloosheid op die een of ander wyse te meet:

2.6.1.1 Sensusmetode

Tydens 'n algemene bevolkingsensus word sekere vrae ingesluit om die ekonomiese status van die totale bevolking in die land vas te stel. Sodoende kan die getal werkloses bepaal word.

2.6.1.2 Verskilmetode

Indien die totale getal persone wat in die formele sektor werksaam is, afgetrek word van die totale ekonomies bedrywige bevolking (EBB), bied dit die getal persone wat werkloos is (Swanepoel en Van Zyl 1994: 272). Dit beteken dus dat mense wat in die bestaanslandbou en in die informele sektor werksaam is, hiervolgens as werkloos beskou word. Ten einde die werklike werkloosheidsyfer te bereken, moet beramings gemaak word van sodanige sektor van die bevolking, en dit moet dan van die ekonomies bedrywige bevolking (EBB) afgetrek word.

2.6.1.3 Registrasiemetode

Wanneer 'n persoon werkloos raak, kan hy/sy by een van die verskillende streekskantore van die Departement van Arbeid in Suid-

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Afrika as werkloos registreer. Registrasie is egter vrywillig en geskied gewoonlik om een van twee redes: hy/sy hoop om deur middel van die Departement se plasingskantore werk te bekom, en/of hy/sy kwalifiseer vir werkloosheidsvoordele van die Werkloosheidsversekeringsfonds. Statistiek aangaande geregistreerde werkloosheid kan bekom word deur maandelikse opgawes van die Departement van Arbeid se kantore. Hierdie metode, as gevolg van vrywillige registrasie, word dus nie as baie akkuraat beskou nie (Swanepoel en Van Zyl 1994: 273).

2.6.1.4 Steekproefmetode

Lopende bevolkingsopnames (LBO) word maandeliks op 'n steekproefbasis gedoen om die jongste inligting oor die struktuur van die ekonomies bedrywige bevolking te bekom. Hierdie metode toon soos enige steekproefmetode sy tekortkominge (Swanepoel en Van Zyl 1994: 273).

2.6.2 Omvang van werkloosheid

Werkloses wat hulself in vakbonde organiseer, groei tans in die RSA teen 'n vinniger tempo as die Cosatu-geaffilieerdes (Mittner 13 November 1998: 51).

Ten tye van die presidensiële werkskeppingsberaad gedurende Oktober 1998 in Midrand, het lede van die Unemployed Masses of SA (UMSA) en die Malamulela Social Movement for the Unemployed, twee "vakbonde" vir werkloses, betoog. Hierdie mense raak ongeduldig oor die groeiende werkloosheidskoers.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Dit is vir beleidmakers noodsaaklik om te weet hoe groot die omvang van werkloosheid is. Derhalwe is 'n aanduiding van die getal werkloses van wesenlike belang. Data oor werkloosheid in Suid-Afrika laat, volgens dr. F. Barker, Voorsitter van die Nasionale Mannekrag-kommissie, veel te wense oor (Swanepoel en Van Zyl 1994: 272).

Volgens GEAR, die regering se bloudruk vir groei, werkskepping en herverdeling, is Suid-Afrika se werkloosheidsyfer tans 25% en steeds besig om te styg (Beeld 26 September 1997: 3). Die jongste syfers van die Suid Afrikaanse Reserwebank aangaande werkloosheid, onderskryf dié syfer. Tydens die laaste nasionale werkloosheidspeiling wat in Oktober 1995 gedoen is, is werkloosheid op 29,3% vasgestel. Dit beteken dat daar in 1995 3 587 737 werkloses uit die potensiële ekonomies-aktiewe deel van die bevolking was. Die Reserwebanksyfer het getoon dat, terwyl daar voortdurend werksgeleenthede in die openbare dienste-sektor geskep word, duisende werkers in die private sektor afgedank word. Volgens dié verslag is daar in 1996 108 000 werksgeleenthede in die private sektor afgeskaf of gerasionaliseer. Terselfdertyd is 35 000 werkgeleenthede in die staatsdiens geskep, wat die druk op die staatskas vergroot, in 'n tydperk dat die regering juis sy bestedingstekort in toom probeer hou. Tussen Desember 1995 en Desember 1997 het 63 853 mense hulle poste in die formele sektor (landbou uitgesluit) in Suid-Afrika verloor (Duvenhage 1998: 3). Prof. Lawrence Schlemmer waarsku dat, indien daar nie indringend werk gemaak word van die werkloosheidsprobleem in Suid-Afrika nie, daar teen die jaar 2010 'n werkloosheidsyfer van meer as veertig persent kan wees (Rapport 30 November 1997: 3).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Sommige ekonome glo dat die wortel van die werkloosheidsprobleem juis by GEAR lê, aangesien GEAR Suid-Afrika aan buitelandse mededinging blootgestel het, in dieselfde tydperk dat die huidige regering sy besteding wou beperk en die Reserwebank 'n streng monotêre beleid met hoë rentekoerse toepas (Beeld 26 September 1997: 3).

Volgens Mittner (20 Februarie 1998: 12) het Suid-Afrika sedert 1994 reëel sowat 80 000 werksgeleenthede verloor, terwyl dit die GEAR-doelwitte spesifiek was om reëel 126 000 werksgeleentheide in 1996 en 'n verdere 252 000 in 1997 te skep. Die jongste syfers van die Sentrale Statistiekdiens onderstreep 'n werkloosheidsituasie wat steeds toeneem. Die grootste toename in werkloosheid het in die mynbou-, konstruksie- en vervaardiging-sektore voorgekom. Volgens die jongste statistiek van die Suid-Afrikaanse Reserwebank het die indeks vir werkverskaffing in nie-landbou sektore ook in die huidige tydvak skerp gedaal (Schoombee 1998: 17).

Vanaf Desember 1987 tot en met Februarie 1995 het die getal geregistreerde jeugdige werkloses by die Departement van Arbeid snel toegeneem en in 1995 het dit reeds op 310 079 gestaan (Nasionale Mannekragkommissie 1995: 28).

2.6.2.1 Geregistreerde werkloosheid in die RSA

Geregistreerde werkloosheid word in meer as 400 kantore van die Departement van Arbeid landwyd gemonitor. Aangesien registrasies vrywillig is, moet sodanige gegewens nie beskou word as 'n getroue weergawe van die werklike omvang van werkloosheid nie (Ebersöhn 29 April 1988: 12).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Volgens Swanepoel en Van Zyl (1994: 272-273) sal 'n werklose persoon gewoonlik om een van twee redes registreer:

- Hy/sy mag hoop om deur middel van die Departement se plasingskantore werk te bekom; of

- hy/sy kwalifiseer vir werkloosheidsvoordele van die werkloosheidsversekeringsfonds.

Die registrasiemetode van die meting van werkloosheid is egter bloot 'n breë aanduiding, omdat dit volgens Swanepoel en Van Zyl (1994: 273) mank gaan aan sekere tekortkominge:

- alle werkloses registreer nie by die Departement van Arbeid nie;

- baie werkloses kwalifiseer nie vir werkloosheidsvoordele nie en sal dus nie registreer nie; asook

- sommige mense registreer as werkloos net om die werkloosheidsvoordele te ontvang, maar hulle is nie gewillig om te werk nie.

Solank registrasie van werkloosheid vrywillig is, sal hierdie metode nie as baie akkuraat beskou kan word nie. Dit bied egter 'n breë aanduiding van huidige werkloosheidstendense in die RSA.

2.6.2.2 Lopende bevolkingsopnames in die RSA

Vir 'n meer betroubare aanduiding van werkloosheid, word die Lopende Bevolkingsopnames (LBO) gebruik. Dit word maandeliks

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

op 'n steekproefbasis onder bruinmense, Swartes en Asiërs gedoen. Volgens dr. Frans Barker word dié opnames nie onder blankes gedoen nie, omdat blanke werkloses geredelik registreer (Ebersöhn 29 April 1988: 12).

Hiervolgens word die omvang van werkloosheid bepaal deur:

- die "streng definisie" waarvolgens 'n werklose daadwerklike stappe gedoen het om werk te kry, asook

- die "uitgebreide definisie" waarvolgens mense wat nie aktief werk gesoek het nie, maar graag wil werk, ook as "werkloos" bestempel word.

Die LBO het, soos enige steekproefmetode, sekere tekortkominge (Swanepoel en Van Zyl 1994: 273):

- onderindiensname word nie voldoende in ag geneem nie;

- die werkloosheidsprobleem kan oorskat word omdat dit mense insluit wat wil werk, maar nie belangstel in bestaande werksgeleenthede nie, of mense wat voorgee dat hulle wil werk of werk soek, maar dit eintlik nie doen nie; asook

- mense koester dikwels onrealistiese verwagtings oor die soort werk waarvoor hulle geskik is en laat gevolglik geleenthede om wel werk te kry, verbygaan.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

2.7 Stadia van sielkundige reaksies op werkloosheid

Werkloosheid vertoon ingrypende gevolge op die emosionele lewe van die werklose individu en op sy gesin, maar dit is by elke persoon en in enige gesin letterlik en figuurlik so uniek soos sy vingerafdruk (Van Nieuwholtz 1994: 1). Die tydperk wat die persoon werkloos is, speel 'n groot rol in die verwerking en belewing van die trauma wat werkloosheid meebring (Bouwer 1995: 72). Volgens Hoffman, Carpentier-Alting, Thomas, Hamilton en Broman (1991: 105) vertoon werkloosheid vir 'n kort periode nie 'n groot effek op die gesin as geheel nie, maar beïnvloed die huwelik meer spesifiek. Sou die persoon nie 'n werk bekom nie, en die periode van werkloosheid word verleng, verhoog die spanning omtrent die onsekerheid van 'n inkomste en die verlaging van materialistiese standaarde diensooreenkomstig. Sodanige situasie vertoon dan later 'n negatiewe effek op die hele gesin (vlg. Bouwer 1995: 73).

Die persoon wat sy werk verloor, ervaar ten diepste 'n verlies van iets wat 'n groot en integrale deel van sy\haar lewe uitmaak. Net soos die dood van 'n lewensmaat of 'n egskeiding tussen 'n man en 'n vrou met die belewing van groot verlies gepaard gaan, net so ervaar die persoon wat sy werk verloor, 'n verlies in sy lewe. Sodanige verliesbelewing word nie in 'n oogwink hanteer nie; inteendeel, die persoon deurloop 'n totale verwerkingsproses, soortgelyk aan dié van die dood van 'n lewensmaat (Human 1993: 22-23).

Winefield et al. (1993: 20) is van mening dat die persoon wat toegewyd en positief teenoor sy werk ingestel was, meer psigologiese probleme tydens werkloosheid ondervind.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

2.7.1 Stadium 1: Skok

Die eerste reaksie van 'n persoon wat sy werk verloor, is skok. Die Verklarende Afrikaanse Woordeboek (1992: 782) omskryf skok soos volg: ".... toestand van plotselinge verlamming van al die lewenskragte sonder verlies van die bewussyn." Dit is asof die persoon nie werklik besef wat gebeur nie - dus innerlik is die persoon verward, en hy probeer die nuus op verskeie maniere wegsteek (Human 1993: 23-24). Dit veroorsaak fisiese probleme soos die verhoging van bloeddruk, omdat die persoon gespanne is en dikwels nie weet hoe hy die nuus aan sy gesin gaan oordra en wat van hom en sy gesin gaan word nie (Bouwer 1995: 75). Sodanige verhoogde bloeddruk normaliseer gewoonlik binne ses maande.

Volgens Lovell (1996: 14) is ...."the first few days are probably the hardest to cope with. It's all so new, so strange and so frightening for both partners - the one who's lost the job and the one who feels all the same fears, shares the same worries but feel utterly powerless to do anything."

Die skok wat werkloosheid meebring word op verskillende maniere hanteer. Sommige persone stel die mededeling van die nuus aan hul kollegas uit, soek alternatiewe werk binne dieselfde maatskappy, terwyl andere voorgee dat hulle in elk geval van plan was om die werk te verlaat (Human 1993: 24).

2.7.2 Stadium 2: Ontkenning

Voorbeelde van hanteringsmeganismes word deur Brenner en Levi (1987: 153) beskryf. Sommige individue wat gekonfronteer word met 'n bedreigende situasie (soos blootstelling aan werkloosheid) neem

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hulle toevlug tot ontkenning. Hulle "weier" om 'n bedreiging waar te neem wat duidelik deur andere gesien kan word. Hierdie meganisme bied wel tydelik vrede aan liggaam en gees, maar het gewoonlik op die lange duur talle negatiewe effekte.

Van Graan (1983: 30) is van mening dat die antisipasie van afdanking meer spanning as die impak van die bedreigende stimulus meebring. Die reaksie van die werker is dan ook dikwels om hom/haarself te distansieer van die bedreiging, want so 'n houding dien as 'n verdedigingsmeganisme. Hierdie toestand vereis egter enorme hoeveelhede psigiese energie wat prestasie in die werksituasie nadelig kan beïnvloed.

Sodra die werker sekerheid verkry oor sy situasie – al is dit ook negatief – ervaar hy/sy 'n gevoel van verligting wat weer energie vrystel om die ontkenning te hanteer (Du Toit 1993: 139).

Die ontkenningsreaksie na werksverlies, wat gekenmerk word deur 'n aanvanklike gevoel van optimisme en 'n positiewe gemoedstemming, het 'n buffer-effek teen die skok van werkloosheid tot gevolg. Wanneer die werklikheid van die situasie egter begin deurdring, kan 'n reaksie van woede oor sy/haar omstandighede egter begin intree.

2.7.3 Stadium 3: Opstand

Die derde fase wat die werklose persoon beleef, is opstand en woede. Dit kan beskou word as 'n reaksie op die gevoel van hulpeloosheid en magteloosheid wat die persoon ervaar (Human 1993: 25).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

'n Werklose persoon ervaar hoogs negatiewe emosies, woede, bitterheid en selfbejammering (Schoombee 9 Oktober 1998: 59). "Behalwe die metafisiese opstand was daar ook die normale aggressie as reaksie op die gevoel van hulpeloosheid en magteloosheid" (Van Niekerk 1984: 33).

Van Nieuwholtz (1994: 6-7) beklemtoon dat frustrasie, irritasie en gevoelens van aggressie en gegriefdheid tot bitterheid lei. Die werklose sien homself soms as "ek teen die wêreld" en hy vra homself af: "Waarom ek?"

Fouché, Berendt, Hattingh en Fourie (1986: 48) beweer dat die individu woede ervaar omdat hy verwerp, beledig en onregverdig behandel is. Dit gee aanleiding tot 'n negatiewe houding teenoor alles en almal, sowel as gevoelens van bitterheid en leegheid. Smith, Brott en Davis (1988: 54), asook Bergh (1992: 72) het bevind dat werknemers wat afgedank is, dikwels met soveel destruktiewe woede reageer, dat hulle selfs tot die uiterste sal gaan, soos om iemand te skiet. Dade van sabotasie, soos om rekords en rekenaardata te verwoes, kom ook voor.

Levine (1979: 8) het in sy navorsing oor werkloosheid onder jeugdiges gevind dat hulle hul woede dikwels teen individue rig (onderwysers, ouers, werkgewers), of instansies (die skool, die regering), of teen die samelewing as geheel. Soms is die woede gerig teen die self. Gewoonlik word die woede beheer en slegs verbaal uitgedruk. Woede kan egter ontwikkel in woede-aanvalle wat onoordeelkundig, irrasioneel of destruktief teen die samelewing in die vorm van antisosiale gedrag, gebruik van verdowingsmiddels of deelname aan aktiwiteite van afwykende groepe aangewend word.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Du Toit (1993: 141) glo dat woede oor die situasie van werkloosheid gewoonlik op twee wyses by mans sowel as vroue manifesteer. Die werklose individu kan die woede na binne keer, wat negatiewe gevoelens soos mislukking, nutteloosheid en frustrasie laat ontstaan. Die woede kan ook uitwaarts teen individue en instansies gerig word. Hierdie vorm van woede kan wissel van die verbalisering van emosies, tot destruktiewe gedrag wat verwoesting van eiendom insluit.

Nadat die ergste woede bedaar het, wend die individu wat sy/haar werk verloor het 'n poging aan om te onderhandel om sy/haar werk op 'n manier te behou, miskien deur 'n ander posisie in die organisasie te probeer bekom (Amundson en Borgen 1982: 562). Sodanige onderhandeling is gewoonlik tevergeefs, en die individu raak dan toenemend depressief. In dié toestand ondervind die individu 'n gebrek aan energie en wil net alleen gelaat word.

2.7.4 Stadium 4: Onderhandeling

Die persoon wat sy werk verloor, begin met homself en selfs met God onderhandel - en sy gedagtes sentreer rondom die frase: "as ..... dan."

"As ek net my werk kan terugkry, dan sal ek harder werk," of "as die Here net wil sorg dat ek werk kry, dan sal ek my werk so goed doen as wat ek kan tot Sy eer." Hierdeur wil dit voorkom asof die werklose persoon erken dat hy sy vorige geleentheid deur sy vingers laat glip het en dus vra om nog een geleentheid gegun te word (Human 1993: 26).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

2.7.5 Stadium 5: Depressie

Plug, Meyer, Louw en Gouws (1987: 60) beskryf depressie as 'n toestand van intense neerslagtigheid (bedruktheid, teneergedruktheid) wat in die reël gepaard gaan met gevoelens van ontoereikendheid, onsekerheid, pessimisme omtrent die toekoms, asook sosiale onttrekking en verlaagde psigomotoriese aktiwiteite. Volgens Louw en Van Jaarsveld (1989: 168) kan die depressiewe gevoel wissel van 'n relatief ligte melancholie, tot 'n gevoel van totale hulpeloosheid. By die erg depressiewe persoon word die sogenaamde hulpeloosheid of hopeloosheidsindroom dikwels aangetref – 'n gevoel dat alles verlore is en dat niemand hom/haar meer kan help nie.

Volgens Fouché et al. (1986: 49) word die depressiefase gekenmerk deur die onvermoë om besluite te neem. Rip (1981: 56) beweer dat aanhoudende mislukking om werk te bekom, veroorsaak dat die werklose sy/haar werkloosheid beskou as 'n mislukking om aan rolverwagtings te voldoen, en gevolglik onttrek hy/sy van verskeie aktiwiteite en uitendelik ook van besluitneming in die gesin. Mettertyd bedreig werkloosheid sy/haar identiteit en lae selfagting is die gevolg.

Schwefel (1986: 417) wat die invloed van werkloosheid op gesondheid nagevors het, het bevind dat werkloosheid op die langtermyn aanleiding mag gee tot 'n depressiewe toestand wat gekarakteriseer word deur passiwiteit, gelatenheid, planloosheid, apatie, hopeloosheid, gebrek aan selfvertroue, en gevoelens van waardeloosheid.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Volgens Baum, Fleming en Reddy (1986: 514) kan verlies van werk en gevolglike werkloosheid beskou word as 'n situasie wat verlies van kontrole behels. As 'n individu eers sy/haar werk verloor, word kontrole oor baie lewensaspekte verloor. Aanvanklik is verlies van kontrole 'n reaksie op 'n gebeurtenis, wat mettertyd aanleiding gee tot 'n toestand wat Baum et al. (1986: 515) as "aangeleerde hulpeloosheid" bestempel. Verskeie navorsers, onder andere Tiggeman en Winefield (1984: 34), beskryf 'n opeenvolging van stadia wat laer selfagting en verhoogde depressie ten gevolg het by iemand wat werkloos geraak het. Hierdie stadia mag strek van skok tot optimisme, tot pessimisme en uiteindelik tot fatalisme. Hierdie stadium, wat volgens Tiggemann en Winefield bestaan uit 'n sin van persoonlike hulpeloosheid en verlies van kontrole oor gebeurtenisse (met ander woorde, 'n meer eksterne lokus van kontrole), mag help om die mate van oorblywende selfagting te bewaar en verdere depressie te verminder. Dit kom ooreen met die toestand wat Baum et al. (1986: 515) as "aangeleerde hulpeloosheid" beskryf, waarvan veranderings in selfagting, lokus van kontrole en depressie waarskynlike gevolge is.

Die persoon wat sy werk verloor en dit moeilik vind om weer 'n ander werk te bekom, word die een of ander tyd met gevoelens van depressie gekonfronteer. Hy voel neerslagtig, aangesien hy homself blameer vir die feit dat hy nie 'n alternatiewe werk kan bekom nie. Hy beleef homself as onbekwaam, onbevoeg, 'n mislukking in die lewe. Wanneer hy voorts met elke verdere werkaansoek onsuksesvol is, ervaar hy dat ander mense hom ook verwerp (Human 1993: 27). Hierdie fase van onsekerheid, moedeloosheid, minderwaardigheid en depressie word as die gevaarlikste stadium vir die persoon en sy gesin beskou (Bouwer 1995: 76). Schwefel (1986: 412) het 'n verband tussen selfmoord en gevoelens van hopeloosheid,

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

depressie, algemene verlies van kontrole, hulpeloosheid, anomie, passiwiteit, gelatenheid, pessimisme en verminderde selfvertroue gevind.

2.7.6 Stadium 6: Aanpassing

Fagin en Little (1984: 55) is van mening dat dit moeilik is om te bepaal in watter mate persone aanpassing in hul lewe as gevolg van werkloosheid maak, aangesien die werklose dikwels weer in diens geneem word voordat noodsaaklike lewensaanpassings nodig geword het.

"The psycological changes in the longterm have not been reported extensively in studies of joblessness, and most researchers have stopped short in their inquiries after twelve, or at the most eighteen months of unemployment. The picture described is always a gloomy one, presenting the individual as broken, hopeless, resigned and withdrawn from social and family life, with little or no incentive to improve his situation. No attemps have been made to see whether all the unemployed of long standing react in this way, or whether there are groups that are better than others, and if so, in what circumstances and under what conditions. The outcome of consistent and irreparable damage without positive adjustment runs contrary to the finding of psycological reactions to other experiences of loss, where only a minority of individuals are likely to be affected permanently, and most are able to surpass and learn from them and make constructive adaptation," aldus Human (1993: 27 - 28).

Enkele modelle wat die stadia in die aanpassingsproses by werkloosheid onder volwassenes uitstippel, word in tabelvorm in Figuur 2.1 vergelyk.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

FIGUUR 2.1

MODELLE VAN DIE PSIGIESE STADIA IN DIE AANPASSINGSPROSES OP WERKLOOSHEID

Amundson/ Borgen (1982: 563)`	Brenner/Levi (1987: 157)	Donovan/ Oddy (1982: 16)	Joelson/ Wahlquist (1987: 179)	Rip (1981: 56)
	Antisipasie van werksverlies		Antisipasie	
	Afdanking: Skok	Skok	Afdanking: akute psigiese krisis	Skok
Ontkenning		Ontkenning		
Woede			Woede	
	Terugkeer na relatief normale vlakke		Siekrol-gedrag	Werksoek en instandhouding van normale patrone
Onderhandeling				
	Toename in psigiese en biochemiese stressimptome	Traagheid Angs	Verveling	Bedreiging van identiteit
Depressie		Depressie	Depressie	Depressie: Onttrekking, Disorganisasie en krisis
Aanvaarding	Aanvaarding	Aanvaarding		Aanpassing
Entoesiasme om nuwe werk te soek			Entoesiasme	
Uitbranding: ("burnout") Stagnasie Frustrasie Apatie			Stagnasie Kollektiewe probleem verander in individuele probleem	

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Net soos by volwassenes, ervaar jongmense wat werkloos raak, of skoolverlaters wat nie werk kan bekom nie, ook verskillende stadia in die aanpassingsproses.

Enkele modelle van die aanpassingstadia by jeugdiges word in tabelvorm in Figuur 2.2 geïllustreer.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

FIGUUR 2.2

AANPASSINGSTADIA OP WERKLOOSHEID: JEUGDIGES

Levine (1979: 7)	Sherraden/ Adamek (1985: 470)	Tiggeman/ Winefield (1984: 45)
Optimisme gekenmerk deur: • Ontspanne houding • Genieting van vryheid • Hoopvolheid om werk te kry	Optimisme	Optimisme
Twyfelagtigheid gekenmerk deur: • Verveling • Isolasie • Blootstelling aan druk om werk te kry • Identiteitsverwarring	Verwarring	Pessimisme
Wanhoop gekenmerk deur: • Morbiditeit • Onttrekking • Buierigheid • Hopeloosheid • Antisosiale aktiwiteite • Gebrek aan selfagting • Skuldgevoelens • Depressie • Demoralisaise	Wanhoop	Fatalisme

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Levine (1979: 7) vestig die aandag daarop dat anders as by die eerste response op krisisse wat by volwassenes voorkom, daar gewoonlik nie aanvanklike fases van skok, ongeloof of ontkenning by jeugdiges waargeneem word nie. Die jeugdige is gewoonlik optimisties dat hy/sy werk sal kry, het min illusies oor hom/haarself en selfs minder verwagtings oor wat die langtermyntoekoms mag inhou.

Tiggemann en Winefield (1984: 40) is van mening dat jeugdiges en skoolverlaters ook vinniger deur dié stadia vorder om die stadium te bereik wat hulle as "settling down to unemployment" beskryf.

2.8 Die gevolge van werkloosheid

Daar is reeds vroeër gefokus op die ernstige implikasies wat werkloosheid op ekonomiese, sosiaal-maatskaplike, politieke en etiese terreine vertoon. Die gevolge van werkloosheid strek veel verder as die ekonomiese terrein en dring deur tot die mens se diepste wese (Swanepoel en Van Zyl 1994: 272), alhoewel die graad of intensiteit van belewenis van persoon tot persoon mag verskil. Vervolgens word kortliks na enkele identifiseerbare gevolge van werkloosheid verwys:

2.8.1 Ekonomies

Vir die landsekonomie in die algemeen impliseer die gevolge van werkloosheid dat duur vaardighede en potensiële vermoë as gevolg van die onbenutting daarvan verlore gaan. Geen land ter wêreld kan dit bekostig om van sy kosbaarste hulpbron (arbeid) onbenut verlore te laat gaan nie (Swanepoel en Van Zyl 1994: 271).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Werkloosheid toon voorts 'n negatiewe effek op die persepsie oor die sukses van die bestaande markekonomie. Die persepsie ontstaan dat die mark nie die werkloosheidsprobleem kan oplos nie, daar dit juis vir die werkloosheidsvraagstuk verantwoordelik is (Swanepoel en Van Zyl 1994: 271).

Die makro-ekonomiese gevolg van werkloosheid is dat die land nie sy optimale potensiaal in die produksie van goedere en dienste bereik nie. Die bruto binnelandse produk is derhalwe laer, minder verbruikersgoedere is beskikbaar, minder eksterne investering vind plaas en die welvaartspeil in die land is relatief laer as wat dit sonder werkloosheid sou wees (Swanepoel en Van Zyl 1994: 271).

Werkloosheid bring 'n verlies aan inkomste vir die staat en individu mee, as gevolg van 'n verlies aan produktiwiteit en aan belasting wat deur die werkloses betaal sou gewees het, indien hul wel besoldigde werk beoefen het (Gordon en Browne 1989: 60). Dit werk voorts beperkend in op toekomstige projekte soos deur die staat gefinansier of gesubsidieer. Direkte uitgawes uit die staatskas betreffende die uitbetaling van werkloosheidstoelaes knou die ekonomie nog verder (Van der Merwe 1988: 31).

Vervolgens beteken grootskaalse werkloosheid ook 'n swaar finansiële las op die gemeenskap vir die daarstelling van noodsaaklike fisiese en sosiale infrastrukture (Boersema 1986: 67). Die staat moet gevolglik meer geld aan die voorsiening van mediese en welsynsdienste aan werkloses spandeer.

Die mikro-ekonomiese gevolg van werkloosheid is ook ernstig. Die begrip "arbeid" verwys nie net na nog 'n produksiefaktor nie, maar na mense. Werkloosheid beteken dat iemand sonder 'n werk en sonder

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

inkomste van ander afhanklik is. Dit bring voorts mee dat van die ander produksiefaktore onderbenut word, daar in produksie arbeid saam met ander produksiefaktore gekombineer word. Gedurende tye van werkloosheid is nie slegs 'n arbeidsmag ledig nie, maar ook masjinerie, toerusting en so meer onaktief, sodat toekomstige produksie ook beïnvloed word (Swanepoel en Van Zyl 1994: 272).

Die verlies van betaalde werk deur 'n lid van 'n huishouding beteken noodwendig 'n daling in huishoudelike inkomste (Uys en Marais 1991: 24). Daarmee saam gaan gewoonlik 'n verlaging van lewenstandaarde soos gekenmerk deur moontlike tekorte aan voldoende voedsel, behuising, mediese versorging ensovoorts; en 'n gepaardgaande afname in individue se beheer oor hul persoonlike lewens asook hul omgewing (Nürnberger 1990: 9).

Visser (1991: 38) beklemtoon die ekonomiese effek van werkloosheid op die gesin soos volg: "Unemployment and its accompanying economic hardships are among the most stressful situations any family can face. However, it is not unemployment as such, but rather the financial uncertainty and the reduced quality of life it entails that can lead to tention in the family."

2.8.2 Fisiologies

Duitse psigiaters het bevind dat die senuspanning wat met een jaar se werkloosheid gepaard gaan, 'n persoon se lewensverwagting met soveel as vyf jaar kan verkort. 'n Lektor aan die Harvard se Mediese Skool beskryf werkloosheid as dié doodmaak-siekte wat ook grootliks vir huweliksgeweld, biologiese onvrugbaarheid en selfs tandbederf verantwoordelik is (Swanepoel en Van Zyl 1994: 272).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Volgens Ferreira (1982: 17) toon opnames omtrent werkloosheid 'n verband tussen werkloosheid en swak gesondheid en die spanning wat uit die verlies van die werk voortspruit. "Die werklose is geneig om sy gesondheidsprobleme as 'n psigiese regverdiging voor te hou tot sy voordeel, as rede hoekom hy nie werk nie. Dit is slegs 'n minderheidsgroep wat sodanige gesondheidsprobleme ervaar dat dit inbreuk maak op hul werkvermoëns."

Van Nieuwholtz (1994: 8) het bevind dat bors- en rugpyne gedurende die slapelose nagte erger geword het. Hartkloppings, spysverteringsprobleme, langdurige moegheid, kragteloosheid en verswakte weerstand teen siektes is ook kenmerkende simptome van werkloosheid.

Psigosomatiese versteurings is psigopatologiese toestande wat gekenmerk word deur fisiologiese en meer spesifiek, weefselveranderings wat gewoonlik tot uiting kom in liggaamsisteme wat deur die outonome senuweestelsel geïnnerveer word, byvoorbeeld asma, hipertensie, hartprobleme, maagsere en velaandoenings (Plug et al. 1987: 293). Vlok (1981: 446) verduidelik dat hierdie liggaamlike reaksies stresreaksies is wat amper elke orgaan in die liggaam nadelig kan aantas. Stres kan byvoorbeeld die uitwerping van kalium uit die miokard (hartspier) veroorsaak. Namate die kalium uit die miokard dreineer, word die hart al meer kwesbaar.

Lauer (1982: 315) is van mening dat die ledigheid en ellende wat werkloosheid meebring, 'n agteruitgang in liggaam en gees veroorsaak. Hy beweer dat daar 'n verband tussen psigosomatiese siektes en werkloosheid bestaan en noem die volgende psigosomatiese klagtes wat hy in sy navorsing gevind het: rugpyn,

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hoofpyn, slaaploosheid, kortasem, borspyne, maagongesteldheid en senuweeagtigheid.

Nog psigosomatiese versteurings wat met werkloosheid geassosieer word, word deur Schwefel (1986: 412) gerapporteer. Hy noem versteurings soos hipertensie, verhoogde cholesterolvlakke, hoë noradrenalien-vlakke, verhoogde uriensuur, kreatien in die bloedserum en 'n algemene afname in die individu se aktiwiteitsvlakke as gevolg van ongesteldheid.

Die komplekse psigofisiologiese gevolge van stres voortspruitend uit werkloosheid is oor 'n periode van twee jaar deur Baum, et al. (1986: 510) nagevors. Die studie het in die antisipasietydperk voor werksverlies begin. Serum-uriensuur en serum-kreatinien wat reaktiwiteit op stimuli mag reflekteer, het verhoogde vlakke vertoon. Hierdie toestand het 'n jaar lank gedurende die werkloosheidstydperk voortgeduur. Hul navorsing het getoon dat werksverlies en die gevolglike werkloosheid, negatiewe psigosomatiese gevolge inhou wat die fisiese gesondheid en welsyn ondermyn.

Chappell (1982: 78) toon in haar navorsing aan dat werkloses dikwels rusteloos raak en aan slapeloosheid ly. Volgens Hoffman et al. (1991: 107) sal spanning voortspruitend uit dié traumatiese situasie, sy tol eis en negatiewe simptome soos hartkloppings, hande wat sweet, droë mond en voortdurende moegheid tot gevolg hê.

Sunley en Sheek (1986: 10-11) beklemtoon enkele fisiologiese gevolge van werkloosheid: "... The direct effects of unemployment on personal health have been studied; while adverse effects are not uniform, there is a definite correlation between joblessness and increased ill-health. The study of M.H. Brenner of John Hopkins

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

University showed that, with an increase of 1% in unemployment, there were increases of 4.1% in suicide, of 5,7% in homocides, of 1,9% in deaths from heart disease, liver cirrhosis, and stress related disorders, and 2% to 4% in hospital admissions" (vgl. Human 1993: 28-29).

Asvall (1987: 99) onderskryf bogenoemde outeurs se standpunt: "Unemployment is clearly implicated in the worsening of individual health and well-being."

Navorsers blyk saam te stem dat werkloosheid 'n stressor is wat 'n agteruitgang in fisiese gesondheid veroorsaak en 'n wye verskeidenheid van toestande insluit. Psigofisiologiese toestande soos kardiovaskulêre versteurings, skeletspierversteurings, hoofpyn en spysverteringsversteurings word aan angs en 'n verhoogde kwesbaarheid op gesondheidsvlak as gevolg van die stres wat werkloosheid meebring, toegeskryf. Selfs die antisipasie van werkloosheid kan die fisiese gesondheidstoestand van 'n individu nadelig beïnvloed en 'n toename in siektetoestande by werkers veroorsaak (Du Toit 1993: 118).

2.8.3 Psigologies

"When I first saw unemployed men at close quarters, the thing that horrified and amazed me was to find that many of them were ashamed of being unemployed ..... They simply could not understand what was happening to them. They had been brought up to work and behold! It seemed as if they were never going to have the chance of working again. In their circumstances it was inevitable, at first, that they should be haunted by a feeling of personal degradation. That was the attitude towards unemployment in those

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

days: it was a disaster which happened to you as an individual and for which you were to blame" (Orwell 1973: 86).

Bogemelde aanhaling is 'n treffende illustrasie van die psigiese effek van werkloosheid op die individu, die gevoel van skande en die onverstaanbare verbreking van die "sosiale kontrak" wat tussen samelewing en werker plaasgevind het. Die werker word deur die samelewing as't ware gekondisioneer, georiënteer tot verrigting van arbeid met behulp van, onder andere, die onderwysstelsel, die godsdiens en die massamedia. Hy sal hierdeur en ook deur sy werkervaring self, 'n intrinsieke of ekstrinsieke siening van arbeid ontwikkel (Coetzee 1985: 7).

Vir die persoon wat sy werk verloor, beteken dit 'n ernstige traumatiese ervaring. "In terms of life stress, job loss is comparable to other traumatic losses; it can create almost as much stress as the death of a loved one and has been found to be more stressful than divorce or the death of a close friend" (Kaufman 1982: 18).

Volgens Human (1993: 29) beïnvloed werkloosheid die psige van die werklose persoon op verskillende wyses. Fineman (1983: 36) druk dit soos volg uit "...Three broad categories of impact were discernable: those feeling a profound rejection or failure, those feeling they had lost something of particular value, and those seeing their predicament as an acceptable, if not positive experience."

In 'n RGN-ondersoek oor die geestesgesondheid van 10 tot 11-jarige kinders is 'n vergelyking getref tussen die sielkundige welsyn van kinders uit werklose en werkende gesinne (Visser 1991: 38). Daar is bevind dat sielkundige probleme soos depressie, spanningsimptome veral op psigosomatiese vlak, toets-angs, negatiewe selfevaluering

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

en eensaamheid meer by kinders uit werklose gesinne voorgekom het.

'n Hele aantal navorsers het 'n sterk verband tussen die duur van werkloosheid en psigiese welsyn gevind. Dit blyk dat die vlak van psigiese welsyn aan die begin van die oorgang van loonarbeid na werkloosheid daal en aanhou daal gedurende die vroeë weke van werkloosheid, maar tussen vier en ses maande na die aanvang van werkloosheid vind daar 'n afplatting plaas (Liem en Liem 1988: 97; Rowley en Feather 1987: 328; Warr en Jackson 1987: 1220).

'n Verrassende bevinding in verband met die tydperk van werkloosheid by jong mense (Warr, Jackson en Banks 1988: 54) is dat daar geen verdere agteruitgang plaasvind ná die aanvanklike afname in psigiese gesondheid nie. Dit blyk dat jong mense die hoogste mate van psigiese ongesteldheid ervaar ná 'n gemiddelde tydperk van ses weke, waarna hul psigiese welsyn effens verbeter. Hierdie beduidende verband was egter skynbaar te wyte aan 'n unieke eksterne faktor, eerder as die uitwerking van voortdurende werkloosheid as sodanig. In Warr et al. (1988) se studie moes jong mense in daardie fase vir 'n tydperk van ses weke vir 'n beskikbare plek in 'n opleidingsprogram wag, maar die geleentheid vir opleiding was nie gewaarborg nie. Angs, geassosieer met sodanige onsekere situasie, het waarskynlik binne ses weke toegeneem en daarna weer afgeneem nadat dit duidelik geword het dat daar nie 'n vakature vir hulle beskikbaar was nie.

Warr (1983: 306) beskryf nege eienskappe van die werklose wat tot verminderde psigiese welsyn by die individu mag bydra:

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- Verhoogde finansiële angs as gevolg van verminderde inkomste;

- die beperking van die verskeidenheid van aktiwiteite in die persoon se lewe;

- 'n afname in die doelstellings en aansporings tot aksie wat gewoonlik deur loonarbeid daargestel word;

- verminderde ruimte vir besluitneming. Die hoeveelheid realistiese moontlikhede waaroor besluite geneem moet word is gewoonlik vir die werklose baie beperk, aangesien materiële bronne gewoonlik drasties ingekort is;

- verminderde gebruik van vaardighede en persoonlike ontwikkelingsmoontlikhede;

- 'n toename in psigies-bedreigende aktiwiteite. Werklose individue word dikwels blootgestel aan bedreigende lewensgebeure. Hulle is verplig om werk te soek waar hulle waarskynlik verwerp sal word;

- onsekerheid oor die toekoms;

- beperkte interpersoonlike kontak, asook

- 'n verandering van sosiale status of openbare identiteit wat met werkloosheid geassosieer word.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Talle navorsers (soos blyk uit bogenoemde bespreking) beklemtoon gevolglik die negatiewe effek van werkloosheid op die menslike psige.

2.8.3.1 Tydspersepsie en -struktuur

Jahoda (1982: 23) glo dat werklose mense hul begrip van tyd kan verloor. Dames word minder as mans beïnvloed, aangesien hulle dikwels tuis besig bly. Mans is geneig om 'n groot deel van hul tyd ledig buitenshuis te verwyl, terwyl daar gewag word dat iets moet gebeur; aldus Jahoda.

Kroft, Engbersen, Schuyt en Van Waarden (1989: 61-63) is van mening dat die verlies van betaalde werk, as verskaffer van betekenisvolle konsepsie van tyd, impliseer dat eertydse relevante tydsafbakeninge, soos die tyd wanneer 'n persoon moet opstaan en die onderskeid tussen weeksdae en naweek, begin vervaag. Werkloses begin "verlore raak in tyd", terwyl struktuur en roetine in hul lewens verlore gaan.

In 'n ondersoek wat deur die RGN geloods is, is bevind dat werkloses verveeld en gefrustreerd voel, aangesien hulle te veel vrye tyd tot hul beskikking het (vgl. Boersema 1986: 62). Chappel (1982: 77) stel dit soos volg: "If you have all the time in the world, you never need to do anything today."

Volgens Chappel (1982: 77) kon werkloses, wat in sy navorsingsondersoek betrek is, dikwels nie die energie vind om sinvolle aktiwiteite te beplan of hulle lewe te organiseer nie. 'n Toename in betrokkenheid by onbenullige huistakies ten einde besig te bly, en 'n afname in besoeke aan familie en vriende, asook 'n

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

afname in kerkgang en sportdeelname, is gerapporteer. Sodanige toedrag van sake word toegeskryf aan 'n algemene gevoel van belangeloosheid wat die werklose ervaar. Derhalwe is 'n ongestruktureerde tydpersepsie dikwels die uitkoms van werkloosheid.

2.8.3.2 Emosies

Met inagneming van die groot verskeidenheid van wyses waarop mense ten opsigte van teëspoed reageer, is dit duidelik dat sommige mense 'n groter geneigdheid as ander toon om nadelig deur werkloosheid beïnvloed te word (Du Toit 1993: 76).

Verskille in individue se psigo-biologiese funksionering spruit voort uit genetiese faktore en vroeë omgewingsinvloede wat elke mens uniek maak en sy geneigdheid om op 'n unieke wyse op die eienskappe van die werkslewe en omstandighede van werkloosheid te reageer, medebepaal (Brenner en Levi 1987: 153).

Die verlies van inkomste, die gebrekkige strukturering van tyd, stigmatisering, sosiale isolasie en die verenging van die selfbeeld of die totstandkoming van 'n negatiewe selfbeeld wat met werksverlies gepaard gaan, kan tot 'n hoë mate van angstigheid en stremming lei (Uys en Marais 1991: 25). Fineman (1983: 5) noem dit die "trauma-reaksie" op werkloosheid en is van mening dat dit 'n reaksie is wat algemeen onder werkloses voorkom. Verskeie ander navorsers glo ook dat emosies soos angs, depressie, aggressie, woede, ensovoorts baie algemeen onder werklose persone voorkom.

Moller (1993: 33) druk bogenoemde gesteldhede soos volg uit: "Unemployment is known to have a negative effect on subjective

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

well-being. The unemployment blues manifest in a variety of psychological and psycho-physical symptoms, such as worry, fatigue, lack of concentration, sleeplessness, listlessness, feelings of loneliness and boredom, amongst others."

Navorsing toon ook hoër selfmoordsyfers onder werklose individue as onder werkendes aan, maar dui aan dat mislukte selfmoordpogings – wat dikwels as 'n noodkreet om hulp beskou word – baie meer dikwels voorkom. Die meerderheid van die werklose individue ly nie aan psigiatriese versteurings nie, maar ervaar wel 'n verlaagde graad van positiewe geestesgesondheid, wat weer tot 'n gebrek aan lewenslus lei (Du Toit 1993: 132).

Saam met 'n verlies aan sekuriteit gaan bekommernis, selfs hulpeloosheid, paniekerigheid of desperaatheid. Die persoon voel emosioneel buite beheer en sodanige gevoelens van emosionele oorspoeldheid neem toe (Van Nieuwholtz 1994: 6). Antagonisme teenoor die negatiewe situasie lei tot apatie, emosionele onttrekking en eensaamheid. Frustasie, irritasie en gevoelens van aggressie ontstaan omdat die nood nie verlig word nie. Gegriefdheid lei soms tot bitterheid onder werklose persone. Derhalwe blyk emosionele probleme vry algemeen onder werklose persone voor te kom.

2.8.3.3 Selfbeeld

Deelname aan besoldigde arbeid bied aan 'n persoon die geleentheid om sy vermoëns en kreatiwiteit te ontwikkel. Die ontneming van sodanige geleentheid kan die selfbeeld dienooreenkomstig skaad (Fagin en Little 1984: 32-33). Werkloosheid bring noodwendig verlies aan selfrespek mee. Gepaardgaande met gevoelens van mislukking en skuld, is diepe

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

teleurstelling, selfverwyt, verwerping en 'n gevoel van onvermoë. Eie identiteit word as al swakker ervaar en dit lei tot geïnhibeerdheid en minder vrymoedigheid om dié probleem te konfronteer (Van Nieuwholtz 1994: 5).

"Individuals often experience losses of self esteem, of some aspects of functioning, of support networks and the sources of rewards and social gratification. Some unemployed workers are depressed, preoccupied with suicide and physically aggressive; anxiety attacks are common," aldus Sunley en Sheek (1986: 11-12).

Nürnberger (1990: 10) beweer heel tereg dat werkloosheid tot die ontwikkeling van 'n negatiewe selfbeeld kan lei: "In modern Western context, especially, persons are only considered to be worthy members of the community, if they are seen to work for their living or make an active contribution to the overall welfare of the community. Those who do not, are considered to be social parasites both in their own eyes and in the eyes of the public."

Derhalwe blyk 'n gedegradeerde selfbeeld 'n algemene verskynsel onder werkloses te wees, daar werkstatus die selfbeeld dienooreenkomstig verhoog.

2.8.3.4 Selfrespek

Lae selfagting impliseer selfverwerping, ontevredenheid met die self en selfveragting. Die individu het nie respek vir die self wat hy waarneem nie; die selfbeeld is onaanvaarbaar (Du Toit 1993: 122).

Die proses van werk soek na ontslag behels ook dikwels gevoelens van verwerping en mislukking. Daardeur word nog meer skade aan

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

selfagting berokken en dit kan gevoelens van woede, gebrek aan kontrole en hulpeloosheid veroorsaak.

Fouché et al. (1986: 40) beweer dat hoe langer 'n persoon werkloos bly, hoe meer ongeskik raak hy om weer te werk. Sy fisieke toestand, intellek, gees, ambisie en uithouvermoë neem af, hy verloor sy selfrespek en verantwoordelikheidsgevoel en 'n neiging ontstaan om ander te blameer vir al sy probleme.

Ackerman (1983: 26) is van mening dat "...wanneer die werklose 'n vader en eggenoot is en as gevolg van sy werkloosheid nie sy gesin kan onderhou nie, ontwikkel hy 'n gevoel van onbevoegdheid met gepaardgaande verlies aan selfrespek en selfvertroue, wat dan weer sy vermoë om 'n nuwe betrekking te bekom, strem."

Dit dien beklemtoon te word dat die werklose persoon se selfbeeld nie van sy selfrespek (al dan nie) geskei kan word nie: 'n negatiewe selfbeeld lei noodwendig tot 'n gebrek aan selfrespek en selfagting. Juis die sosiale respek wat sinvolle beroepsbeoefening meebring, kweek selfrespek by die individu.

2.8.3.5 Selfvertroue

Die verlies aan selfrespek gaan hand aan hand met die verlies aan selfvertroue (Human 1993: 30). Ferreira (1982: 18) glo dat "... werkloosheid 'n demoraliserende en stigmatiserende ondervinding is wat 'n individu se selfvertroue beïnvloed in sy soeke en verkryging van 'n ander werk....."

Die negatiewe ervaringe rondom die persoon wat sy werk verloor, lei noodwendig tot innerlike ondersoek en bevraging: Is ek bekwaam

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

genoeg? Waarom het ek my werk verloor? Sal ek 'n ander betrekking bekom?

2.8.4 Geloof

"Gemoedstoestande wissel van tyd tot tyd tussen geloof en ongeloof, hoop en wanhoop, passie en kilheid. Liefde word by die medemens gesoek en teleurstellings dra by tot geloofsprobleme. Op 'n ander keer bevestig God weer Sy liefde op verrassende wyse deur mense van wie dit dikwels nie verwag word nie, maar wat onder Sy leiding lewe" (Van Nieuwholtz 1994: 9). Dié outeur bevestig die geloofsonsekerheid en wanhoop wat dikwels die werklose persoon teister; spesifiek kort nadat hy of sy werkloos geraak het.

Om weer rigting en hoop aan die werklose te gee, is volgens O'Brien (1986: 192) ..."religion which in principle had the potential for giving meaning to a life which had lost it."

2.8.5 Sosiaal

Navorsing in die Verenigde State van Amerika het bevind dat indien die werkloosheidskoers met 1% sou toeneem, (byvoorbeeld van 6% tot 7%), dit die volgende breë maatskaplike gevolge sou hê:

- 920 meer selfmoorde
- 648 meer moorde
- 20 240 meer noodlotige hartaanvalle
- 495 meer lewerverwante sterftes

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- 4 227 meer toelatings tot hospitale vir sielsiekes en

- 3 340 addisionele plasings in staatsgevangenisse (Swanepoel en Van Zyl 1994: 272).

Die gevolge van werkloosheid op die stabiliteit in die samelewing het reeds groot skade aan algemene vertroue, wedersydse respek, verdraagsaamheid en vredeliewendheid veroorsaak (Swanepoel en Van Zyl 1994: 271). Die individu wat werkloos raak, se trots en menswaardigheid word aangetas en sy lewenstandaard daal noodwendig.

Op die sosiale vlak kan die volgende gevolge van werkloosheid onderskei word:

(i) Armoede

"As gevolg van die feit dat daar nou 'n verminderde of geen inkomste is nie, daal die persoon na die armoede-vlak" (Ackerman 1983: 24).

"Families may have to exhaust savings built up over years of good earning. With their savings gone and with an unadequate unemployment income, many families face the possibility of fore-closure of their mortgages on their homes. Others, although not home owners, may have trouble paying rent or may have their cars or other valued and needed possessions repossessed" (Sunley en Sheek 1986: 9-10).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Uit bogenoemde aanhalings blyk duidelik dat die werklose se sosiale lewe en verbruikerspatrone drasties ingekort moet word. Dikwels is radikale verarming die gevolg van werkloosheid.

(ii) Sosiale instellings en sisteme

"Werkloosheid beïnvloed sekere sosiale sisteme en instellings soos die skool en die kerk. By kinders van werklose ouers is swak skoolbywoning opgemerk, asook ander effekte op die ontwikkeling van hul kinders wat in hierdie armoede leef" (Ackerman 1983: 24).

(iii) Antisosiale gedrag

Boersema (1986: 66) beweer dat dagga en goedkoop bier algemeen deur werkloses (veral die jonger persone) gebruik word in 'n poging om die gevoel van teneergedruktheid en verveeldheid tydelik te ontvlug. Die wet word voortdurend oortree, ten einde te kan voortbestaan: soos byvoorbeeld oormatige drinkgewoontes, daggagebruik, dobbel, onwettige dwelm- of drankhandel en diefstal. Jonger werkloses raak dikwels uit protes of bloot vir oorlewing betrokke by onwettige aktiwiteite.

(iv) Sosiale isolasie

Deelname aan betaalde werk bied aan persone die geleentheid om sosiale kontakte buite gesinsverband op te bou. Werkloosheid beteken dat sosiale kontakte geredelik beperk word (Haralambos en Holborn 1990: 383). Benewens 'n vermindering in die kwantiteit van sosiale kontakte, is daar dikwels 'n beduidende afname in die kwaliteit van interpersoonlike kontakte waarneembaar, wat beteken

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

dat werklose persone geredelik 'n hoë mate van sosiale isolasie beleef (Smith 1987: 78).

As gevolg van die sosiale stigmatiseringseffek wat met werkloosheid saamhang, neig werkloses en hul gesinne om hul van eertydse sosiale verhoudinge te isoleer. Dikwels word hegte sosiale netwerke ontbind en verval die persoon (en sy gesin) in sosiale isolasie.

Volgens Boersema (1986: 62) is die houding van familie, vriende en die breë gemeenskap teenoor die werklose van groot belang. Eertydse vriende vermy dikwels die werklose doelbewus, ten einde te verhoed dat die werklose moontlik om finansiële ondersteuning sou kon vra. 'n Vriendskap met 'n werklose hou ook geen sosiale of materiële gewin in nie; derhalwe word dié vriendskap heel dikwels beëindig.

By die breë publiek word die werklose soms met wantroue en argwaan bejeën en hy/sy voel te nagekom en minderwaardig. Hy onttrek hom dus algaande van betekenisvolle sosiale interaksie (Boersema 1986: 63). Fagin en Little (1984: 37) het, in aansluiting by Boersema, bevind dat werklose mense geredelik gevoelens van vereensaming ervaar. Dit word gekenmerk deur magteloosheid, selfvervreemding, isolasie en betekenisloosheid.

"Because the family still has a higher status image of themselves, they may be unwilling to make friends with lower status inhabitants of their new residential area. This will result in their not being well integrated into the community and they will consequently suffer from social isolation," aldus Rip (1981: 55).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

2.8.6 Polities

In Suid-Afrika is die gevolge van werkloosheid nog meer intens, omdat dit onberekenbare skade in die oorgang na 'n nuwe politieke bedeling veroorsaak. Politieke verandering te midde van 'n relatief groot werkloosheidsprobleem skep 'n klimaat van anargie en onrus (Swanepoel en Van Zyl 1994: 271).

Dr Alex Boraine, Uitvoerende Direkteur van die Institute for a Democratic Alternative for South Africa, beskou 'n gebrek aan werksgeleenthede as een van die belangrikste oorsake van onrus in swart stedelike gebiede in die RSA. Hy stel dit soos volg: "Hand in hand with spiralling unemployment is the increasing number of black matriculants coming on to the job market, and could there be anything more frustrating after battling against all odds to stay at school than to find that there are no vacancies? Unemployment fans the flames of anger and resentment" (Uys en Marais 1991: 25).

Uit bogenoemde toeligting blyk dit dat werkloosheid dikwels as vrugbare teelaarde vir politieke onrus, geweld en misdaad kan dien.

2.8.7 Opvoedkundig

Wanneer die vrou van die werklose vader noodgedwonge die rol van broodwinner oorneem, bly die kinders sonder toesig gedurende die dag. Ouerlike gesag word derhalwe ondermyn. Kinders (van werklose ouers) bevraagteken dikwels die besluitneming van hul ouers, bly uit die skool weg en raak betrokke by ongewenste tydverdrywe, leeglêery en selfs antisosiale gedrag (Boersema 1986: 65). Sodanige swak huislike omstandighede dra dikwels by tot vroeë

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

skoolverlating onder sowel seuns as dogters. Aangesien hierdie kinders nie oor mededingende opvoedkundige kwalifikasies of ondervinding beskik nie, kan hulle gevolglik nie goeie betrekkings bekom nie. Derhalwe word die werkloosheid – (en gepaardgaande armoede) sindroom van een geslag na 'n volgende oorgedra.

"By kinders van werklose ouers is swak skoolbywoning opgemerk, asook ander effekte op die ontwikkeling van hul kinders wat in hierdie armoede leef" (Ackerman 1983: 24).

2.8.8 Die gesinsituasie

Die werklose persoon verloor sy inkomste en gewoonlik sal die gesin se lewenstandaard daal. Sommige werklose persone moet hul huise, motors, of ander besittings verkoop of selfs na 'n ander woongebied trek. Dit bring groot ontwrigting vir die hele gesin mee.

Ackerman (1983: 27-30) glo dat gesinsdisorganisasie noodwendig as gevolg van werkloosheid plaasvind (vgl. Boersema 1986: 63-65). Die volgende veranderinge mag voorkom:

- rolomruiling en statusverlaging;
- gesagshantering en beheer oor kinders;
- seksuele versteurings;
- afname in kommunikasie tussen ouers;
- emosionele verhouding word ontwrig;

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- kinderverwaarlosing en –mishandeling;

- gesinsverbrokkeling (die werklose verlaat soms die gesin as gevolg van skuldgevoelens); asook

- frustrasie, onttrekking van sosiale kontakte en humeurigheid werk skadelik in op die huwelik - en gesinsisteem.

2.8.9 Toename in misdaad en geweld

Vir die samelewing in geheel is die gevolge van werkloosheid 'n toename in misdaad, frustrasie wat in geweld tot uiting mag kom, asook 'n toestand van onsekerheid en wanorde; met gepaardgaande eskalering in onkostes vir die staat ten opsigte van die polisie, die howe en die gevangeniswese (Nürnberger 1990: 9).

Die werklose kan homself uit radeloosheid tot diefstal wend, ten einde in sy gesin se basiese behoeftes te kan voorsien. Verbittering, vernedering, frustrasie en spanning kan maklik tot gewelddadigheid lei. 'n Ander bekende verskynsel is dat die werklose hom tot die misbruik van alkohol kan wend, ten einde sy frustrasie en spanning te verlig (Human 1993: 32-33), met die gepaardgaande probleme van drankmisbruik en gesinsproblematiek daaruit voortspruitend.

Wilson en Ramphele (1989: 89, 91) het bevind dat die frustrasie wat werkloosheid meebring, waarskynlik vir 'n toename in sjebeens en alkoholisme onder werkloses verantwoordelik gehou kan word. Alkoholisme het dikwels weer tot gevolg dat werklose mense se werksvermoë aangetas word, sodat hulle minder in diens geneem word, al sou daar ook 'n geleentheid daarvoor wees.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Volgens navorsing deur die SAPD Scenario (1997 - 2001) is werkloosheid in Suid-Afrika tans 'n baie groot probleem. Daar word voorspel dat tot sowat 8 miljoen mense teen die jaar 2001 werkloos sal wees, aangesien dié getal teen 'n koers van 350 000 per jaar toeneem. Saam met verbode immigrante, wat bly instroom weens die verval van reg en orde, sal dié groep 'n groot rol in misdaad speel (Rapport 27 Desember 1998: 3), ten einde alhier te oorleef.

2.9 Die stigmatisering van werkloosheid

Stigmatisering van mense wat lewensprobleme ondervind (byvoorbeeld werkloosheid en alkoholisme) deur 'n gemeenskap, kom neer op die brandmerk en degradering van daardie mense (Human 1993: 34).

"The stigma was based on the way they felt, they were being handled and labelled by various agencies and groups in society; the feeling that they were being treated as second-class citizens, branded as 'inferior' in some way or another" (Fineman 1983: 112).

Die stigmatisering van werkloosheid beteken dat persone wat om die een or ander rede hul werk verloor, deur die gemeenskap as swakkelinge beskou word. Werkloses word as mense wat minderwaardig is, 'n mislukking is, of as kansvatters wat lui is, beskou. Verskillende gebeure binne die samelewing maak dit vir die werklose moeilik: Die aansoek om werkloosheidsversekering bring mee dat die werklose soms beskou word as iemand wat "handouts" ontvang - onverdiende geld (Human 1993: 35), of van goedgunstigde aalmoese afhanklik is.

"The feeling that the money they received was unearned produced considerable discomfort for those imbued with the Protestant Ethic", aldus Fineman (1983: 114).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die invul van vorms vir werk, die lang rye werklose mense by vakante werksituasies, laat die gevoel by die werklose ontstaan dat hy op die ashoop van die sosiale sisteem beland het - dat hy as "second-class" geklassifiseer en gestigmatiseer word (Human 1993: 35). Dit word dan ook met gevoelens van skaamte, degradering en minderwaardigheid geassosieer. Navorsing deur Fineman (1983: 136) het getoon dat sodanige gevoelens so erg was, dat daar steeds 'n residu daarvan nà herindiensname by talle persone bly voortbestaan het.

'n Sekere mate van respek deur die gemeenskap word deur die werklose herwin wanneer hy begin studeer, opleiding ondergaan om kennis en werksmoontlikhede te bevorder, deeltydse werk onderneem, of hom/haar tot selfindiensname wend (Human 1993: 35).

Fineman (1983: 117) beweer dat een van drie moontlikhede gewoonlik met die werklose, wat weer in die arbeidsmark heropgeneem word, gebeur:

❖ Voortdurende skande: Ten spyte van die feit dat die werklose weer aktief deel van die arbeidsmark word, word daar vir 'n lang tyd na die persoon as een van die persone wat op die een of ander stadium werkloos was, verwys.

❖ Gesindheidsveranderinge teenoor werkloosheid: As gevolg van die werkloosheidservaring wat so 'n persoon gehad het, kan sy/haar gesindheid òf een van verharding wees, òf hy/sy sal 'n groter mate van begrip vir die situasie van die werklose toon.

❖ Optimalisering: Die werklose wat weer in die arbeidsmark opgeneem is, is nie bereid om homself weer vir 'n maatskappy of

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

firma af te sloof nie. Werkloosheid het juis as 'n skok gekom, na jare se harde werk en groot opoffering.

Die stigmatisering van werkloosheid deur die gemeenskap het juis die degradering van mense en die ontneming van hul menswaardigheid tot gevolg. Stigmatisering verdwyn egter nie die oomblik wanneer die werklose weer in die arbeidsmark opgeneem word nie. Dit kan 'n langdurige invloed op sodanige mense en hul gesinne hê (Human 1993: 37).

2.10 Samevatting

Dit blyk uit die literatuur dat werkloosheid 'n langdurige negatiewe uitwerking op al die dimensies van die persoon se huweliks- en gesinsfunksionering uitoefen. Dit blyk ook dat die duur van die tydperk waarin die vader werkloos is, 'n bepalende rol speel.

Werk is noodsaaklik vir die belewing van menswaardigheid in 'n lewe waarin daar na kwaliteit gestreef word. Indien werk buite die bereik en bevredigende ervaring van die mens bly, beteken dit 'n vermindering en verarming; nie slegs van die persoon self nie, maar ook van diegene wat vir hom belangrik is en die gemeenskap waarin hy ook ander rolle as dié van broodwinner vervul (Francisco-la Grange 1991: 6). Die mens se plasing in die skeppende en produktiewe proses en die verdelings daarin, vertoon eksistensiële, emosionele, maatskaplike, religieuse, ekonomiese en politieke dimensies, waarsonder sy lewe onvolledig, trouens onmenslik is.

Nürnberger (1990: 10) som die effek van werkloosheid op die individu soos volg op: "... in general, unemployment causes unhappiness, loneliness, a sense of helplessness, self-contempt, restlessness, anxiety,

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

anger, bad temper, depression, apathy, hopelessness, more psychological and biological diseases, alcoholism, higher divorce rates, higher suicide rates."

In **Hoofstuk 2** is 'n etiologiese analise van werkloosheid as realiteit van 'n huidige maatskaplike bestel onderneem. Daar is onder andere gefokus op tipes, oorsake, omvang en effek van werkloosheid. Ten slotte het die gevolge van werkloosheid aan die orde gekom.

Vervolgens val die fokus in **Hoofstuk 3** op die effek van werkloosheid op die gesinslewe en gesinsopvoeding. Spesifiek sal nagevors word hoedanig werkloosheid gesinsopvoeding in terme van die verwerkliking van sosiopedagogiese essensies beïnvloed. Die volgende uitgangspunt word deurlopend vooropgestel: Vanuit 'n sosiopedagogiese perspektief word gesinsopvoeding deurlopend evalueer en beskryf in terme van die verwerkliking van identifiseerbare sosiopedagogiese essensies soos gekonseptualiseer in hoofstuk 1 van die onderhawige studie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

HOOFSTUK 3

WERKLOOSHEID, GESINSLEWE EN GESINSOPVOEDING

3.1 Inleiding

In die onderhawige hoofstuk word aandag geskenk aan gesinslewe en gesinsopvoeding ten tye van die werkloosheid van die ouer(s). Die fokus sal spesifiek val op die effek van die werklose persoon op sy/haar eggenote, sy/haar gesin en gesinsopvoeding.

Derhalwe word daar in die onderhawige hoofstuk spesifiek gefokus op die effek van werkloosheid op die gesin : op al die gesinslede, maar meer spesifiek op die opvoeding van kinders in die gesinsituasie wat deur werkloosheid geraak word. Aangesien hierdie studie by uitstek 'n sosiopedagogiese ondersoek verteenwoordig, word gesinsopvoeding in terme van sosiopedagogiese kriteria (soos in hoofstuk 1 gekonseptualiseer) ge-analiseer. Swart (1987: 137) beskou die gesin as die vertrekpunt van opvoeding. Die kind beweeg vanuit die intieme gesinsituasie na die saaklike samelewingsituasie. Dit is gevolglik in die geborge intimiteitsfeer van die gesin waar die kind weerbaar gemaak moet word teen die aanslae van die lewe daar buite. Alle verhoudinge in die gesin sal onderling saamhang en mekaar beïnvloed. Die huweliksverhouding beïnvloed die verhouding van elk van die ouers ten opsigte van hul kinders; die verhouding ouer/kind beïnvloed op sy beurt die huwerliksverhouding (Pretorius 1998: 43). So ontstaan 'n veelvoudige wisselwerking of interaksie, 'n kompleks van verhoudinge wat maklik tot 'n warboel kan ontaard wanneer moeilikhede ontstaan.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Gesinsopvoeding weer, is die basis van alle latere opvoeding, en gesinsverhoudinge is die basis van alle latere sosiale verhoudinge, aldus Pretorius (1998: 43).

3.2 Die effek van werkloosheid op die gesin

3.2.1 Effek op die werklose persoon

Die man wat werk se selfkonsep is gewoonlik positief. Isralowitz (1989: 48) toon aan dat 'n man wat werk, geredelik verantwoordelikheid neem vir take by die werk, hy kan besluite neem, hy kan interpersoonlike verhoudinge met ander mense stig en ontwikkel, en hy word by uitstek blootgestel aan talle nuwe uitdagings op kognitiewe, sosiale en emosionele vlak (Bouwer 1995: 77). Wanneer sodanige man egter werkloos raak, beleef hy gevoelens van skuld en waardeloosheid en dis juis in hierdie tydperk dat hy sterk aanspraak kan maak op die ondersteuning van sy gesin. Sou die man 'n tradisionele rol as primêre broodwinner gespeel het en die fondse vir die huishouding verskaf het, kan werkloosheid vir hom én sy gesin traumaties wees.

Volgens Zeelie (1989: 63) is die algemene aanvanklike reaksie van mans wat werkloos raak, dat dit 'n tydperk inlui wat hulle as 'n vakansie beskou, waartydens 'n beter betrekking gesoek kan word en beskou word as 'n geleentheid om gesinsbande te verbeter. Die man dring aan op maksimale gesinsamesyn en min tyd word aan gesinslede gegun om alleen te wees. Daar word uitstappies gereël waaraan die hele gesin moet meedoen. Veral vir die huweliksverhouding toon hierdie fase 'n ongekende oplewing. In die beginstadium is die gesin derhalwe ook in 'n hoë mate oorbetrokke by mekaar en veral afhanklik van emosionele steun aan mekaar, maar spesifiek aan die vader. Met verloop van tyd

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

word die gesinslede bewus van die ernstige gevolge van werkloosheid op hul emosionele en finansiële welvaart en bring dit verwydering mee.

Werkloosheid bring mee dat die man eensklaps heelwat tyd tot sy beskikking het. Chappell (1982: 77) stel dit so:
"If you have all the time in the world, you never need to do anything today."

Die man word skielik genoodsaak om tuis te bly gedurende die dag en genoodsaak om take in en rondom die huis aan te pak. Aangesien hy meestal in die dag alleen tuis is, het hy geen geselskap nie. Saans as almal weer tuis is, wil hy graag gesels en kuier, maar na 'n dag se werk is die gesinslede uitgeput en het dikwels nie veel wat hulle met hom wil deel nie. Namate tyd verloop en die man nie werk kan bekom nie, raak hy al meer in homself gekeer en openbaar hy gevoelens van skuld, onsekerheid, minderwaardigheid en moedeloosheid (Bouwer 1995: 77 – 78).

Chappell (1982: 78) toon in haar navorsing aan dat die man tydens die beginfase van werkloosheid rusteloos raak. Sy het bevind dat die meeste mans dikwels aan slapeloosheid ly, omdat hulle bekommerd is oor die finansiële situasie van die gesin. Volgens Hoffman et al. (1991: 107) kan die man ontspanningstake soos boeklees nie meer soos voorheen geniet nie. Hy raak rusteloos en gespanne. Spanning oor dié traumatiese situasie begin sy tol eis. Die man ervaar dikwels verdere negatiewe simptome soos hartkloppings, hande wat sweet, 'n droë mond en voortdurende afgematheid.

Die werklose eggenoot openbaar 'n swak selfbeeld, wat daartoe aanleiding gee dat hy skuldgevoelens en gevoelens van minderwaardigheid, frustrasie en aggressie teenoor die gesin openbaar,

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

wat dit vir hom moeilik maak om selfgeldend op te tree (Zeelie 1989: 70). Hoe langer die werkloosheid duur, hoe moeiliker raak dit vir die man en die gesin om sodanige spanningsituasie suksesvol te hanteer. Dit blyk duidelik uit die navorsing deur Chappell (1982: 76), dat dié man nie slegs in die gesin nie, maar ook tussen sy vriende dit moeilik vind om homself effektief te bly handhaaf.

In die beginfase van werkloosheid is dit maklik vir die man en sy gesin om met hul vriende te sosialiseer, maar met die verloop van tyd, soos hul finansiële posisie versleg, kan die gesin sosiaal geïsoleerd raak. Chappell (1982: 76 – 77) toon in navorsing aan dat vriende soms mag dink dat die werklose persoon geld wil leen, indien daar by hulle gekuier word, of as vriende oorgenooi word vir 'n geleentheid. Die werklose en sy gesin voel dikwels sosiaal uitgeworpe, omdat hulle nie meer aan die finansiële eise wat hul vriendekring stel, kan volhou nie. Vriende, familie, kerke en welsynsorganisasies bied hulp, in die vorm van geskenke aan die gesin, aan. Sodanige geskenke is gewoonlik in die vorm van voedsel en klere. Weens die sensitiewe aard van die situasie, weier die gesin gewoonlik enige hulp. Met verloop van tyd blyk dit dat die werklose man en sy gesin vereensaam en geïsoleerd raak (vgl. Bouwer 1995: 79).

Namate tyd verloop en die man nie werk kan bekom nie, neem hy dikwels sy toevlug tot drank en/of dwelms om van die spanning, omdat hy nie meer sy rol as primêre broodwinner bevredigend kan vervul nie, ontslae te raak. Die man kan dikwels in hierdie fase ook nie meer effektief kontrole oor die kinders uitoefen nie. Zeelie (1989: 72) is van mening dat die man, weens minderwaardigheidsgevoelens wat hy as eertydse broodwinner ervaar, asook die toenemende stres omdat hy nie werk kan bekom nie, soms nie optimaal in die psigologiese en fisieke behoeftes van sy kinders voorsien nie. Kelvin en Jarrett (1985: 82) is

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van mening dat: "...where his 'authority' rested on his role of provider, that authority, or respect, is often much reduced – occasionally but only occasionally – to the level of contempt."

Die man se leierskapsrol word dikwels deur die kinders in twyfel getrek en die verwerping van sy gesag, saam met die misbruik van alkohol, kan daartoe aanleiding gee dat die man selfs sy kinders begin mishandel. Wanneer die vrou sodanige mishandeling wil verhoed, word sy ook aan geweld onderwerp. Wilson en Cook (1985: 4) stel dit dat: "A person who has lost his job may vent his anger and frustration by hitting or killing a spouse or friend, or he may become so moody and depressed as to be incapable of any action, including assault."

Hill (1978: 118 – 120) het egter bevind dat die werklose eggenoot en vader later geneig is om heeltemal negatief, onbetrokke en apaties te raak, sodat kontrole en dissipline in die gesin nie meer vir hom van belang is nie. Dit blyk uit die literatuur dat die gesinne van werklose vaders met die verloop van tyd geneig is om minder tyd saam deur te bring (Bouwer 1995: 80).

Warr (1983: 305 – 311) noem 'n paar negatiewe kenmerke van die werklose vader wat as gevolg van werkloosheid kan voorkom:

- die persoon ervaar 'n verlies aan inkomste en verhoogde spanning kom voor;

- die persoon se lewenstyl word ingeperk as gevolg van die gebrek aan geld;

- die persoon strewe na minder of geen lewensdoelwitte;

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- die persoon kry nie meer so gereeld soos voorheen die geleentheid om verantwoordelike keuses uit te oefen nie;

- die persoon kry nie meer die geleentheid om sy werksvaardighede te beoefen en uit te brei nie;

- die persoon word blootgestel aan aktiwiteite wat vir hom 'n bedreiging inhou. Sodanig leen hy geld, is onsuksesvol in sy werksoeke en dit kulmineer geredelik in die degradering van verhoudinge;

- die persoon ervaar 'n verlies aan status weens finansiële tekorte;

- die persoon se sosiale lewe word beperk, deels omdat hy minderwaardig voel en sy sosiale status verloor.

Thomas, McCabe en Berry (1980: 517 – 524) onderskryf die negatiewe aspekte wat met werkloosheid gepaard gaan, veral as die tydperk van werkloosheid lank duur. Tog is hulle van mening dat die werklose nie slegs negatiewe aspekte beleef nie. Sodanig mag die man, met die toename in tyd wat hy met sy gesin deurbring, ook verrykende interpersoonlike verhoudinge met sy gesin stig, waarvoor hy andersins nie tyd sou gehad het nie.

Dit blyk uit die navorsing van Venter (1991: 29) dat die man wat sy werk verloor, geredelik fisieke en psigologiese trauma ondergaan. Hoe langer die tydperk sonder werk, hoe groter is die kans dat hy en sy gesin negatief daardeur geraak sal word.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Omdat die vader egter nie geïsoleerd van die gesin funksioneer nie, sal die effek van sy werkloosheid noodwendig ook 'n beduidende invloed op die ander lede van die gesin uitoefen.

3.2.2 Effek op die werklose se eggenote

Navorsing toon dat in die beginfase van die man se werkloosheid, dit blyk dat die huwerlikspaar dikwels goed funksioneer (Bouwer 1995: 81). 'n Rolverdeling by die man en vrou is noodsaaklik, ten einde die balans in die huweliksisteem tydens die krisis wat werkloosheid meebring, te handhaaf. Zvonkovic, Guss en Ladd (1988: 60) meen dat ".....a marriage relationship which is flexible enough to allow for changes in the wife's role and changes in the husband's role would be most adaptive in economic hard times."

Bouwer (1995: 82) is van mening dat rolverdeling in die huwelik ook tot gevolg het dat die vrou gedeeltelik die rol van die broodwinner kan oorneem en sodoende meer verantwoordelikhede bekom – wat weer toenemende besluitneming van haar vereis. Dit bring voorts mee dat die man nie meer alleenseggenskap oor die finansies van die gesin het nie en toenemende rusies tussen die huwelikspaar kan meebring. Larson (1984: 509) het in sy ondersoek bevind dat veral kommunikasieprobleme onderhandeling tussen die huwelikspaar drasties laat verswak, veral namate die werkloosheidstydperk langer duur. Dit mag later veroorsaak dat die man en vrou nie bloot met die omstandighede waarin hulle verkeer ontevrede is nie, maar later selfs met mekaar ongelukkig kan word.

Die tydperk van werkloosheid speel 'n belangrike rol: hoe langer dit duur, hoe nadeliger is die uitwerking op die leierskap in die huwelik en die gesin. Hoewel die moeder dikwels poog om dit teë te werk, is daar

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

later min of selfs geen sprake van leierskap teenwoordig in die gesin nie (Bouwer 1995: 82).

Die vrou kan later sò oorwerk wees en geïrriteerd raak met die man omdat hy nie werk nie, laat slaap en homself skuldig maak aan alkoholmisbruik, dat sy hom fisiek nie meer naby haar wil hê nie. Probleme kan selfs op seksuele gebied manifesteer, deurdat die vrou weier om seksueel met haar man te verkeer. Volgens Borrero (1980: 920) kan die werklose man seksueel verwerp voel. Hierdie aspek het tot gevolg dat die verhouding in die gadesisteem merkbaar verswak en in huwerliksonmin manifesteer.

Die toepassing van dissipline is belangrik in die gesinsisteem. Dit wil egter voorkom asof ook dié dimensie nadelig beïnvloed kan word, wanneer die man werkloos raak. Volgens Zeelie (1989: 74) is dit vir die vrou 'n moeilike tydperk nadat haar eggenoot werkloos word, veral om die volgende redes:

- Sy voel dikwels dat sy nie so streng en effektief soos die man in die toepassing van dissipline kan wees nie;

- sy het moontlik intussen 'n betrekking aanvaar en het nie altyd die tyd en die energie beskikbaar om te raas en baklei nie.

Dit blyk dus dat die effek van werkloosheid nie slegs 'n negatiewe effek op die werklose man vertoon nie, maar ook swaar op die skouers van die eggenote rus.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

3.2.3 Effek op die kinders in die gesin: 'n sosiopedagogiese evaluering

3.2.3.1 Inleiding

In die beginfase van werkloosheid geniet die kinders die onverwagte tyd wat aan hulle bestee word. Die man bou 'n hegte vriendskap met hulle op (**ek-jy-verhouding**) en help hulle met sowel hulle skoolwerk as stokperdjies. Volgens Zeelie (1989: 63) raak die kinders later in 'n verleentheid om gedurig saam met hulle pa te wees, of saam met hom gesien te word en sorg hulle dat hulle stelselmatig minder tyd saam deurbring (**sosialisering**). Net soos met die huweliksverhouding, is die nuwe sosiale verhoudinge ook nie blywend nie (**sosiale lewe**).

Die kinders beleef hierdie tydperk as 'n fase van angs en spanning. Hulle is wel vir hulle lewensmiddele van die ouers afhanklik, maar beleef terselfdertyd gevoelens van skaamte en verleentheid (**selfkonsep**) as gevolg van die vader se werkloosheid en neig om meer na buite die gesin te leef, ten einde sodoende minder met die gesinslede te assosieer (Bouwer 1995: 83).

Die adolessent wie se vader werkloos is, word voortdurend aan spanning blootgestel (Bouwer 1995: 90). Die adolessent gee onrealistiese betekenisse aan dinge en idees (**sosiaal-maatskaplike oriëntering**), omdat hy nie die spanning en konflik as gevolg van finansiële tekort, geldelike nood, toenemende konflik tussen die ouers, asook die sosiale isolasie kan verstaan nie. Baarda, Frowijn, de Goede en Postma (1983: 473 – 484), asook Raffe (1986: 11 – 19)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

toon aan dat die adolessent gedragsprobleme soos stokkiesdraai en drankmisbruik openbaar, selfs in sekere gevalle in aanraking kom met misdaad en dat veral die dogters se skolastiese prestasies verswak (**selfaktualisering**). Jones (1988: 212) beweer dat die adolessent, wat in 'n gesin is wie se vader werkloos is, 'n behoefte aan sekuriteit en aanvaarding, veral tuis, toon (**behoeftevervulling in sosiale verband**).

Volgens die navorsing van Zvonkovic et al. (1988: 56 – 61) is dit veral die man en seun wat neig om in 'n groot mate by mekaar betrokke te raak (**identiteitsvorming**). Hierdie fase is ook nie blywend van aard nie, aangesien die man homself mettertyd onttrek of distansieer, as gevolg van depressiewe gemoedstemmings, angs en aggressie. Hill (1978: 120) meld dat die man geïrriteerd raak met die kinders en stel dit soos volg: "He also said that the children got under his feet and he got bad tempered with them" (**kommunikasie**). Met verloop van tyd dat die man nie werk kry nie, verswak die situasie tuis (**sosiale milieu**). Die man verloor kontrole oor die kinders en in 'n poging om sy gesag te laat geld, kan mishandeling plaasvind (**opvoedingstyl**) (Zeelie 1989: 72). Waar die pa voorheen miskien voorspelbaar en streng in die toepassing van dissipline was, word dit vir hom moeiliker as gevolg van sy minderwaardigheidsgevoelens en beleef die kinders gevoelens van spanning en onsekerheid as gevolg van die ambivalente optrede van die vader (Bouwer 1995: 84).

Madge, (1983: 311–319), in teenstelling met bogenoemde bevindinge, meld gevalle aan waar reëls in die gesinsisteem sodanig verander het, dat daar min of geen dissipline op die kinders toegepas is nie. Sulke kinders het gedragsafwykings begin toon, hulle

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

skoolwerk het agteruit gegaan en sommiges het hulself selfs aan jeugmisdaad skuldig gemaak.

Volgens Van der Zanden (1993: 356–365) ondervind die adolessent in dié tydperk soms probleme met aknee en 'n prominente sweetreuk kom soms voor, omdat sweetkliere vinniger groei. 'n Oordrewe besorgdheid oor sy fisieke voorkoms wat in die oë van die volwassene oordrewe mag wees, kom onder die adolessent voor.

Baarda, et al. (1983: 473), en Hutson en Jenkins (1989: 41) is van mening dat die finansiële tekorte uiters nadelig vir die adolessent is. Die gesin se uitgawes rakende aankope van lewensmiddele word beperk, hul skuldelas word meer, hul spaargeld krimp met die verloop van die werkloosheidsfase en dit veroorsaak ekonomiese probleme vir die gesin. Hutson en Jenkins (1989: 41) het bevind dat daar nie meer geld vir vleis met Sondagetes is nie en dat belangrike lewensmiddele soos haarsjampoe spaarsamig gedeel word. Beskou in die lig van die belangrikheid wat die adolessent aan sy fisieke voorkoms heg, kan finansiële nood meebring dat middele soos velsorgprodukte en reukweerders onbekostigbaar word. Dit kan daartoe aanleiding gee dat die adolessent, nog meer as ander gesinslede, in homself gekeerd raak. 'n Ontevredenheid met hul liggame kan adolessente beangs, raadop en depressief laat voel. Adolessente wat depressief raak, kan soms ook poog om die eie lewe te neem (Jones 1990: 583).

Adolessente wie se vaders werkloos is, redeneer en vra vrae rakende werkloosheid. Hulle raak gepreokupeerd met die feit dat hulle ouers nie meer oor die finansiële middele beskik om alles te koop wat hulle wil of moet hê nie (Bouwer 1995: 87).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Aanvanklik blyk dit dat werkloosheid nie 'n invloed op die skolastiese prestasies van kinders in die gesin vertoon nie, maar met verloop van tyd verswak die adolessent se skoolprestasies egter dermate (Raffe 1986: 11–13). Die verswakking in skoolprestasies word daaraan toegeskryf dat die adolessent nie meer genoegsame en gesonde voedingstowwe inkry nie. Dit veroorsaak dat kinders se konsentrasie verswak en hul weerstand teen siektes verlaag (Baarda et al. 1983: 473). Hierdie navorsers toon ook aan dat vakke soos wiskunde en tale tydens die werkloosheidsperiode verswak, omdat dié vakke by uitstek konsentrasievermoë en kognitiewe skerpheid vereis.

Grimshaw en Pratt (1984: 17) toon in hul navorsing aan dat dié adolessente ongemotiveerd raak ten opsigte van hul skoolwerk, hulle ontwikkel negatiewe houdingsprobleme teenoor die skool en stokkiesdraai kom vry algemeen voor in sulke omstandighede. Raffe (1986: 12) is van mening dat talle faktore 'n rol speel by die motivering van kinders ten opsigte van skoolwerk tydens werkloosheid. Hy is van mening dat elke individu, seuns en dogters van verskillende sosiale groepe en ouderdomme, hierdie werkloosheidsituasie verskillend sal verwerk en hanteer. Raffe (1986: 13) toon aan dat stokkiesdraai tydens dié fase van werkloosheid voorkom en dat dogters meer as seuns daartoe geneigd is. Jones (1988: 206) toon aan dat die adolessente dogter met huistake belaai word, omdat die moeder gewoonlik gaan werk. Dit bring mee dat die dogter minder tyd aan haar studies kan bestee, die stres raak soms te veel en sy bly weg van die skool, as 'n strategie tot ontvlugting van dié situasie.

Met die toenemende tyd wat die man by die huis deurbring, kan dit gebeur dat hy meer tyd spandeer om die kinders met die huiswerk te help. Baarda et al. (1983: 483) het in navorsing bevind dat

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

werkloosheid: "...een ongunstige invloed het op die skoolprestaties van kinderen." Dit kan toegeskryf word aan die feit dat die man nie baie geduld aan die dag lê nie en dat die adolessent sy respek vir die vader verloor.

Die adolessent wie se vader werkloos is, beleef homself, ander persone en situasies as negatief (Bouwer 1995: 92). Dit manifesteer onder andere in gevoelens van mislukking, frustasie, verwerping, verwarring, skaamte, verlies aan eiewaarde, skuldgevoelens, depressie en negatiewe relasies, veral met die vader (Ortiz 1987: 133–137, Jones 1991: 101–116).

Die voorafgaande afdeling bied 'n oorsig oor die effek van die ouer se werkloosheid op die kinders in die gesin. Soos reeds vroeër beklemtoon, word die effek van werkloosheid op gesinsopvoeding in terme van die verwerkliking van sosiopedagogiese essensies beskryf. Derhalwe is daar ten aanvang in die voorafgaande afdeling aangedui watter essensies telkens ter sprake was.

Vervolgens word daar opsommenderwys spesifiek na die essensies, soos in hoofstuk 1 gekonseptualiseer, verwys. Sodanig word gesinsopvoeding binne 'n gesinsituasie waar 'n ouer werkloos is, sosiopedagogies aan die orde gestel:

3.2.3.2 Ek-jy-verhouding

Soos reeds in Hoofstuk 1 beklemtoon , is die ek-jy-verhouding, as sosiopedagogiese essensie, een van die mees fundamentele verhoudinge in enige persoon se lewe. Gevolglik kan die ek-jy-verhouding beskou word as die basis van beide die kind se sosiale lewe en opvoeding. Dié basisverhouding tussen ouers en kinders

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

kan beskryf word as die belewing van affektiewe (gevoelsmatige) kommunikasie en die ken van die mens in sosiale verband (Le Roux 1992: 5). Die verhouding verteenwoordig 'n opvoedingsvoorwaarde, waarsonder toereikende opvoeding nie te bedink is nie (Kriel 1996: 169).

Waar daar spanning tussen kinders en die werklose ouer, asook tussen ouers onderling bestaan, kan hierdie uiters noodsaaklike essensie van opvoeding nie toereikend voltrek word nie.

Die verhouding van die adolessent met die vader in die tydperk wat volg op die aanvang van werkloosheid, is kommerwekkend. Jones (1988: 208–209) toon aan dat die adolessente dogter in 'n toenemende mate met haar vader baklei. Adolessente beweer dat die ouers hulle soos "kinders" behandel en dat ouers nie altyd die omstandighede en veranderinge in die gesinsituasie met hulle deel en/of bespreek nie (Flanagan 1990: 168). Daar word beweer dat die vader sy opgekropte woede en aggressie eerder teenoor die dogter openbaar as teenoor sy vrou, en derhalwe die konflik en vertrouensbreuk. Die seun kom in opstand teenoor die vader se gesag en die vader is vir die adolessente seun nie meer die geïdealiseerde rolmodel waarin hy vroeër geglo het nie. Jones (1990: 579) is van mening dat die vader wat werkloos raak, meer geneig is om sy adolessente dogter as die seun te mishandel, omdat sy minder krag en weerstand kan bied. Werkloosheid het derhalwe 'n kwalitatiewe verskraling in die emosionele band tussen kinders en die werklose ouer tot gevolg.

Volgens navorsing deur Bouwer (1995: 96), is bevind dat die adolessente dogter meer betrokke by die huis, rakende take in en om die huis raak, omdat die moeder die arbeidsmark betree, ten einde

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die gesinsinkomste aan te vul. Dit bring dikwels mee dat die verhouding tussen moeder en dogter tydens dié fase van werkloosheid emosioneel verdiep. Dit blyk ook uit dié studie dat die moeder dikwels haar probleme met die adolessente dogter in dié intieme vertrouensverhouding deel, ten einde van die spanning rakende werkloosheid en beperkte finansiële middele ontslae te raak. Dit veroorsaak dikwels dat die adolessente dogter met verantwoordelikheid in en om die huis oorlaai word.

Uit 'n oorskou op die voorafgaande blyk duidelik dat die voortgang van toereikende ek-jy-verhoudinge in die werklose persoon se gesin dikwels in die gedrang kom. Binne gesinsverband waar werkloosheid 'n beduidende effek vertoon, word ek-jy-verhoudinge as opvoedingsbasis en –voorwaarde geredelik ontoereikend voltrek. Dit is dikwels 'n tydsame proses wat geduld, oordeel en omsigtigheid vereis ten einde verhoudinge van emosionele sekuriteit, vertroue, koestering en eiewaarde te herstel.

Zeelie (1989) beklemtoon egter ook die feit dat sommige gesinne wel in staat is, om die krisisse van werkloosheid te oorbrug en sinvol aan te pas by dié omstandighede, sonder dat hul gesinsverhoudinge negatief geskaad word (Venter 1991: 31).

3.2.3.3 Opvoedingstyl

Opvoeding in die gesin geskied nie bloot deur die pedagogiese ingryping van die ouers nie, maar ook deur die kind se belewing van interpersoonlike verhoudinge tussen sy ouers in die huweliks- en gesinslewe (Kriel 1996: 173). Sodanige ouer-kindverhouding neem op die geboortedag alreeds 'n aanvang (Scheepers 1988: 69).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In die opvoedingsgeskiedenis het daar in die laaste jare 'n veranderde lyn sigbaar geword in die opvoedingstyl wat deur ouers in verhouding tot hul kinders verwerklik word. Die opvoedingstyl het tradisioneel begin met 'n dominerende, outoritêre opvoedingshouding, wat geleidelik verander het na 'n meer personaalgerigte opvoedingstyl, waardeur die kind tot optimale selfstandigheid en selfaktualisering begelei word (Klopper 1992: 160). Le Roux (1992: 12) wys daarop dat opvoedingstyl die gedrag, houding, dissiplinêre benadering of kommunikasiewyse is wat opvoeders gebruik of demonstreer in verhouding tot kinders.

Pretorius (1998: 63 – 74) onderskei tussen twee basisdimensies van die opvoeding:

- Die warmte-dimensie in die opvoeding. By die teenpole van warmte/aanvaarding en koudheid/verwerping gaan dit oor die ouer se houding (en gevoelens) ten opsigte van die kind. Hier word onderskei tussen die warm, liefdevolle ouer wat 'n goeie verhouding met die kind het, en die koue ouer wat hom nie veel aan die kind steur nie.

- Die dominansie-dimensie in die opvoeding. By die teenpole van dominansie/kontrole en toegeeflikheid/vryheid gaan dit oor die ouer se houding ten opsigte van die opvoeding. Hier word onderskei tussen die dominante, streng ouer wat die kind oorheers, en die toegeeflike ouer wat die kind oormatig vry laat.

Angenent in Le Roux (1992: 30) stel die hiërargiese struktuur van die basisbegrip "warmte" grafies soos volg in figuur 3.1 voor:

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

FIGUUR 3.1

DIE HIëRARGIESE STRUKTUUR VAN DIE BASISBEGRIP WARMTE

(BRON: Le Roux 1992: 30)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die **permissiewe opvoedingstyl** is oortoegeeflik, nie-bestraffend, oormatig aanvaardend en oormatig buigsaam (Pretorius 1998: 10).

Hierdie laat-maar-gaan-houding laat die opvoedeling aan homself oor en dit lei dikwels tot groot onsekerheid by die kind. Wanneer die ouerleiding as gevolg van probleme in die werklose ouer se huwerliksverhouding swak of twyfelagtig is, mis die kind die geborgenheid van 'n gesonde gesinslewe en by baie lei dit tot ontoereikende verwerwing van sosiaal-aanvaarbare norme en sedes. Stone (1990: 66) beklemtoon dat die ouer 'n positiewe voorlewingsmodel aan die kind behoort te wees. Dié permissiewe opvoedingstyl van talle werklose ouers skep geredelik 'n teelaarde vir negatiewe aktiwiteite van die kind en laat na om behoorlikheidseise en verantwoordelikheidsaanvaarding by die kind in te skerp.

Die **posisionele opvoedingstyl** word baseer op die posisie van die opvoeder. Die ouer beklee die gesagsposisie en die kind die afhanklikheidsposisie. Dit is onderdrukkend en outoritêr (Lintott 1993: 98). Die ouer se opvattings ten opsigte van reg en verkeerd word afgedwing en daar word weinig gesprek gevoer. Die kind kry min geleentheid om sy standpunt te stel. Wanneer die posisionele ouertipe met sy kind kommunikeer, is dit negatiewe, onbuigsame, outokratiese, begriplose kommunikasie (vgl. Bester 1985: 28-29; Pretorius 1990: 58).

'n Oorstrenge ouerlike opvoedingstyl, wat as gevolg van spanning by die werklose ouer realiseer, lei geredelik tot gevoelens van minderwaardigheid, ontoereikenheid en skaamte by die kind. Sodanige minderwaardigheidsgevoelens word verhoog deur die feit dat die kind dikwels vrye kontak met die samelewing ontsê word (Dey

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

1990: 55). Volgens Bester (1985: 29) ontwikkel sodanige kinders dikwels ernstige spanningsprobleme. Hulle is onseker en oormatig van ander afhanklik. Hulle kom veral tydens adolessensie in opstand en is vyandig en aggressief (Lintott 1993: 99). Bogenoemde kinders raak tydens adolessensie van hul ouers vervreem, omdat hul gesinsopvoeding ontoereikend is (Calabrese 1987: 929).

Venter (1991: 30) stel dit duidelik dat talle skrywers reeds aangetoon het dat werkloosheid die gedragskontrole in gesinne negatief beïnvloed. Soos die tydperk van werkloosheid toeneem, verswak die toepassing van dissipline in 'n gesin dikwels merkbaar. Die rede hiervoor is dat die man die bestaande reëls begin verander en al hoe meer inkonsekwent optree in sy toepassing van sodanige reëls (vgl. Pautler en Lewko 1984: 14–16).

Werkloosheid skep spanning by ouers in die gesin wat geredelik geprojekteer word in verhouding tot kinders. Dit bring mee dat werkloosheid dikwels meewerk tot die ontoereikende verwerkliking van ouerlike opvoedingstyle in die gesin: of starre outokrasie, of 'n permissiewe laat-maar-gaan verwaarlosende benadering.

3.2.3.4 Kommunikasie

Opvoeding word in en deur kommunikasie voltrek; derhalwe is kommunikasie 'n opvoedingsvoorwaarde, aangesien geen sosiopedagogiese essensies sonder kommunikasie voltrek kan word nie (Klopper 1992: 163). Le Roux (1992: 8) beskou kommunikasie as die interaktiewe proses waardeur gedagtes, menings, gevoelens of inligting van een persoon na 'n ander oorgedra word met die bedoeling om mee te deel, te beïnvloed, of reaksie te ontlok.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Enslin (1992: 158) beklemtoon dat die generasies in die huidige samelewing dreig om meer en meer van mekaar vervreem te raak, as uitkoms van ontoereikende kommunikasie in die opvoeding; asook die invloede in die samelewing wat opvoedingsbelemmerend op die opvoedingsituasie inwerk. Kommunikasietekorte impliseer derhalwe terselfdertyd opvoedingstekorte, soos in die gesin waar werkloosheid voorkom.

Die werkende moeder is soms te moeg, en die werklose vader te geïrriteerd om aandag aan hul kinders te gee, sodat daar min tyd vir kinders en gesinsgesprekke bestaan (Lintott 1993: 103). Hoeh (1985: 19) omskryf hierdie toedrag van sake soos volg:
"Many parents do not take the time to talk with their teenagers. Even fewer take time to listen."

Werkloosheid, en veral die feit dat die man nie meer sy rol as broodwinner toereikend kan vervul nie, toon dikwels 'n uiters nadelige effek op die kommunikasie tussen die man en sy vrou. Hul interaksie mag ontaard in rusies, aggressie en selfs geweld, aldus Larson (1984: 503). Voorts beïnvloed die gebrekkige kommunikasie tussen huweliksgenote direk die kommunikasie met kinders in die gesin waar werkloosheid van 'n ouer aan die orde is.

Die spanning, haat, wantroue en rusie van huwelikstwis as gevolg van werkloosheid skep 'n versteurde huislike atmosfeer, en dit maak die kind beangs, onveilig en verward. Ouers kan 'n disharmonie in hul huwelik nie vir 'n kind verberg nie, want die kind het 'n fyn aanvoeling vir die ouers se houding teenoor mekaar (Pretorius 1998: 398). Dikwels word die kind gedwing om in die huwelikskonflik van sy ouers kant te kies, en hy belewe skuld, vrees, angs en 'n gewetensbelasting jeens die ouer teen wie hy kies.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

'n Ouer kan poog om 'n leemte in sy huwerliksverhouding (as gevolg van werkloosheid met gepaardgaande problematiek) te vul deur hom volledig op die kind te rig. Dan ontvang die kind te veel liefde, of die ouer eis te veel liefde van die kind (Pretorius 1998: 398). Dit kan die verwydering tussen ouers vererger, omdat beskuldigings volg oor opvoedingsfoute wat gemaak word.

Dit is dus nie slegs die kommunikasie tussen man en vrou wat negatief voltrek word nie, maar ook dié tussen ouer en kind. Kinders onttrek hulle geredelik van die vader, vanweë hul vrees vir konflik en ook soms vanweë 'n verlies aan respek vir hul werklose vader (Friedeman 1986: 125 – 130).

Volgens Hoffman et al. (1991: 105) het werkloosheid vir 'n kort periode nie 'n groot effek op die gesin as 'n geheel nie, maar slegs op die huwelik. Sou die persoon egter nie 'n werk kry nie en die periode van werkloosheid word langer, verhoog die spanning oor die onsekerheid van 'n verlies aan inkomste en die verlaging van materialistiese standaarde. Hierdie situasie het dan later 'n negatiewe effek op die hele gesin.

Dail (1988: 30) ondersteun bogenoemde uitgangspunte:
"Unemployment and its accompanying economic hardships are among the most stressful situations any family can face."

Die spanning en gepaardgaande gesinsproblematiek wat werkloosheid meebring, lei geredelik tot ontoereikende gesinskommunikasie, gebrek aan spontane gesinsverhoudinge en sosiale isolasie van individue en die gesin as geheel. Derhalwe word kommunikasie as opvoedingswyse ontoereikend voltrek.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

3.2.3.5 Sosiale lewe

Opvoeding impliseer dat die kind begelei sal word ten opsigte van sy sosiale lewe. Volgens Dey (1990: 60) manifesteer die kind se sosiale lewe in die gesin waar

- ❖ die kind as enkeling sosiaal aanvaarbare gedrag openbaar;
- ❖ die kind sosiaal verantwoordelik optree teenoor mense en in verhoudinge; asook
- ❖ hy as 'n sosiaal aangepaste wese in die samelewing opgeneem kan word (Dey 1990: 60).

Ouers dra die eerste verantwoordelikheid vir die liggaamlike, psigiese, geestelike en sosiale welsyn van die kind (Pretorius 1998: 368). Dit is juis in die gesin dat die kind die moontlikhede van 'n geordende saamleefstruktuur leer ken. Die kind wat toereikende sosiale opvoeding en sosiale vorming in die ouerhuis ervaar het, weet hoe om met mense om te gaan. Dit is egter waar sodanige begeleiding ten aansien van die kind se sosialisering gebrekkig is, dat die kind probleme ondervind om by die samelewing in te skakel (Lintott 1993: 105).

As primêre saamleefsituasie behoort die gesinsituasie vir die kind 'n veilige hawe te wees (Klopper 1992: 167). Die kind wat toereikende sosiale opvoeding en sosiale vorming in die ouerhuis ervaar, weet hoe om te sosialiseer. Waar daar egter gebrekkige leiding ten aansien van die kind se sosialisering is, word die gesinsituasie as "veilige hawe" egter vir die kind 'n gevaarlike plek. Die gesin het

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

toenemend 'n sosiale spanningveld in die eietydse samelewing geword (Pretorius 1990: 234), spesifiek ook ten aansien van 'n situasie waar werkloosheid aan die orde is.

Volgens Engelbrecht, Kok en Van Biljon (1989: 191) is ".... die gesin 'n oefenplek waar die hardheid van die eise wat die samelewing stel, getemper word ....." Hy beklemtoon dat die kind hulpbehoewend gebore word en afhanklik is van sy medemens. Die voorbereiding om tot die samelewing toe te tree, moet by uitstek in die warm koesterende atmosfeer van die gesin voltrek word.

Indien die kind hom egter in 'n situasie bevind waar daar as gevolg van die werkloosheid van die ouer/s, materiële en emosionele gebrek, ontoereikende kommunikasie en gebrekkige ek-jy-verhoudinge heers, kry hy/sy nie die geleentheid om sy sosiale lewe op toereikende wyse te ontplooi nie. Gevolglik ervaar die kind probleme ten opsigte van sy sosiale lewe, wat veroorsaak dat sodanige kind as sosiale wese nie effektief kan antwoord op die eise wat die samelewing aan hom stel nie. Hy sal dan ook probleme ondervind, om as sosiaal-aangepaste volwassene toereikend by die samelewing in te skakel (Enslin 1992: 161).

Jones (1990: 582) is van mening dat die gesin wie se relasies voor die ontstaan van werkloosheid onstabiel was, met werkloosheid verswak. Soms gebruik die adolessent die verskoning van werkloosheid as rede om die vader se gesag te ondermyn. Die sosiale verhoudinge van die adolessent en sy ouers kan tydens werkloosheid die volgende wending neem (Jones 1988: 201):

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

"Unemployment → Reduced Resources → Family Disruption →

Event | Parental stress | Reduces Parental Effectiveness

Child stress → Child psychosocial and health outcomes"

Die sosiale lewe van die gesin waar die ouers werkloos is, word dikwels ingeperk (Haralambos en Holborn 1990: 383). Benewens 'n afname in die kwantiteit van sosiale kontakte, is daar terselfdertyd 'n kwalitatiewe verskraling van interpersoonlike kontakte, wat meebring dat 'n hoë mate van sosiale isolasie beleef word (Smith 1987: 78).

Werkloosheid bring sosiale verskraling, sosiale isolasie en sosiale tekorte in die gesinsituasie mee. Derhalwe het finansiële tekorte ook sosiale verlies tot gevolg. Die kind se sosiale lewe vind sy oorspong in die gesinsituasie. Versteurde sosiale verhoudinge wat dikwels met die gesinne van werklose ouers gepaard gaan, mag die sosiale lewe van die kind in opvoeding dienooreenkomstig problematies laat voltrek. Sodanige ontoereikende sosiale lewe mag by die kind in 'n onvermoë om uiteenlopende sosiale situasies effektief te hanteer, manifesteer.

3.2.3.6 Sosialisering

Opvoeding impliseer dat die kind met sy sosialisering begelei sal word. Volgens Sandström (1970: 134) word die doel van

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

sosialisering vergestalt in die opvoeding van 'n kind, sodat hy homself toereikend met selfvertroue en verantwoordelikheid sal kan handhaaf in allerlei sosiale omstandighede. Le Roux (1992: 18) is van mening dat sosialisering die leerproses is waarvolgens die individu opgevoed word tot aktiewe betrokkenheid, samewerking, verhoudingstigting en sosiale funksionering in die samelewing.

Die adolessent openbaar 'n behoefte om homself met sy portuurgroep te identifiseer. Gewildheid binne 'n groep word dikwels bepaal deur fisieke aantreklikheid, skolastiese prestasies, prestasies op kulturele en ander gebiede, selfversekerdheid en die ouers se sosio-ekonomiese status (Bouwer 1995: 96). Aanvaarding deur die portuurgroep is vir die adolessent baie belangrik. Ten einde deur die groep aanvaar te word, sal die adolessent geredelik konformeer ten opsigte van die portuurgroep se standaarde en gedrag. Cooper en Ayers-Lopez (1985: 11 – 15) is van mening dat die adolessent in die beginfase van sy/haar vader se werkloosheid in 'n stryd verkeer. Omdat die adolessent dit belangrik ag om deur die portuurgroep aanvaar te word, sal hy/sy soms in botsing kom met hul ouers om deur die groep aanvaar te word. In die groep word die adolessent die geleentheid gebied om die eie gevoelens, wense en bekommernisse te deel. Die adolessent van die werklose ouer ervaar dikwels dat ander hom nie verstaan of ondersteun nie. Navorsers is dit eens dat die adolessent wie se vader werkloos is, juis om die bogenoemde redes dikwels nie deur die portuurgroep aanvaar word nie (Baarda et al. 1983: 473–484; Cooper en Ayers-Lopez 1985: 9–21; Jones 1988: 199–215; Jones 1991: 101–116). Navorsers is dit voort ook eens dat met die verloop van tyd die adolessent meer in homself keer, omdat hy te skaam is oor die werklose situasie met gepaardgaande problematiek waarin hy en sy

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gesin verkeer. Cooper en Ayers-Lopez (1985: 12) toon aan dat adolessente dogters geneig is om verhoudinge op 'n een tot een basis te verkies, terwyl seuns 'n groter groep verkies.

Bogenoemde gesteldheid veroorsaak dat die dogter wie se vader werkloos is, met verloop van tyd vereensaam, omdat sy nie meer so gereeld by haar vriende kan wees as gevolg van haar "nuwe" werkslas tuis nie. Seuns daarenteen, spandeer meer tyd saam met vriende as tuis, meestal om van die spanning en konflik tuis te ontsnap (Ortiz 1987: 130 – 147; Jones 1988: 199 – 215). Die adolessent wie se vader werkloos is, raak dikwels geïsoleerd, omdat hy/sy meer verantwoordelikhede tuis moet hanteer en nie die finansiële middele het om saam met die vriende uit te gaan nie. Dit blyk dus dat die adolessent homself onttrek van sosiale interaksies met die portuurgroep en dermate vereensaam. Jones (1988: 211; 1990: 583) meld dat sommige van dié adolessente depressief raak en dat selfmoordpogings in dié tyd nie ongewoon is nie.

Soos in die geval van die ouers, kom adolessente van werklose ouers nie meer in dieselfde mate met die gemeenskap in aanraking nie, omdat hulle te skaam is. Hulle vermy sosiale funksies, kerkgeleenthede en ander aktiwiteite, omdat hulle glo dat mense hulle jammer kry en op hulle neersien as hulle vir die werklose gesin hulp aanbied. Beperkte visie en geleenthede vir 'n beroep ontstaan by adolessente, weens 'n tekort aan fondse (Bouwer 1995: 98). Dié adolessent openbaar derhalwe geen doelgerigtheid en ideale vir die toekoms nie (Flanagan 1990: 163 – 177; Jones 1991: 101 – 116). Die adolessent word dus deur die netelige situasie waarin die gesin verkeer, selfs gedwing om die eie toekomsplanne te heroorweeg,

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

omdat daar nie voldoende fondse vir verdere studies beskikbaar is nie (Jones 1988: 206–208). Die oudste kinders in die huis, gewoonlik in hul adolessente fase, moet soms gaan werk, ten einde gesinsinkomste aan te vul, hetsy voltyds of deeltyds. Dit bring volgens Jones (1988: 206) mee dat die adolessent dikwels met verantwoordelikhede, wat vir 'n volwassene bedoel is, belas word.

Bouwer (1995: 98) is van mening dat die adolessent wat in die traumatiese situasie van werkloosheid van 'n vader vasgevang is, 'n gevaar loop om nie tot toereikende volwassenheid te ontwikkel nie, omdat werkloosheid negatief op die kind se leefwêreld inwerk. Werkloosheid kan soms tot drastiese veranderinge in gesinsrolle lei, wat die kind se sosialisering dermate beïnvloed. Volgens Zeelie (1989) kan sodanige rolveranderinge 'n negatiewe effek op die gesinsisteem uitoefen, asook op die ouer se betrokkenheid en begeleiding van die kind ten aansien van die verwerwing van sosiale vaardighede.

Gesosialiseerdheid as die sosiale doel van opvoeding, word dikwels problematies in die gesin van die werklose ouer voltrek. Sosialisering as die begeleiding van die kind ten opsigte van sosiale verhoudinge, kan slegs binne 'n gesinsatmosfeer van wedersydse vertroue, toegeneëntheid en veiligheid toereikend geskied: aspekte wat dikwels nie geredelik binne die gesin van die werklose ouer aanwesig is nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

3.2.3.7 Selfaktualisering

Soos reeds in Hoofstuk 1 uiteengesit, behels opvoeding onder meer om die kind tot optimale selfaktualisering te help en te begelei. Vrey (1979: 46 – 48) beskou selfaktualisering as "...die doelbewuste pogings om al die latente potensiële moontlikhede van die selfheid te realiseer. Dit sal al die terreine van fisiese vaardighede, verstandelike vermoëns, gevoelsbelewing en sedelike bewussyn insluit, sodat hy sy menslike selfheid wat hy inderdaad is, kan verwerf en verwerklik."

Toereikende selfaktualisering word voltrek deur optimale interaksie tussen ouer en kind in veilige ek-jy-verhoudinge (Pretorius 1998: 368). As opvoedingskriterium dien selfaktualisering enersyds ter evaluering van die ouer se opvoedingsbemoeïenis, maar andersyds ook ter evaluering van die volwassenheidspeil en selfstandige oordeel van die kind rakende samelewingsrealiteite. Selfaktualisering word ook in noue samehang met sosialisering beskou, aldus (Serfontein 1989: 37). Die kind kan slegs toereikend sosiaal-maatskaplik beweeglik word, indien hy sy gegewe moontlikhede optimaal aktualiseer. Slegs dan kan toereikende sosialisering, wat die gebeure is waardeur die kind leer om aan morele standaarde, rolverwagtinge en eise vir aanvaarbare gedrag van die betrokke samelewing te voldoen, verwerklik word (vgl. Gouws, Louw, Meyer en Plug 1982: 286; Kriel 1996: 194).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Buss en Redburn (1983) het in hul ondersoeke bevind dat ouerlike werkloosheid wel 'n negatiewe effek op die kinders se sosialisering en selfaktualisering mag vertoon (Visser 1991: 38). Verskeie outeurs (Raffe 1986: 11 – 19; Ortiz 1987: 133 – 137; Jones 1988: 199 – 215) is die mening toegedaan dat die selfaktualisering van die adolessent wie se vader werkloos is, problematies mag voltrek, aangesien die adolessent:

- vasgevang is in emosionele probleme wat oor 'n langtermyn mag strek;

- 'n negatiewe selfkonsep openbaar;

- swak sosialisering en gebrekkige relasievorm manifesteer; asook

- gebrekkige betrokkenheid by ander, die skool en skoolwerk, dinge en aktiwiteite manifesteer.

Bouwer (1995: 94) maak die afleiding dat die adolessent wie se vader werkloos is, die gevaar loop om nie tot optimale aktualisering van positiewe potensiële moontlikhede te kom nie. Ondersteuning en begeleidingsisteme ten opsigte van hierdie kinders se affektiewe wording moet sensitief beplan en benader word.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Selfaktualisering as die begeleide aktualisering van kinderlike moontlikhede binne opvoedingsverband, is gesetel in positiewe ek-jy-verhoudinge en persoonsgerigte dialoog binne die gesinsituasie (Kriel 1996: 196). Verhoudingsprobleme binne die gesinne waar die ouer/s werkloos is, mag opvoeding, en derhalwe ook die kind se selfaktualisering ontoereikend laat voltrek. Daar moet egter teen veralgemening gewaak word, aangesien talle kinders uit werklose gesinne tog optimaal selfaktualiseer, soos gereflekteer deur uitstekende skolastiese prestasies en onberispelike sosiale gedrag.

3.2.3.8 Identiteit en selfkonsep

Die kind as sosiale wese staan in 'n bepaalde verhouding tot sy God, sy naaste, homself, die natuur en sy kultuur (Pretorius 1998: 369). Hy ontwikkel 'n eie identiteit binne sy relasionele bestaan en kies rolmodelle, ten einde 'n eie identiteit te vestig. Veral tydens adolessensie word dit vir die kind baie belangrik om 'n eie identiteit te ontwikkel (Lintott 1993: 111). Dit is ook in hierdie tydperk van sy lewe waartydens hy die samelewing se norme en waardes evalueer en na egtheid en waarheid soek. Indien hy nie toereikend in hierdie soeke begelei word nie, keer hy geredelik sy rug op die tradisionele waardes wat die kerk en die ouerhuis aan hom voorhou (Lintott 1993: 112). Sodanige begeleiding moet uit oortuigde voorlewing deur die ouer bestaan. In sy soeke na 'n eie unieke identiteit, word die adolessent deur sy interaksie met familie, vriende en instansies belemmer of gesteun (Erikson 1972: 26).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Volgens Vrey (1979: 48 – 52) is 'n persoon se selfkonsep nie aangebore nie. Deur ondervindinge leer hy homself op 'n bepaalde wyse ken en so vorm hy 'n konsep van homself. Hierdie selfkonsep kan positief of negatief wees. Die persoon met 'n realistiese selfkonsep is in staat om sy negatiewe sowel as positiewe eienskappe te aanvaar en te verwerk (Oosthuizen, Petrick en Wiechers 1990: 10 – 13). Die persoon met 'n onrealistiese negatiewe selfkonsep is geneig "...om enige op- of aanmerking as negatiewe kritiek teen sy self te ervaar, wat daartoe aanleiding gee dat hy homself as 'n mislukking beleef. In dié geval sal die persoon geneig wees om onbetrokke by sosiale aktiwiteite te raak, sodat hy homself terugtrek, of gefrustreerd word, of aggressief optree" (Jacobs en Vrey 1982: 33).

Die mens ontdek sy eie identiteit in kommunikasie met die medemens. Ontoereikende kommunikasie in die gesin van die werklose ouer, mag die kind se identiteitsvorming belemmer. In dié verband kan verwys word na die voltrekking van die verbandslyn:

kommunikasie ——→ identifikasie ——→ identiteit ——→ selfkonsep (Pretorius 1994: 25).

Tydens toereikende kommunikasie sal pedagogies-verantwoordbare identifikasie tussen ouer en kind verwerklik. Indien die ouer dus toereikend met die kind kommunikeer, sal daar by die kind 'n positiewe gevoel van eiewaarde ontstaan. Persone wat nie positiewe gevoelens van eiewaarde ervaar nie, is tot skuldgevoelens en selfverkleinering geneig (vgl. Kriel 1996: 201; Enslin 1992: 173). Vrey (1984: 180) neem die standpunt in dat die selfkonsep en angs in 'n omgekeerde verhouding tot mekaar staan. Hoe swakker die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

selfkonsep, hoe meer angs beleef die kind. Die adolessent wat homself aanvaar, beleef minder angswekkende situasies, omdat hy selfkennis openbaar en dus 'n realistiese siening van homself en sy vermoëns het.

Werk is 'n verpligte aktiwiteit wat 'n mens se bestaan struktureer. Die werklose ervaar dus mettertyd 'n gebrek aan roetine. Werkloosheid veroorsaak sosiale isolasie en dikwels ook 'n afname in sosiale status. Aangesien werkloses maklik gestigmatiseer word, kan hulle 'n negatiewe selfbeeld ontwikkel. Dit skep 'n warboel van negatiewe emosies: angs, depressie, eensaamheid, frustrasie, verveeldheid, nutteloosheid, demotivering, asook 'n gebrek aan selfvertroue, eiewaarde en identiteit (Van Wijk 1993: 5). 'n Persoon se identiteit as individu is tot 'n groot mate sosiaal gedefinieerd, aan die hand van rolle wat hy/sy met 'n meerdere of mindere mate van sukses vertolk (Uys en Marais 1991: 24). Deelname aan besoldigde arbeid bied aan 'n persoon die geleentheid om sy vermoëns en kreatiwiteit te ontwikkel. Die ontneming van sodanige geleentheid mag die persoon se selfbeeld skaad (Fagin en Little 1984: 32).

Volgens verskeie outeurs (vgl. Flanagan 1990: 163 – 177; Jones 1991: 101 – 116) openbaar die adolessent wie se vader werkloos is, dikwels 'n negatiewe selfkonsep, onder andere omdat:

- die adolessent uitgebuit en skaam voel oor die situasie tuis;

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- die kind nie die sosiale- en finansiële druk van die portuurgroep kan hanteer nie; asook

- die kind sy liggaamsbeeld as negatief ervaar, omdat hy nie die regte en/of genoegsame versorging kry nie en derhalwe sy liggaam as swak, lelik en onaantreklik beleef (vgl. ook Bouwer 1995: 93).

Indien die kind in die ouerhuis verwaarloos word, soek hy elders na erkenning en 'n samehorigheidsgevoel (Lintott 1993: 113 – 114). Die volgende redes, wat verband hou met die ontoereikende identiteitsvorming en 'n soeke na 'n selfkonsep by kinders uit werklose gesinne, word aangevoer waarom sulke kinders by negatiewe aangeleenthede betrokke raak:

- ter wille van aansien onder hulle maats;

- dit bied hulle 'n gevoel van mag;

- ter wille van sosiale status;

- hulle toon 'n behoefte om iewers aktief betrokke te wees;

- vir erkenning; asook

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- omdat hulle bewus raak van hulself as persoon.

Faktore soos 'n gesonde gesinstruktuur, sosio-ekonomiese status, ras, nasionaliteit, geboorte-orde en fisiese belemmeringe kan 'n invloed uitoefen op die vorming van die selfkonsep (Bouwer 1995: 58). In die gesin van die werklose ouer waar die gesinstruktuur moontlik nie kerngesond is nie en die sosio-ekonomiese status ook gedegradeer is, kan die selfkonsep van die gesinslede negatief beïnvloed word.

Gebrekkige identiteitsvorming kan veral by die kinders in dié gesin daartoe lei dat hulle hulself nie begryp nie en volgens Bouwer (1995: 55), 'n identiteitskrisis beleef wat tot emosionele- en gedragsprobleme kan lei.

Dit blyk dus duidelik uit bogenoemde uiteensetting dat identiteitsverwerwing en selfkonsepvorming as sosiopedagogiese essensies slegs toereikend voltrek kan word, indien positiewe identifikasiefigure vir die kind in die gesinslewe teenwoordig is (Kriel 1996: 202). Die kwaliteit van ouer-kind-verhoudinge medebepaal die kwaliteit van opvoeding, en gevolglik die verwerkliking van die kind se identiteit en selfkonsep. Dienooreenkomstig mag verhoudingsprobleme tussen ouer en kind in die gesin van die werklose ouer, die kind tot ontoereikende identiteitsverwerwing en selfkonsepvorming predisponeer. Werkloosheid bring vertwyfeling in eie vermoë, devaluasie van die self en kritiese introspeksie mee, wat die selfkonsep nie ongedeerd laat nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

3.2.3.9 Sosiaal-maatskaplike oriëntering

Opvoeding veronderstel ook om die kind met sy sosiaal-maatskaplike oriëntering te begelei, met ander woorde met sy plekbepaling tussen ander mense. Sosiaal-maatskaplike oriëntering is volgens Le Roux (1992: 16) "...die proses waarvolgens die individu sy plek of posisie in sosiale situasies asook in die samelewing as geheel, bepaal, ten einde te weet wat sy pligte, regte en verantwoordelikhede is in sowel sosiale verhoudinge as die totale sosiale samelewing."

Enslin (1992: 174), in aansluiting by bogenoemde uitspraak, huldig ook die mening dat sosiaal-maatskaplike oriëntering die plekbepaling van die kind tussen ander mense, asook in die breëre maatskappy, behels. Die kind moet homself binne die gesin waar die ouer werkloos is, oriënteer, daar toereikende omgang met ander slegs moontlik is, indien die kind weet waar hy met ander gesinsgenote staan.

Binne die gesin leer die kind om, na die ouers se voorbeeld, keuses uit te oefen ten opsigte van die posisie wat hy in die samelewing moet inneem. Die kind moet weet waar hy staan, want toereikende omgang met ander is slegs moontlik as die kind se sosiaal-maatskaplike oriëntering toereikend voltrek word (Pretorius 1990: 29). Bolton (1980: 53) beskryf die sosiaal-maatskaplike soeke van die kind as 'n voortdurende stryd met sy omgewing en sy gesin. Hy toets rolmodelle en aanvaar of verwerp hulle in sy pogings tot volwassewording. Hy soek na die logika, sin en betekenis deur krities te bevra en te beproef.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Pretorius (1994: 29) identifiseer die volgende faktore wat die kwaliteit van die kind se sosiaal-maatskaplike oriëntering bepaal:

- die kind se gegewe persoonstruktuur: die aangebore moontlikhede van die kind (ten opsigte van temperament, intelligensie, ensovoorts) moet met behulp van die opvoeder verwerklik word, sodat hy toenemend maatskaplik beweeglik kan word;

- die gehalte van die opvoeding: hoe toereikend word die kind begryp en gesteun in dié verband? asook

- ruimte en tyd wat tot die kind se beskikking gestel word: geleentheid vir die kind se letterlike uitgaan na en verkenning van die sosiale werklikheid, byvoorbeeld deur spel en speelmaats; voldoende tyd om spontaan met ander kinders en ook met volwassenes om te gaan – vergelyk die tyd wat opvoeders saam met hul kinders deurbring.

Indien op bogenoemde faktore gefokus word, is dit te begryp dat die kind in die gesin van die werklose ouer, se sosiaal-maatskaplike oriëntering nie noodwendig toereikend voltrek word nie. Die werklose ouer mag moontlik nie altyd so geduldig en begrypend wees as wat dit behoort te wees nie. Dienooreenkomstig mag gehalte-opvoeding binne 'n werklose gesin met beperkte middele ook nie altyd moontlik wees nie.

In die jeugtydperk het die kind voortdurende teregwysing, aanmoediging en voorbeeldstelling van sy ouers nodig, omdat onverantwoordelike keuses ten opsigte van vriende, groepe en aktiwiteite tot sosiaal-maatskaplike disoriëntasie kan lei (Pretorius

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

1998: 370). Die kind is nog "drywend" sonder lewensbeskoulike beginsels as vaste bakens, ten einde sy posisie in die wyere samelewing te bepaal. Vir talle jeugdiges, by gebrek aan ouerlike steun en begeleiding as gevolg van die werkloosheid van die ouer, is dit dus onmoontlik om die eie plek normgerig in die samelewing te vind.

Deelname aan die besoldigde arbeid bied aan mense 'n geleentheid om sosiale kontakte buite gesins- en familieverband op te bou. Werkloosheid beteken dienooreenkomstig dat mense se sosiale kontakte beperk word (Haralambos en Holborn 1990: 383). Benewens 'n vermindering in die kwantiteit van sosiale kontakte, is daar 'n beduidender afname in die kwaliteit van interpersoonlike kontakte, wat beteken dat die werklose persoon dikwels 'n hoë mate van sosiale isolasie beleef (Smith 1987: 78). Sosiale isolasie het dikwels 'n afname in sosiale status tot gevolg. Daar is selfs sprake van die stigmatisering en sosiale verwerping van die werklose persoon.

In sy navorsing het Fineman (1983: 112) bevind dat werklose mense hul werklose status as 'n stigma beleef. "The stigma was based on the way they felt they were being handled and labelled by various agencies and groups in society; the feeling that they were treated as second-class citizens, branded as 'inferior' in some way or another."

Dit blyk dus noodsaaklik te wees dat die kind toereikende leiding en steungewing ten aansien van sy sosiaal-maatskaplike plekbepaling in die ouerhuis sal ontvang (Kriel 1996: 207). Slegs deur toereikende kommunikasie binne 'n veilige ek-jy-verhouding sal die kind in die gesin van die werklose ouer/s toereikend sosialiseer, 'n sinvolle sosiale lewe ontwikkel en sinvol in die samelewing kan inskakel.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Werkloosheid bring spanning, angs, stigmatisering en sosiale etikettering mee, wat die kind se sosiaal-maatskaplike oriëntering dienooreenkomstig kompliseer.

3.2.3.10 Behoeftevervulling in sosiale verband

Le Roux (1992: 4) beskou behoeftevervulling in sosiale verband as die proses waardeur die kind se behoeftes in opvoedingsituasies kommunikatief bevredig word. Aangesien behoeftes dikwels sosiaal gemotiveerd is, en die kind in sosiale situasies opgevoed word, geskied behoeftevervulling, as deel van die opvoedingsproses, in sosiale verband. Indien daar liefde, sekuriteit en warmte binne die gesin aanwesig is, kan die kind se volwassewording toereikend voltrek word. Dit is juis binne die gesinssituasie waar die kind se behoeftes vervul moet word (Klopper 1992: 179).

Elke kind het die behoefte om sosiaal aanvaarbaar te wees, liefde te ontvang en toereikend versorg te word. Smit (1990: 17) stel dit soos volg: "Affektiewe of gevoelsverwaarlosing vind plaas wanneer die ouer die kind verwerp of gevoelsmatig afwys. Die kind se intense belewing van verwerping en minderwaardigheid manifesteer dikwels in wangedrag."

Toereikende opvoeding impliseer begeleide behoeftevervulling in sosiale verband. Die ouer behoort die kind se behoeftes in die gesinsituasie te bevredig, sodat die kind hom nie tot eksterne bronne hoef te wend nie (Pretorius 1998: 371).

Die toereikende vervulling van die volgende kinderlike behoeftes is van kardinale belang vir elke kind (vgl. Pretorius 1994: 30 – 31; Enslin 1992: 177 – 178; Meintjies 1994: 175; Kriel 1996: 208 – 210):

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- Fisiese behoeftes: Die behoefte aan lewensnoodsaaklikhede soos kos, klere en rus, kan slegs in intiem-persoonlike ek-jy-verhoudinge bevredig word. Dit gebeur dikwels in die gesin van die werklose ouer dat daar, as gevolg van finansiële probleme, nie in al die fisiese behoeftes van die kind voorsien kan word nie.

- Veiligheidsbehoeftes: 'n Onstabiele gesinslewe (soos dikwels in die gesinsituasie van die werklose ouer voorkom) mag 'n gevoel van onveiligheid by die kind laat ontstaan. Gesinslewe beteken juis die vervulling van behoeftes en realisering van moontlikhede.

- Sosiale behoeftes: Wedersydse aanvaarding tussen die kind en sy ouers, is voorwaarde vir die vestiging van 'n veilige ek-jy-verhouding, as moontlikheidsvoorwaarde vir die vervulling van die kind se sosiale behoeftes. Die disharmoniese huweliksverhouding waaraan die kind waarskynlik in die gesin van die werklose ouer blootgestel word, kan die kind onveilig, ongeborge en angsvol laat.

- Ek-behoeftes: Die ek-behoeftes van die kind kan slegs toereikend vervul word, indien die ouers erkenning, goedkeuring en agting vir sy menswaardigheid aan die kind kommunikeer. Indien die kind nie met die nodige menswaardigheid gerespekteer en hanteer word nie, sal dié behoefte onvervuld gelaat word. Ontoereikende verwerkliking van ek-behoeftes wek dikwels gevoelens van minderwaardigheid, swakheid en hulpeloosheid by die kind in die gesin van die werklose ouer/s.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- Behoefte aan selfaktualisering: Die kind kom slegs tot optimale selfaktualisering in kommunikasie met die medemens. Binne die veilig-vertroude milieu van die stabiele gesinsituasie kan die kind tot kennis, vaardighede en optimale prestasies opgevoed word. Onmin in die gesin van die werklose ouer/s mag 'n negatiewe selfbeeld en gevoelens van minderwaardigheid by die kind tot gevolg hê.

Liefde vir, en aanvaardig van die kind, is die wyse waarop daar in die kind se behoeftes voldoen word. Hoedanig ouers die kind se behoeftes vervul (dus hul gedrag jeens hom in terme van aanvaarding of verwerping, koestering of afwysing, versorging of verwaarlosing), speel 'n deurslaggewende rol rakende die kind se totale persoonlikheidsontwikkeling (Dey 1990: 74; Kriel 1996: 210). In dié verband kan ook verwys word na die woorde van Oetinger (1979: 74): "What I really want is somebody who loves me so much that he doesn't want anyone else."

Kinderlike behoeftevervulling as opvoedingsopgawe kan slegs in intieme ek-jy-verhoudinge toereikend voltrek word (Pretorius 1998: 370). Ontoereikende behoeftevervulling in die gesinsituasie, wat as gevolg van die werkloosheid van die vader kan ontstaan, kan veroorsaak dat behoeftevervulling in sosiale verband ontoereikend verwerklik word. Binne die werklose gesin lei materiële tekort, gebrek aan emosionele sekuriteit en sosiale stigmatisering geredelik tot ontoereikende kinderlike behoeftevervulling.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

3.2.3.11 Sosiale milieu

Sosiale milieu dui op die omgewing waarin die kind se opvoeding voltrek word. Die kind se opvoeding neem 'n aanvang in die gesin as mikro-opvoedingsmilieu (Lintott 1993: 119). In die gesin behoort die kind 'n intieme, koesterende ek-jy-verhouding met die ouer te beleef. Indien die gesin nie aan die eise van veiligheid, warmte en beskerming voldoen nie, kan dit 'n labiliseerde invloed op die kind se totale opvoeding hê. Dikwels wreek werkloosheid sigself spesifiek ten aansien van die gesinsituasie as primêre sosiale milieu.

Pistorius (1980: 53) maak die volgende betekenisvolle uitsprake: "...van al die lewensituasies waarin die mens te staan kom, beïnvloed die gesinsituasie hom die diepste en die blywendste. As hierdie situasie pedagogies gesond is, ontwikkel die kind deur 'n wete van rigting wat hom teen latere verdwaling sal beskerm. Maar as dit gebrekkig is, berokken dit hom skade wat slegs met groot moeite en nooit volkome deur ander opvoedingsituasies vergoed kan word nie" (vgl. Kriel 1996: 211).

Die kind se wording word belemmer of bevorder deur sy lewe in opvoedingsituasies, asook saamleefsituasies. Die sosiale milieu waarin die hedendaagse kind homself bevind, maak dit al hoe moeiliker om sy moontlikhede toereikend te verwerklik (Klopper 1992: 181). Derhalwe is dit 'n spesifieke opvoedingsopgawe aan elke ouer om die gesinsituasie as primêre sosiale milieu positief, steungewend en veilig in te rig (Pretorius 1998: 371).

Tydens adolessensie moet die ouer 'n fyn balans tussen die vryheid wat hy toelaat en die verantwoordelikheid wat hy van die kind eis,

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

handhaaf (Lintott 1993: 119). Die oortoegeeflike, permissiewe ouer wat die kind toelaat om te kom en gaan soos hy wil, mag vind dat die kind weens negatiewe beïnvloeding by ongewenste praktyke betrokke mag raak. Die gesin word ook toenemend aan negatiewe labiliserende samelewingsinvloede blootgestel. In dié verband beklemtoon Toffler (1975: 222) soos volg: "...the family is again and again torn loose from home and community, in which individuals move further from their parents, further from the religion of origin and further from traditional values...."

Volgens Hill (1978: 118 – 120) gebeur dit soms dat gesinlede gedurende die vroeë stadium van die vader se werkloosheid meer tyd as gesin saam bestee. Met verloop van tyd, soos die verhouding tussen man en vrou verswak, word minder tyd saam bestee, daar die man homself van sy gesin onttrek en vriende en klubs begin opsoek (vgl. Borrero 1980: 920). Die vrou en kinders neig ook daartoe om meer by instansies en vriende buite die gesinsisteem in te skakel. Dit kan dus daartoe meewerk dat gesinslede onbetrokke teenoor mekaar raak.

Nel, Boshoff, Gous en Van Wyk (1985: 1-2) beklemtoon voorts dat die moderne jeugdige se wêreld toenemend deur ekonomiese spanning, politieke geweld, dwelms, voorhuwelikse seks en werkloosheid gekenmerk word. Sodanige faktore skep 'n klimaat van spanning en teneergedruktheid. Die portuurgroep verteenwoordig 'n alternatiewe sosiale milieu waarin die adolessent toenemend verkeer. Vrey (1991: 192) wys daarop dat adolessente soms konformeer, ten einde binne groepsverband aanvaar te word. Hule neem dikwels aan praktyke, wat hulle self nie goedkeur nie, deel, maar is bereid om te konformeer, al bots die praktyke van die portuurgroep ook met hul eie oortuigings (Lintott 1993: 122).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Volgens Le Roux (1992: 13) funksioneer die portuurgroep as 'n samelewing in die kleine, en oefen 'n betekenisvolle invloed op die lede se norme, waardes en gedragspatrone uit. Indien die adolessent, as gevolg van faktore voortspruitend uit die werkloosheid van sy/haar ouer/s, nie die gesinsituasie as "veilig" beleef nie, gebeur dit dikwels dat hy/sy by ongewenste groepe inskakel en hom/haar onder groepsdruk aan ongewenste praktyke skuldig maak.

Die moderne samelewing word gekenmerk deur talle gesinne wat nie altyd 'n positiewe milieu vir die kinders bied nie. Baie gesinne bied nie meer 'n veilige hawe vir die kind om in op te groei nie. Die gesinsituasie as primêre sosiale milieu, verteenwoordig terselfdertyd die primêre opvoedingsituasie. Derhalwe vertoon gesinsfunksionering, - verhoudinge en –problematiek beduidende invloed op die opvoeding van kinders binne sodanige gesin (Kriel 1996: 212). Die onderhawige studie het by herhaling die potensieel-kwesbare aard van die gesin van die werklose ouer beklemtoon. Talle kinders binne sodanige gesinsopset gaan gebrek aan die emosionele sekuriteit, om binne dié fundamentele leefgemeenskap tot toereikende behoeftevervulling, sosiaal-maatskaplike oriëntering, positiewe selfkonsepvorming en optimale selfaktualisering opgevoed te word. Derhalwe kan die gesin van die werklose ouer as 'n potensieel-problematiese sosiale milieu vir die kind in opvoeding gekwalifiseer word.

3.2.3.12 Persoonlikheid

Persoonlikheid dui op die geïntegreerde en dinamiese organisasie van 'n individu se psigiese, sosiale, morele en fisiese eienskappe, soos dit in wisselwerking met sy omgewing en ander persone tot uiting kom en soos bepaal deur die interaksie tussen die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

konstitusionele en omgewingsfaktore (Plug et al. 1987: 274). Die persoonlikheid ontwikkel gedurende die lewensloop van die individu en is nooit staties nie. Dié term dui op die patroon van eienskappe op 'n gegewe tydstip in die individu se lewe (Bouwer 1995: 52). Die persoonlikheid kan beskou word as "....the sum of what a person is, why she is like that, and how she appears to and is interpreted by other people" (Gouws en Kruger 1994: 84).

Die ontwikkeling van die persoonlikheid word bepaal deur oorerwings- en omgewingsfaktore; en die persoonlikheid bepaal dienooreenkomstig die persoon se gedrag. Sy spesifieke persoonlikheidseienskappe predisponeer hom tot bepaalde gedragspatrone.

Die twee-dimensionele kinderlike gedragsmodel van Becker en Krug (Pretorius 1998: 39) bied 'n klassifikasie van die gedragspatrone wat die kind teenoor sy ouers en onderwysers kan verwerklik. Hierdie model, wat in Figuur 3.2 aangetoon word, dui ook die basis-dimensies en –begrippe van die menslike persoonlikheid aan (**ekstroversie/introversie en emosionaliteit/stabiliteit**), sodat die gedragspatrone, gedragsprobleme en persoonlikheidsprobleme van die kind telkens met sy persoonlikheidseienskappe in verband gebring kan word.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

FIGUUR 3.2

TWEE DIMENSIONELE KINDERLIKE GEDRAGSMODEL VAN BECKER EN KRUG (DIE KLASSIFIKASIE VAN DIE KIND SE GEDRAG TEENOOR OUERS EN ONDERWYSERS



(Pretorius 1998: 39)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Afleidinge wat uit dié model gemaak kan word:

PERSOONLIKHEIDS-EIENSKAPPE	GEDRAGSPATRONE
Emosionele introvert	Teruggetrokke, wantrouig, agterdogtig, gepredisponeer tot persoonlikheidsprobleme
Ekstreem emosioneel	Emosioneel, veeleisend, uitdagend, vyandig, gepredisponeer tot gedragsprobleme
Emosionele ekstrovert	Impulsief, aanmatigende gedrag
Stabiele introvert	Onderdanig, kalm-inskiklik, intellektuele kontrole oor sy gedrag
Stabiele ekstrovert	Sosiaal-vaardig, sosiaal-aanpasbaar, sosiaal-aangenaam, liefdevol, saamwerkend

Gouws en Kruger (1994: 84) toon aan dat die mens se persoonlikheid voortdurend aan spanning en angstigheid blootgestel word. So word in die psigososiale benadering klem gelê op identiteit teenoor roldiffusie. Ten einde die aanslae op die persoonlikheid te kan verwerk, ontwikkel (veral die adolessent) verdedigingsmeganismes om van die angs en spanning ontslae te raak. Sodanige verdedigingsmeganismes vind, volgens die psigoanalitici, op 'n onbewuste vlak plaas en beskerm die persoonlikheid teen gevoelens van angstigheid, skuld, skaamte, ensovoorts. Verdedigingsmeganismes waarvan die mens gebruik maak, is: projeksie, ontkenning, onderdukking, sublimasie, rasionalisering, regressie, reaksieformasie, identifisering, verplasing en fantasie (vgl. ook Bouwer 1995: 53).

Dit blyk derhalwe dat die ontwikkeling van persoonlikheid kompleks is, en dat dit moontlik is dat die adolessent, wie se vader werkloos is, dit baie moeilik sal vind om 'n goed aangepaste persoonlikheid te

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ontwikkel, veral met die traumatiese veranderinge wat tydens werksverlies plaasvind.

Opvoeding impliseer onder andere dat die kind met die ontwikkeling van sy persoonlikheid begelei sal word. Derhalwe sal bepaalde opvoedingstekorte, soos geredelik gemanifesteer in die werklose ouer se gesinsituasie, sigself beduidend wreek op die persoonlikheidsontwikkeling van die kind binne sodanige gesin. Ontoereikende opvoeding, soos in hierdie afdeling beskryf, in terme van die verwerkliking van sosiopedagogiese essensies, veronderstel derhalwe ook die ontoereikende kinderbegeleiding ten aansien van die kind se persoonlikheidsontwikkeling binne die gesinsituasie waar ouerlike werkloosheid aan die orde is.

3.3 Samevatting

Werkloosheid veroorsaak meestal 'n gevoel van verlies aan kontrole en beheer oor die lewe, asook 'n verlies aan vertroue teenoor die beroepslewe. Werkloosheid vereis van die gesin 'n mate van aanpasbaarheid teenoor die persoon wat werkloos raak, asook teenoor die res van die gesinslede en die samelewing (Bouwer 1995: 80).

McCubbin en Patterson (1983: 87 – 106) onderskei twee wyses van aanpassing deur 'n gesin wat deur werkloosheid geraak word, naamlik:

- 'n onsuksesvolle aanpassing – "maladaptation"; asook

- 'n suksesvolle aanpassing – "bonadaptation"

"Maladaptation" word gekenmerk deur 'n voortdurende wanbalans in die individu-, gesin-, huwelik- en die samelewingsisteme. Die onsuksesvolle

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

aanpassing van die werklose, asook dié van die gesin, gaan gepaard met gedrag soos onttrekking van gesinsverhoudinge, vriende en die samelewing, ontkenning van werksverlies en vernielsugtige woede. Sodanige onsuksesvolle aanpassing is in die onderhawige hoofstuk geëvalueer in terme van identifiseerbare sosiopedagogiese essensies. "Bonadaptation", daarenteen, word gekenmerk deur die bereiking van 'n balans tussen die werklose en gesinslede teenoor die samelewing. Die suksesvolle aanpassing by die nuwe situasie lei daartoe dat die gesin hul integriteit behou en hul nuwe omstandighede sinvol binne hul gesinsisteem integreer. Die blyk uit bogenoemde navorsing dat dit egter baie moeilik is om suksesvolle aanpassing te verwerklik, ofskoon dit nie onmoontlik is nie.

Dit blyk uit die literatuur dat werkloosheid 'n negatiewe uitwerking op al die dimensies van huweliksfunksionering, gesinfunksionering en die leefwêreld van die adolessent uitoefen. Die adolessent se emosies, gedrag, verhoudinge, selfkonsep en skolastiese vordering word beduidend deur werkloosheid beïnvloed. Dit wil dus voorkom asof werkloosheid remmend op die adolessent en sy wording inwerk.

Voorts blyk dit asof die duur van die tydperk waartydens die vader werkloos is, ook 'n belangrike rol speel, deurdat die gesin, en in besonder die adolessent, gedurende die afdanking van die vader, asook vir 'n tyd daarna, nader aan mekaar beweeg. Hoe langer die vader egter werkloos is, hoe verder neig die gesinslede om van mekaar verwyderd te raak, totdat daar uiteindelik min of geen sprake van samewerking in die gesinsisteem is nie.

Die vader se skielike werkloosheid bring 'n drastiese verandering in die lewe van die gesin, maar spesifiek in die lewe van die adolessent, mee. Alle vlakke van die adolessent se lewe word geraak: sy ontwikkeling, sy

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

verhoudinge, sy toekoms; kortom sy totale lewe. Dit is met hierdie bykomende krisisse in sy lewe dat hy steeds moet poog om 'n selfstandige, onafhanklike en gelukkige volwassewording te verwerklik. Suksesvolle bereiking hiervan is tot 'n baie groot mate afhanklik van positiewe ouerlike steungewing en leiding.

Die adolessent wie se vader werkloos raak, gee dikwels negatief betekenis, hul belewing is dikwels negatief en hulle is sosiaal onbetrokke. Die kwaliteit van hul verhoudinge is ook negatief en 'n negatiewe selfkonsep word gevestig. Dié adolessent word op sy weg na positiewe selfaktualisering gerem deur dié traumatiese gebeurtenis. Vanweë onrealistiese en negatiewe betekenisgewing ontstaan probleme soos angs, skuldgevoelens, woede en 'n negatiewe selfkonsep. Dit gee weer aanleiding tot 'n gebrekkige betrokkenheid; veral ten opsigte van die adolessent se waaghouding en sinvolle sosialisering (Bouwer 1995: 159). Gebrekkige relasies met die self en andere ontstaan en die adolessent blyk minderwaardigheid ten opsigte van ander te beleef. Die adolessent word eensaam en geïsoleerd, en behoefte aan aanvaarding, liefde en warmte ontstaan, wat tot anti-sosiale gedragsmanifestasies mag lei.

Ten slotte dien dit beklemtoon te word dat werkloosheid as eietydse samelewingsrealiteit die gesinstruktuur en –lede in 'n beduidende mate beïnvloed. Hoedanig kinders binne sodanige gesinne hierdie krisis gaan hanteer, word bepalend beïnvloed deur die intiem-persoonlike leiding wat kinders van hul ouers ontvang; al dan nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Vervolgens sal daar in **Hoofstuk 4** kortliks 'n samevatting van enkele bevindinge en aanbevelings wat uit dié voltooide studie voortspruit, gebied word. Moontlike maatreëls om werkloosheid te bestry, sal kortliks geïdentifiseer en bespreek word. Enkele leemtes voortspruitend uit dié studie, asook moontlike toekomstige terreine vir opvolgnavorsing op dié terrein, sal kortliks aangedui word.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

HOOFSTUK 4

SAMEVATTING EN AANBEVELINGS

4.1 Inleiding

In die onderhawinge studie val die fokus spesifiek op die verskynsel "werkloosheid," die oorsake, aard en omvang daarvan in die RSA, asook op die effek van werkloosheid : op die werklose individu self, op sy gesin, asook op gesinsopvoeding. Die effek wat werkloosheid van die ouer(s) op die kind in die gesin uitoefen, is aan die hand van 'n uitgebreide studie van relevante literatuur onderneem. Ten einde die problematiek van die kind in sodanige ongewone gesinsituasie te ondersoek, is spesifiek op identifiseerbare essensies in die Sosiopedagogiek gefokus.

Die algemene beskouing van die gesin as 'n sosiale sisteem waar liefde, vrede en harmonie heers, blyk nie vir alle gesinne van toepassing te wees nie. Werkloosheid van die ouer(s) maak deel uit van talle gesinne se daaglikse leefwyse. Die gesin, as veilige opvoedingsruimte vir die kind, het vandag toenemend kwesbaar geword.

As gevolg van werkloosheid van talle ouers, kan gebrekkige orde en reëlmaat in die gesinslewe, huwelikstwis, asook gebrekkige gesinseenheid daartoe aanleiding gee dat ouers nie as toereikende identifikasiemodelle vir kinders beskikbaar is nie. Uit die navorsing het dit ook duidelik geblyk dat kinders soms onderwerp kan word aan ontoereikende opvoedingsbegeleiding, wat weer tot gedragsversteuringe onder sodanige kinders aanleiding kan gee.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die gesinsituasie verteenwoordig die kind se primêre opvoedingsituasie. Gevolglik is dit noodsaaklik dat die kind in die koesterende warmte van die gesin weerbaar gemaak sal word teen die aanslae van buite. Ouers moet die nodige sekuriteit aan hul kinders bied, sodat die kinders tot toereikende volwassenheid begelei kan word. Ouers moet simpatieke gesagsleiding aan hul kinders bied en hulle emosioneel ondersteun. Sodoende kan die kind sy unieke moontlikhede optimaal verwerklik en in 'n gebalanseerde volwassene ontwikkel.

4.2 Samevatting

4.2.1 Hoofstuk 1

Nadat die motivering as inleiding vir die onderhawige navorsingsondersoek in perspektief gestel is, is 'n konseptualisering van die volgende relevante begrippe onderneem:

- werkloosheid;
- gesin;
- 'n sosiopedagogiese analise, waar daar onder andere gefokus is op die volgende aspekte:
  - Sosiopedagogiek as selfstandige deeldissipline van die Pedagogiek;
  - die funksie van die Sosiopedagogiek;
  - die struktuur van die Sosiopedagogiek; asook

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

➢ sosiopedagogiese begrippe.

Daar is voorts onderneem om, deur middel van 'n deeglike tema-analise, die navorsingsfokus en oogmerke met die ondersoek duidelik uit te spel. Aangesien dié studie 'n sosiopedagogiese ondersoek verteenwoordig, het die hooffokus van die onderhawige navorsing spesifiek op die sosiopedagogiese effek wat werkloosheid van ouers op die gesin, en meer spesifiek op die kinders se opvoeding en sosialisering in sodanige gesin vertoon, geval.

Die volgende vraagstuk is tydens die ondersoek aan die orde gestel:
Wat beteken werkloosheid as maatskaplike verskynsel vir die kind se opvoeding en sosialisering binne gesinsverband?

Voorts is 'n sentrale teoretiese stelling geformuleer, naamlik dat werkloosheid as maatskaplike verskynsel 'n beduidende effek op die kind se opvoeding en sosialisering tot toereikende volwassenheid binne gesinsverband toon.

Die onderhawige studie verteenwoordig voorts 'n beskrywend-verklarende navorsingsondersoek, ten einde 'n oorsig te verkry van die effek wat werkloosheid op die lede van die gesin vertoon.

Die navorsingsdoel is beskryf as 'n teoretiese studie, ten einde die maatskaplike verskynsel "werkloosheid" te analiseer en die effek daarvan op gesinsfunksionering en –opvoeding vanuit 'n sosiopedagogiese perspektief na te vors.

Ten slotte is in Hoofstuk 1, as plan van aksie, 'n oorsig verskaf van tematiese inhoude van hoofstukke wat sou volg.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

4.2.2 Hoofstuk 2

In dié hoofstuk het die fokus op werkloosheid as verskynsel in die eietydse samelewing geval : die waarde en betekenis van werk vir die individu en sy gesin, asook die problematiek wat daarmee gepaard gaan indien 'n persoon sy werk sou verloor.

Daar is voorts aandag geskenk aan:

- tipes werkloosheid;
- oorsake van werkloosheid;
- die sosiale verspreiding van werkloosheid;
- die meting en omvang van werkloosheid;
- stadia van sielkundige reaksies op werkloosheid;
- die gevolge van werkloosheid; asook
- stigmatisering van werkloosheid.

Uit die navorsing het die geblyk dat werkloosheid 'n langdurige negatiewe uitwerking op al die dimensies van die persoon se huweliks- en gesinsfunksionering kan uitoefen. Werk is noodsaaklik vir die belewing van menswaardigheid in 'n lewe waarin daar na lewenskwaliteit gestreef word. Indien werk dus buite die bereik en bevredigende ervaring van die mens bly, beteken dit 'n kwalitatiewe verskraling en verarming; nie slegs vir die werklose persoon self nie, maar ook vir

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

diegene wat vir hom belangrik is, asook vir die gemeenskap waarvan hy deel is.

4.2.3 Hoofstuk 3

In hierdie hoofstuk is spesifiek gefokus op die effek van werkloosheid op die gesin : op al die gesinslede, maar meer spesifiek op die opvoeding van kinders in sodanige gesinsituasie wat deur werkloosheid beïnvloed word.

Om jou werk te verloor, of nie werk te kan bekom nie, is 'n lewensontwrigtende gebeurtenis. Nie slegs ontneem werkloosheid 'n persoon die vermoë en voorreg om homself en sy gesin materieel te onderhou nie, maar hy ervaar ook geredelik gevoelens van ontoereikendheid, selfvernedering, sosiale en emosionele vereensaming, algemene lewensangs en vertwyfeling.

Werkloosheid toon 'n sosiaal-isolerende effek op mense. Gevoelens van sosiale isolasie weens die verlies van status, wat met finansiële welvaart geassosieer word, word ondervind. Sosiale demoralisasie, verlies van integriteit, sosiaal-maatskaplike probleme, gevalle van huweliksgeweld en kindermishandeling, aggressiewe gedrag, verhoogde emosionaliteit, die misbruik van alkohol en ander dwelmmiddels, asook gepaardgaande toename in misdaad en geweld is van die vernaamste verskynsels wat met werkloosheid in verband gebring kan word.

Die effek van die werkloosheid van ouers op die kinders in die gesin, is vanuit 'n sosiopedagogiese perspektief geëvalueer. Daar is spesifiek op die volgende identifiseerbare sosiopedagogiese essensies gefokus :

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Binne gesinsverband waar werkloosheid 'n beduidende effek vertoon, word **ek-jy-verhoudinge** as opvoedingsbasis en –voorwaarde geredelik ontoereikend voltrek. Dit behels dikwels 'n tydsame proses wat geduld, oordeel en omsigtigheid vereis, ten einde verhoudinge van emosionele sekuriteit, vertroue, koestering en positiewe eiewaarde te herstel. Sommige gesinne is egter wel in staat om die krisisse wat werkloosheid meebring, te oorbrug en sinvol by die omstandighede aan te pas, sonder dat hul gesinsverhoudinge noodwendig negatief geskaad word.

Werkloosheid skep spanning by ouers in die gesin, wat geredelik geprojekteer word in hul verhoudinge tot hul kinders. Dit bring mee dat werkloosheid dikwels meewerk tot die ontoereikende verwerkliking van ouerlike **opvoedingstyle** in die gesin : of starre outokrasie, of 'n permissiewe laat-maar-gaan verwaarlosende opvoedingsbenadering.

Opvoeding kan beskou word as ontvouende intermenslike **kommunikasie**. Kommunikasietekorte impliseer terselfdertyd opvoedingstekorte. Die spanning en gepaardgaande gesinsproblematiek wat werkloosheid meebring, lei geredelik tot ontoereikende gesinskommunikasie, gebrek aan spontane gesinsverhoudinge en sosiale isolasie van individue en die gesin as geheel. Derhalwe word kommunikasie as opvoedingswyse geredelik ontoereikend voltrek binne gesinsverband waar werkloosheid 'n realiteit is.

Die kind se **sosiale lewe** vind sy oorsprong in die gesinsituasie. Werkloosheid bring sosiale verskraling, sosiale isolasie en sosiale tekorte in die gesinsituasie mee. Versteurde sosiale verhoudinge wat dikwels met gesinne van werklose ouers gepaard gaan, mag die sosiale lewe van die kind in opvoeding dienooreenkomstig problematies laat voltrek.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Gesosialiseerdheid as die sosiale doel van opvoeding, word dikwels problematies in die gesin van die werklose ouer voltrek. **Sosialisering** as die begeleiding van die kind ten opsigte van sosiale verhoudinge, kan slegs binne 'n gesinsatmosfeer van wedersydse vertroue, toegeneëntheid en veiligheid toereikend geskied : aspekte wat dikwels nie geredelik binne die gesin van die werklose ouer aanwesig is nie.

Die mate waarin die kind sy aangebore moontlikhede verwerklik, staan bekend as sy **selfaktualisering**. Die kind kan alleen sy moontlikhede optimaal verwerklik deur kommunikatiewe interaksie binne 'n veilige ek-jy-verhouding. Indien die kind binne 'n problematiese gesinsituasie grootword, waar spanning en aggressie die botoon voer, kan hy 'n swak selfbeeld en gebrekkige selfvertroue ontwikkel. Indien die kind aan homself oorgelaat word om sy latente moontlikhede te verwerklik, sal sy aktualisering van sodanige moontlikhede ontoereikend realiseer.

Identiteitsverwerwing en **selfkonsepvorming** as sosiopedagogiese essensies kan slegs toereikend voltrek word, indien positiewe identifikasiefigure vir die kind in die gesinslewe teenwoordig is. Verhoudingsprobleme tussen ouer en kind in die gesin van die werklose ouer, kan die kind tot ontoereikende identiteitsverwerwing en negatiewe selfkonsepvorming predisponeer. Werkloosheid bring vertwyfeling in eie vermoë, devaluasie van die self en kritiese introspeksie mee, wat die selfkonsep nie ongedeerd laat nie.

Die kwaliteit van die opvoeding, en die toereikendheid waarmee die kind begelei, begryp en gesteun word, is faktore wat die gehalte van die kind se **sosiaal-maatskaplike oriëntering** medebepaal. Die wangenormeerde voorlewing deur die werklose ouer dra geredelik tot die kind se disoriëntasie by. Werkloosheid bring spanning, angs,

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

stigmatisering en sosiale etikettering mee, wat die kind se sosiaal-maatskaplike oriëntering dienooreenkomstig kompliseer.

Opvoeding behels onder meer dat die kind begelei word met die **vervulling van sy behoeftes**. Ontoereikende behoeftevervulling in die gesinsituasie wat as gevolg van werkloosheid ontstaan, kan veroorsaak dat behoeftevervuling in sosiale verband ontoereikend verwerklik word. Binne die werklose gesin lei materiële tekort, gebrek aan emosionele sekuriteit en sosiale stigmatisering geredelik tot ontoereikende kinderlike behoeftevervulling.

Die gesinsituasie as primêre **sosiale milieu**, verteenwoordig terselfdertyd die primêre opvoedingsituasie. Talle kinders binne die potensieel-kwesbare gesin van die werklose ouer gaan gebrek aan emosionele sekuriteit om binne sodanige fundamentele leefgemeenskap tot toereikende behoeftevervulling, sosiaal-maatskaplike oriëntering, positiewe selfkonsepvorming en optimale selfaktualisering opgevoed te word. Derhalwe kan die gesin van die werklose ouer as 'n potensieel-problematiese sosiale milieu vir die kind in opvoeding gekwalifiseer word.

Die ontwikkeling van die kind se **persoonlikheid** word deur oorerwings- en omgewingsfaktore medebepaal. Die persoonlikheid bepaal dienooreenkomstig die persoon se gedrag. Bepaalde opvoedingstekorte, soos geredelik gemanifesteer in die werklose ouer se gesinsituasie, sal sigself beduidend wreek op die persoonlikheidsontwikkeling van die kind binne sodanige gesin. Ontoereikende opvoeding in terme van die verwerkliking van sosiopedagogiese essensies, veronderstel derhalwe ook ontoereikende kinderbegeleiding ten aansien van die kind se

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

persoonlikheidsontwikkeling binne die gesinsituasie waar ouerlike werkloosheid aan die orde is.

Werkloosheid veroorsaak meestal 'n gevoel van verlies aan kontrole en beheer oor die eie lewe. Werkloosheid vereis derhalwe 'n mate van aanpasbaarheid binne gesinsverband : teenoor die persoon wat werkloos raak, teenoor die gesinslede en ten opsigte van die samelewing : "Teamwork – it's the only way to cope. There's absolutely nou doubt that the only way to get through this situation is to work as a team – both as a couple and as a family" (Lovell 1996: 16).

4.3 Gevolgtrekkings

Voortspruitend uit die voltooide studie kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word:

- Die werklose persoon self beleef die ontstaan van werkloosheid as traumaties. Hy/sy gaan normaalweg deur stadia van verhoogde negatiewe emosionaliteit, valse optimisme, pessimisme en angs, ernstige depressie en daarna volg aanvaarding, wat normaalweg met 'n lae selfbeeld gepaard gaan. In uitsonderlike gevalle kan realiteite heroorweeg word, selfvertroue kan toeneem, nuwe doelwitte kan gestel word en nuwe planne van aksie kan in werking gestel word.

- Nürnberger (1990: 10) som die effek van werkloosheid op die individu soos volg op: ".... in general unemployment causes unhappiness, loneliness, a sense of helplessness, selfcontempt, restlessness, anxiety, anger, bad temper, depression, apathy, hopelessness, more psychological and biological diseases, alcoholism, higher divorce rates, higher suicide rates."

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- Werkloosheid kan 'n negatiewe effek op die gesinslede tot gevolg hê. Dit kan 'n belangrike bydraende faktor in die voorkoms van huweliksgeweld en kindermishandeling wees en mense se vermoë om hul gesinslede fisies en emosioneel te versorg aan bande lê.

- Soos die tydperk van werkloosheid toeneem, verswak die toepassing van dissipline in die gesin dikwels merkbaar, aangesien die werklose vader bestaande reëls begin verander en al hoe meer inkonsekwent begin optree in sy toepassing van die reëls.

- Jongmense word in die besonder hard deur werkloosheid getref, aangesien dit die normale oorgang na volwassenheid ontwrig. Jong werkloses vind dit moeilik om onafhanklik te word en beleef dikwels lang tydfases van armoede. Hulle moet gevolglik toetrede tot sekere lewensfases, soos die aangaan van 'n huwelik en die aanneem van gesinsverantwoordelikhede, uitstel. Hoë vlakke van werkloosheid onder jongmense hou derhalwe besondere negatiewe implikasies vir die samelewing in.

- Kinders in die gesin word dikwels emosioneel deur die teenwoordigheid van werkloosheid binne gesinsverband geskaad. Dit is derhalwe beter om kinders nie heeltemal in die duister te laat aangaande dié omstandighede nie, maar om die situasie juis te omskep in 'n "...life-training experience for their own future" (Lovell 1996: 24).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- Die adolessent wie se vader werkloos is, is dikwels verward en irrasionele betekenisgewing geskied, wat weer aanleiding tot angs, spanning, gedrags- en persoonlikheidsprobleme kan gee.

- Onbetrokkenheid is die gevolg van onttrekking uit sosiale verhoudinge en 'n onvermoë om bestaande sosiale relasies te handhaaf.

- Die kind se belewing van homself, andere en verskillende situasies kan negatief voltrek. Dit manifesteer geredelik in gevoelens van frustrasie, verwarring, mislukking, verwerping, 'n verlies aan eiewaarde en 'n negatiewe selfkonsep.

- Dit blyk duidelik uit die voorafgaande studie dat die kind wie se vader werkloos is, die gevaar loop om nie tot optimale aktualisering van sy/haar positiewe potensiële moontlikhede te kom nie.

- Kinders uit gesinne waar die ouer werkloos is, is soms meer gerig op hul skoolwerk en die verwerwing van kwalifikasies as vroeër. Hulle ondervind skielik dat die lewe onseker is en dat 'n mens aanpasbaar en nooit selftevrede moet wees nie, maar juis die beste van elke moontlike geleentheid moet maak.

- Dit is egter belangrik om te beklemtoon dat nie alle gesinne negatief deur werkloosheid beïnvloed word nie. Daar is wel gesinne wat in staat is om die krisis van werkloosheid te oorbrug en sinvol aan te pas by dié omstandighede, sonder dat hul gesinsverhoudinge noodwendig negatief geskaad word.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- 'n Hoë werkloosheidskoers hou derhalwe ernstige implikasies vir die gemeenskap as geheel in. Dit geld spesifiek vir die materiële sowel as psigiese welvaart van die gemeenskap as geheel.

4.4 Maatreëls om werkloosheid te bestry:

Die omvang en erns van die werkloosheidsvraagstuk is geweldig groot. Volgens Cronje et al. (1994: 449) is die RSA tans, te midde van 'n huidige era van ernstige armoede en ongebreidelde bevolkingsaanwas, besig om 'n toestand van "wegholwerkloosheid" binne te gaan. Sodanige toestand sal indringende aandag moet geniet.

In die proses om werkloosheid te bestry, sal dit nodig wees om die werklose persoon self te betrek, sodat 'n grootskaalse "oefening" in mensopheffing kan geskied (Swanepoel en Van Zyl 1994: 273). Daar sal deurlopend aan die volgende aspekte aandag geskenk moet word:

- die nood van die werkloses sal verlig moet word;

- werkloses moet in staat gestel word om hul eie vaardighede te verbeter, ten einde na die aktiewe arbeidsmag te kan terugkeer; asook

- grootskaalse pogings sal aangewend moet word om baie meer werksgeleenthede te skep.

Vervolgens sal enkele maatreëls wat oorweeg kan word om werkloosheid te bestry, kortliks aangespreek word.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

4.4.1 Ekonomiese groei

Die belangrikheid van ekonomiese groei om werkskepping te bevorder, kan nie genoeg beklemtoon word nie. 'n Ekonomiese groeikoers van minstens 5 persent per jaar is nodig, om bloot nuwe toetreders tot die arbeidsmark van werk te voorsien (Swanepoel en Van Zyl 1994: 273). Gegewe die bestaande hoë werkloosheidskoers, is 'n hoë en volgehoue ekonomiese groeikoers van wesenlike belang. Dit behoort van die hoogste prioriteite in die RSA te wees. Die huidige groot inkomste ongelykhede word beskou as die vernaamste versperring in die weg van ekonomiese groei en werkskepping (Mittner 10 April 1998: 32). Die voormalige Minister van Arbeid, mnr. Tito Mboweni, glo dat die herverdeling van rykdom en die verkleining van inkomstegapings, stappe is wat ekonomiese groei sal aanwakker (Mittner 8 Mei 1998: 51).

Die tydige skep van groot nywerhede en dienste-organisasies is een oplossing waarna Suid-Afrika sal moet kyk om werksgeleenthede te skep. Dit is ongelukkig nie altyd die vinnigste manier van werkskepping nie, maar is dikwels van blywende aard (Booysen 1998: 3). 'n Goeie voorbeeld daarvan is die onlangse aankondiging dat Dunnottar Lugmagbasis naby Springs en Nigel binne drie jaar verander gaan word in die Springs-Nigel Internasionale Lughawe. Die verwagting is ook dat binne twintig jaar sowat R100 miljard aan dié lughawe en die omliggende sake- en tersiêre gemeenskap bestee sal word wat sowat 285 000 nuwe en blywende werksgeleenthede sal skep. Die nodige lisensie vir die lughawe is reeds van Burgerlugvaart gekry en die nodige lewensvatbaarheidstudies daaroor het bevestig dat só 'n lughawe sy bestaan sal regverdig. Elfriede van Wijk (Salus 1993: 5, 7) glo dat om armoede en werkloosheid effektief te kan bekamp, daar onder meer

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ekonomiese groei, politieke stabiliteit en 'n afname in bevolkingsgroei moet wees.

4.4.2 Werkskepping

Pogings sal aangewend moet word om meer werksgeleenthede te skep. Dit geld vir alle sektore van die ekonomie en hou verband met verhoogde ekonomiese groei. Die kleinsakesektor is veral in staat om addisionele werksgeleenthede relatief gou en goedkoop te skep. Dit behoort verder uitgebrei te word (Swanepoel en Van Zyl 1994: 273).

Sektore waarin daar geleenthede vir werkskepping kan wees, is onder andere die landbou, toerisme, die dienstesektor, konstruksie en landelike ontwikkeling (Mittner 21 Junie 1996: 49).

Die Amerikaanse saketydskrif, Fortune, het in 'n onlangse studie bevind dat die meeste werksgeleenthede geskep is in deeltydse werk, gevolg deur restaurantwerkers, plaaslike regeringsadministrasie, hospitale, ontspanning, tuisgesondheidsorg, verpleging, asook personeel in mediese praktisyns se kantore, gevolg deur rekenaarprogrammatuur (Mittner 17 Mei 1996: 11).

Die vermoë van werkskepping in die petrochemiese bedryf deur 'n deursyferingsproses is baie groot. Volgens Maarten Mittner (2 Februarie 1996: 48) hang dit af binne watter raamwerk dit geskep word; maar dat dié bedryf oor die vermoë beskik, is sonder twyfel waar. Sasol weer het onlangs werkgeleenthede geskep in plastieknywerhede en verwante bedrywe soos wasse vir drukkersink, verf en vetkryt.

Die letterlike en figuurlike bloeiende veiligheidsbedryf, waar mense by winkelsentrums parkeerplek aanwys en jou voertuig oppas terwyl jy

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

inkopies doen, is lank reeds 'n werkskepper van formaat (Mittner 17 Julie 1998: 32). Werk word ook al meer op die straathoeke en by verkeersligte geskep, waar motorbestuurders enigiets van naartjies en superlym tot vullissakke en sokkerballe kan koop.

Die regering van die dag sal ook moet poog om meer makroprojekte vir werkskepping te inisieer; nie slegs in stedelike gebiede nie, maar spesifiek ook op die platteland en in landelike gebiede van Suid-Afrika.

4.4.3 Toepaslike tegnologie

In die proses van ekonomiese groei moet daar minder staatgemaak word op duur ingevoerde tegnologie wat gewoonlik kapitaalintensief is. Die RSA het toepaslike tegnologie nodig, wat volgens die behoeftes van die land ontwikkel word. Daar moet, volgens Swanepoel en Van Zyl (1994: 273), in die besonder aandag geskenk word aan toepaslike tegnologie wat die relatiewe tekort aan kapitaal en die relatiewe oorvloed van semi- en ongeskoolde arbeid in Suid-Afrika in ag sal neem.

Die hoop bestaan ook dat groeiende bedrywe soos die inligtingstegnologie en die telekommunikasiebedryf die hoër koste van opleiding sal kan dra en dat die oorheersende vraag na geskoolde arbeid die deurslag sal gee bo korttermynoorwegings (Mittner 13 Maart 1998: 51).

4.4.4 Inwaartse industrialisasie

As werkskeppingsmaatreël hou inwaartse industrialisasie vele moontlikhede in. Dié begrip is vir die eerste keer deur prof. Jan Lombaard beskryf, as 'n proses waardeur die effektiewe vraag na plaaslik vervaardigde produkte en goedere as gevolg van 'n aantal

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

faktore wat in verstedelikte ontwikkelende gemeenskappe aanwesig is, toeneem (Swanepoel en Van Zyl 1994: 273). Sodanige faktore is:

- verhoogde reële inkomste in lae-inkomste-kategorieë;
- dalende geboortekoerse in hierdie groep;
- hoër verstedelikingskoerse; asook
- groter owerheidsuitgawes aan minderbevoorregte gemeenskappe.

Die kombinasie van bogenoemde faktore veroorsaak 'n effektiewe vraag na basiese verbruikersgoedere soos byvoorbeeld voedsel, klerasie en skoene. Die meeste van hierdie goedere en dienste kan op 'n arbeidsintensiewe wyse geproduseer word. Dit vereis ook 'n relatief laer vaardigheidsvlak, sodat werksgeleenthede baie gou en op groot skaal geskep kan word.

In 'n vergelykende verslag wat deur partye in Nedlac saam met die internasionale konsultante, SRI-International, opgestel is, word ook beklemtoon dat arbeidsintensiewe nywerhede soos klerasie, skoeisel, meubels, konstruksie en toerisme, die grootste kans bied om die RSA se werkloosheidsprobleem te ondervang (Mittner 13 Maart 1998: 51).

Landbou-ondernemings in bedrywe wat waarde toevoeg tot groente- en vrugteprodukte word beskou as 'n addisionele groeigebied. Die meubelbedryf bied ook goeie vooruitsigte vir werksgeleenthede, aangesien dit arbeidsintensief is. Arbeidsintensiewe vervaardigingsondernemings wat die klem op uitvoer plaas, het die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

potensiaal om binne die volgende aantal jare 20 000 nuwe werksgeleenthede te skep (Mittner 20 Februarie 1998: 13).

4.4.5 Uitkontraktering en privatisering

Uitkontraktering is 'n tendens wat wêreldwyd toeneem. Die jongste neiging onder maatskappye wêreldwyd is om dienste of funksies wat nie deel van die maatskappy se kernbedrywighede vorm nie, uit te kontrakteer (Finansies en Tegniek 23 Januarie 1998: 48). Hoewel tradisionele werksgeleenthede hierdeur geraak word, staan diegene wat oor kundigheid en entrepreneurskap beskik, 'n goeie kans om na diensbeeïndiging as 'n gekontrakteerde werker aan te gaan met die werk.

Veral in die finansiële sektor blyk dit al meer 'n opsie te wees. ABSA maak byvoorbeeld reeds gebruik van buitekontrakteurs vir die verwerking van tjeks. Benewens rekenkundige en ander finansiële dienste, maak tegnologiese en administratiewe dienste die grootste deel van werk wat reeds uitgekontrakteer word, uit (Finansies en Tegniek 23 Januarie1998: 48).

4.4.6 Behuising

Inwaartse industrialisasie toon direkte toepassing op die groot vraag na behuising. Die Sentrale Ekonomiese Adviesdiens (SEA) het bevind dat die konstruksiebedryf daardie sektor is, wat die meeste werksgeleenthede per miljoen rand investering skep (Swanepoel en Van Zyl 1994: 274). Baie van die inisiatiewe vir laekostebehuising en selfbouskemas, deur die Stedelike Stigting, die Onafhanklike Ontwikkelingstrust, die Suid-Afrikaanse Behuisingstrust en die HOP, hou veel belofte in. Die verleentheid van 'n tekort aan behuising, kan

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

dienooreenkomstig in geleenthede vir werkskepping omskep word. Selfbouskemas kan aan werkloses 'n eie woning bied en die vaardighede wat hulle opdoen, kan vir opvolgwerksgeleenthede sorg.

4.4.7 Onderwys en opleiding

Onderwys en opleiding is een van die vernaamste maatreëls om werkloosheid mee te verlig. Die verbetering van die vaardigheidsvlakke van werkloses is een van die mees betekenisvolle strategieë om strukturele werkloosheid te bestry. Benewens funksionele geletterdheid is tegniese onderwys en indiensopleiding 'n strategie wat tot groter indiensname en vermindering van werkloosheid kan bydra.

Die grootskaalse afdankings in die RSA se oorwegend ongeskoolde werkersmag skep probleme, deurdat die vraag nie meer na ongeskoolde arbeid is nie, maar wel na dié wat oor vaardighede beskik. Daar rus dus 'n belangrike verpligting op maatskappye en ook die regering om toenemend werkers vir nuwe realiteite in die arbeidsektor op te lei (Mittner 22 Julie 1999: 37). Die probleem hier is egter weer dat opleiding 'n koste-uitgawe vir werkgewers meebring; juis in 'n tyd dat kostebesnoeiings noodsaaklik is.

Human (1993: 20) doen aan die hand dat die regering fondse beskikbaar moet stel vir die opleiding van mannekrag met die klem op die informele sektor van die ekonomie. Voorts moet toegesien word dat die RSA oor 'n goeie en gesonde onderwysstelsel beskik, waarin leerlinge sinvol op 'n toekomstige loopbaan voorberei kan word.

"Daar is net een raad teen die skrikwekkende toename in wêreldwye werkloosheid – opleiding," beklemtoon die Internasionale Arbeidsorganisasie in hul verslag oor werkloosheid (De Lange 1998: 4).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Opleiding moet in wese werkers met verkoopbare vaardighede toerus en moet die vermoë by diesulkes kweek om nuwe vaardighede meer doeltreffend te verwerf en te gebruik.

Verkeerde vak- en studierigtingkeuses op skool kan 'n bydrae tot die probleem van jeugwerkloosheid lewer. Die eertydse Departement van Onderwys en Opleiding (1992: 7) bevestig hierdie beskouing en beweer dat die oorgrote meerderheid leerlinge op hoërskool 'n weerstand teen tegnies-georiënteerde vakrigtings openbaar, ten spyte van die feit dat daar veral tans werksgeleenthede in die tegniese beroepsrigtings bestaan.

Jeugdige werkloses is oor die algemeen bereid om verder te studeer, of om verdere opleiding te ondergaan. Daar is egter volgens Jacobs en Bekker (1996: 17) 'n beduidende aantal jeugdiges wat onseker is oor die toepaslike rigting van verdere studie, of waarin hul opgelei behoort te word.

Dit is veral ten aansien van die opleiding en onderwys van bogenoemde groep jeugdiges waar Tegniese Kolleges en Technikons 'n spesifieke bydrae te lewer het om jeugdiges met relevante kundighede en vaardighede toe te rus en sodoende te help om die probleem van werkloosheid te bekamp.

Die Federale Komitee van Tegniese Kollege Prinsipale (FEDKOM) het reeds op 'n algemene termynvergadering van 28 tot 30 November 1994 die volgende uitgangspunte geïdentifiseer, wat Tegniese Kolleges in staat behoort te stel om 'n daadwerklike bydrae tot die oplossing van werkloosheid onder jeugdiges te lewer (Jacobs en Bekker 1996: 17 - 18):

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- Die relevante programme aan Tegniese Kolleges, hul geografiese ligging en toegeruste personeelinfrastruktuur, plaas die betrokke kolleges in 'n ideale posisie om gemeenskapsonderwys en opleiding spesifiek aan jeugdige werkloses te kan verskaf.

- Tegniese Kolleges behoort die moontlikhede te ondersoek om hul instellings te ontwikkel in gemeenskapsgebaseerde onderwysinrigtings met die doel om beroepsgerigte onderwys aan te bied, wat moontlik tot die bekamping van werkloosheid onder jeugdige leerders kan lei.

4.4.8 Entrepreneurskap

Die begrip "entrepreneurskap" word deur die eertydse Departement van Onderwys en Opleiding (1994: 1) soos volg gedefinieer: "Entrepreneurskap is 'n kreatiewe aktiwiteit waardeur materiaal, kapitaal, tegnologie en arbeid gemobiliseer word ten einde produkte en dienste aan klante te voorsien."

Entrepreneurskapopleiding is 'n aangeleentheid wat jeugdige leerders met lewenskundighede en besigheidsvaardighede kan toerus, ten einde in 'n vrye markstelsel 'n eie loopbaanontwerp te kan maak, en sodoende op 'n produktiewe wyse selfonderhoudend te kan wees (Jacobs en Bekker 1996: 18).

Die praktiese bevordering van 'n entrepreneurskapkultuur onder jeugdiges behoort geïnkorporeer te word in die vakbeleid van elke onderrigaanbieding van beroepsonderwys, sodat elke opleier nie slegs die filosofieë van entrepreneurskap onder jeugdiges tydens lesings sal bevorder nie, maar die onderskeie beginsels ook sal deurtrek na die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

praktyk. Die uitbou en ontwikkeling van die konsep van entrepreneurskap is egter 'n aangeleentheid wat verdere navorsing verg.

Volgens Vosloo (1991: 47) het entrepreneurskap en die ontwikkeling van klein- en middelslag ondernemings (KMO's) die toonaangewende temas van ekonomiese ontwikkeling geword. Hierdie herontdekking van die belangrikheid van die gees van vrye ondernemerskap is deels te wyte aan die algehele mislukking van sentraalbeheerde sosialistiese ekonomieë, en deels te danke aan die uitstekende voorbeelde van entrepreneurskap–gedrewe ekonomiese groei in al die vooruitstrewende gebiede van die wêreld. Die KMO-sektor is vandag 'n dominante dryfkrag en 'n noodsaaklike komponent van ekonomiese groei, werkskepping en sosiale vooruitgang. Daar moet herfokus word op die ware gees van ekonomiese ontwikkeling op gemeenskapvlak in dorpe, stede en woonbuurte. Werklike ekonomiese ontwikkeling is 'n doen-dit-self-proses wat deur gesonde ekonomiese beleid aangemoedig moet word. Die ondernemende individu wat risiko's neem, nuwe ontdekkings maak en wat 'n vindingryke rol in die ekonomie speel, moet herontdek word, aldus Vosloo (1991: 47).

4.4.9 Bevolkingsbeleid

Die groot probleem van werkloosheid kan oor die langtermyn deur die uitbreiding van 'n oordeelkundige bevolkingsbeleid opgelos word. Die bevolkingsbeleid moet 'n afname in kindertal, maar kinders wat beter toegerus en meer vaardig is, met 'n hoër lewenskwaliteit, ten doel hê.

Moderne gesinsbeplanningstegnieke en die benutting van plaaslike kliniekfasiliteite moet aangemoedig word. Gesinsbeplanning en laer fertiliteit help om veral swart vroue se status en opvoeding te verbeter. Indien dogters die skool vroeg verlaat om te trou en kinders in die wêreld

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

te bring, word die kringloop van lae status, armoede en hoë fertiliteit versterk (Du Toit 1993: 266).

Bevolkingsbeplanning moet 'n hoë prioriteit geniet, want daardeur kan verseker word dat die skepping van werksgeleenthede nie met die bevolkingsgroei tred verloor nie.

4.4.10 Werkloosheidsversekering

Werkloosheidsversekering bied in die RSA groot uitkoms vir bepaalde werklose groepe, maar oorweging kan daaraan geskenk word om dit verder uit te brei om persone op te lei, sodat hulle spoedig weer van werk voorsien kan word (Swanepoel en Van Zyl 1994: 274). Vir baie werkloses is werkloosheidsversekering die enigste wyse om tydelik 'n menswaardige bestaan te geniet.

Ongelukkig word daar, volgens De Lange (4 Maart 1999: 1), tans fondse van werkloses wat daarop geregtig is, weerhou. 'n Dringende aktuariële oudit word tans gedoen, aangesien daar beweer word dat meer as 25 persent van die betalings wat die Werkloosheidsversekeringsfonds tans finansier, uit bedrieglike, sogenaamde "spookeise" voortspruit.

4.4.11 Loonsubsidies

Loonsubsidies word in enkele lande gebruik as 'n maatreël om werksgeleenthede te skep en dienooreenkomstig werkloosheid te bestry. Ten einde enige nadelige uitwerking op die prysmeganisme van die arbeidsmark uit te skakel, sal loonsubsidies egter vir 'n land soos Suid-Afrika met baie omsigtigheid oorweeg moet word. Waarskynlik sal loonsubsidies slegs van toepassing wees in gevalle waar werknemers op die punt staan om weens personeelvermindering ontslaan te word, of

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

vir nuwe toevoegings tot 'n werkgewer se arbeidsmag. Loonsubsidies is hoogstens tydelike verligting en is beslis nie daarop gemik om die algemene loonlas van werkgewers te verlig nie (Swanepoel en Van Zyl 1994: 274).

4.4.12 Informele sektor

Dit is welbekend dat die informele sektor 'n groot deel van die RSA-bevolking tans van werk voorsien. Met sy werkskeppingspotensiaal kan 'n strategie om die informele sektor te ondersteun, as maatreël in die bestryding van werkloosheid, voorts oorweeg word. Deur die positiewe aspekte van die informele sektor uit te brei, hulp te verleen, negatiewe aspekte uit te skakel en aansluiting te laat vind by die formele sektor, kan veel bereik word (Swanepoel en Van Zyl 1994: 274).

Prof. Lawrence Schlemmer beklemtoon in sy studiestuk, "Unemployment in South Africa – The facts, prospects and an exploration of solutions," dat die informele sektor werkskepping sal kan verhoog, mits "'n beduidende vermoë-inspuiting" vanaf die regering kan plaasvind (Mittner 13 Maart 1998: 51). Dit sluit ook hulp via die tenderproses vanaf die staat en private sektorbetrokkenheid in.

Die era toe daar verkeerdelik op hande-arbeiders neergesien is, is ook finaal verby. Persone wat vir 'n ambag gekwalifiseerd is, is tans toenemend in aanvraag.

"Peilings wys dat informele straathandel 'n baie groter rol in die ekonomie speel as wat algemeen gedink word. Dié sektor is 'n baie belangrike bron van werkskepping. Plaaslike owerhede kan 'n groot rol speel om te verseker dat die handel op 'n geordende wyse tot voordeel van die ekonomie geskied," aldus Van Rensburg (1998: 15).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

'n Ondersoek deur die Buro van Marknavorsing aan die Universiteit van Suid-Afrika (Unisa) onder leiding van prof. Johan Martins, het interessante gegewens oor die informele sektor die lig laat sien. Uit dié ondersoek blyk dit dat verbruikers in die Wes-Kaap in 1997 sowat R1,5 miljard se produkte van die informele sektor gekoop het. Dit toon voorts dat verbruikers produkte van R783,8 miljoen van straatverkopers en vlooimarkte, R509, 5 miljoen van spazawinkels en R156,8 miljoen van huiskroeë (sjebeens) gekoop het.

In die Kaapse Skiereiland is bevind dat 18,5% van swart huishoudings, 8,6% van bruin huishoudings en 2,5% van wit huishoudings kontantaankope van die informele sektor gedoen het.

Gemelde gegewens skets voorwaar 'n prentjie van 'n bedryf waar daar groot uitdagings vir werkloses asook voornemende entrepreneurs wag. In Johannesburg het 'n firma wat vlooimarkte bedryf, Global Village Holdings, onlangs aandele van R10 miljoen op die mark geplaas wat 51 keer oorskryf is (Van Rensburg 1998: 15).

Die Adactive Advertensie-maatskappy is bereid om onkonvensioneel te dink en op te tree, ten einde werk te skep (Rapport Fokus 14 Junie 1998: 3). "Selfs die vrou wat gewoonlik tee bedien, kan dalk 'n eie klein onderneming begin deur toebroodjies en ander verversings te verskaf aan eerstens jou eie onderneming, en daarna aan ander ondernemings in dieselfde gebou of in dieselfde blok. Die bestaande onderneming staan so 'n werker by met opleiding en 'n bietjie infrastruktuur en kom sodoende ook sommer sy maatskaplike verpligtinge na. Pleks van dus te kyk watter geld jy kan afknyp vir nog 'n pos om swart bemagtiging binne jou onderneming goed te laat lyk, skep liewer 'n nuwe-onderneming en brei jou aktiwiteite en werksgeleenthede so uit."

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Ten einde armoede en werkloosheid effektief te bekamp, verg onder meer ekonomiese groei, politieke stabiliteit en 'n afname in bevolkingsgroei (Van Wijk 1993: 5, 7).

Bogenoemde doelstellings kan egter nie oornag bereik word nie en volgens ekonomiese kundiges sal blote ekonomiese groei waarskynlik nie genoeg wees om werkloosheid te bekamp nie. Daar word lank reeds klem gelê op die toenemend belangrike rol wat die informele sektor, asook klein- en mediumgrootte sake-ondernemings in werkverskaffing kan speel. Hierdie potensiaal kan slegs ten volle deur gesonde entrepreneurskap ontwikkel word. Volgens dr Edwin Basson, Hoofekonoom van die Klein Sake Ontwikkelingskorporasie (KSOK), lê entrepreneurs se toekomstige geleenthede opgesluit in twee belangrike aspekte, naamlik verstedeliking en uitvoerbevordering. "Om munt hieruit te slaan, gaan durf, inisiatief en deursettingsvermoë vra, maar vir entrepreneurs met die regte ingesteldheid bly Suid-Afrika steeds 'n land van geleenthede." Volgens Vosloo (29 April 1988: 12) blaas die informele sektor lewe in die entrepreneurskap-kultuur.

4.4.13 Spesiale werkskeppingsprogramme

Daar bestaan heftige beswaar teen en argumente ten gunste van spesiale werkskeppingsprogramme. Desnieteenstaande kan dit nie ontken word dat dit as maatreël om werkloosheid te bestry, 'n mate van verligting kan bring nie. Die spesiale werkskeppings- en opleidingsprogram wat sedert 1983 in Suid-Afrika in werking is, het reeds 'n groot aantal werkloses opgelei en in staat gestel om werk te bekom. Persone word opgelei, byvoorbeeld in kassierwerk, kleremakery, die oprig van selfboubehuising, huishoudelike werk en dies meer (Swanepoel en Van Zyl 1994: 274).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Werkloosheid kan kreatiewe energie in mense skep, om sodoende nuwe vorme van werkskepping, werkverdeling en dienslewering te inisieer (Jordaan 1999: 10). Sodanige kreatiewe energie is noodsaaklik teen die agtergrond van 'n wêreldwye verskynsel, naamlik dat permanente betrekkings toenemend deur tydelike werk vervang word. Voorbeelde hiervan is kontrakwerk en termynaanstellings, waarvan die aard en getal deur die vinnig veranderende behoeftes van instellings en ondernemings bepaal word.

Duisende mense sal in die komende drie jaar leerlingskappe en vaardigheidsprogramme onder die vaandel van die Nasionale Vaardigheidsowerheid deurloop (De Lange 13 April 1999: 9). Leerlingskappe in die toerisme- en boubedryf is in 'n loodsprogram van die Departement van Arbeid en opleidingsrade deurloop. Hierdie leerlingskappe bestaan uit teoretiese opleiding en indiensopleiding by werkgewers in die private en openbare sektore.

Dr. Isak Burger (Kruispunt April 1997: 7) is van mening dat die kerk 'n verantwoordelikheid teenoor werklose mense het. Hy is van mening dat van die talle wyses waarop armoede opgelos kan word, die "Kibbutzim"-stelsel soos dit algemeen in Israel voorkom, een van die doeltreffendste metodes is om werkloosheid te bekamp. Indien 'n vrugbare stuk grond en genoegsame water bekom kan word, kan persone wat oor die nodige vaardighede en menseverhoudinge beskik, aangestel word om hulself aan dié taak te wy.

In breë trekke kan die volgende uiteindelik op so 'n plaas tot stand kom:

❖ verskillende arbeidsintensiewe tipes boerdery, byvoorbeeld groenteboerdery;

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- soveel as moontlik van dié produkte moet op die plaas verwerk word, sodat dit teen 'n mededingende prys op die opemark verkoop kan word en selfs uitgevoer kan word;

- soveel as moontlik nywerhede wat baie werksgeleenthede kan verskaf, moet ook tot stand gebring word. In dié verband word gedink aan steenmakery, stoffeerwerk en kleremaak;

- werkopleiding vir so veel as moontlik van hierdie beroepe moet op die terrein self geskied;

- van die eerste projekte kan wees om basiese huisvesting en eenvoudige nywerheidsgeboue op die plaas op te rig;

- 'n kliniek vir basiese gesondheidsorg kan mettertyd daargestel word;

- 'n skool kan ook tot stand kom; asook

- soos die behoefte ontstaan, kan daar met verloop van tyd verskillende inrigtings vir sekere mediese en maatskaplike krisisse gestig word, byvoorbeeld vir gestremdes, straatkinders, dwelmverslaafdes en meisies met onbeplande swangerskappe.

Volgens Tony Stokes, Koördineerder van die Lungisa-projek wat deur Eskom gestig is, is daar onvoldoende elektrisiëns beskikbaar om in die vraag na die herstel van instandhouding van elektriese toebehore te voldoen. Talle werkloses in agtergeblewe gemeenskappe word dus tans opgelei om terselfdertyd elektriese toebehore te herstel, bestuursvaardighede aan te leer en mikro-finansiering te bekom, sodat

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hulle tuis hul eie ondernemings kan bedryf (Stokes 1998: 5). Die opleiding begin met 'n praktiese kursus van vier weke in herstelwerk van elektriese toebehore. Daarna volg 'n vyfdaagse kursus in basiese sakebestuur. Dit bied kandidate toegang tot die Start-Up-fonds – die enigste finansiële organisasie in die RSA wat spesialiseer in die finansiering van diegene wat oor geen kredietrekord of sekuriteit beskik nie.

4.4.14 Ander maatreëls

Verskeie ander maatreëls om die werkloosheidsvraagstuk in Suid-Afrika aan te spreek, kan volgens Swanepoel en Van Zyl (1994: 274 - 275) oorweeg word. Enkeles hiervan is:

- arbeidsmarkinligtingsprogramme met die doel om voldoende inligting oor die arbeidsmark aan alle belanghebbendes te verskaf;
- landelike ontwikkelingsprogramme;
- programme om die mobiliteit van werkers tussen beroepe en tussen streke te verhoog;
- deregulering;
- noodskemas; asook
- geregistreerde voertuigwagte wat opgelei word om misdaad te help voorkom.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

4.5 Aanbevelings

In die vorige afdeling is daar spesifiek gefokus op enkele strategieë om werkloosheid as ekonomiese realiteit te bekamp. Talle inisiatiewe tot werkskepping is kortliks aan die orde gestel. Aangesien die onderhawige studie egter spesifiek fokus op die sosiopedagogiese betekenis van werkloosheid, blyk dit ook van kardinale belang te wees om op hulpverlening aan gesinslede wat hierdeur geraak word, te fokus.

Vervolgens sal daar, in die lig van en voortvloeiend uit die onderhawige navorsing aangaande die gesin van die werklose ouer, enkele aanbevelings geformuleer word:

- Bewusmakings- en voorligtingsprogramme ten opsigte van werkloosheid en die trauma wat daarmee gepaard gaan, kan ontwikkel word, ten einde die gemeenskap te sensiteer omtrent werkloosheid en die effek daarvan op die gesin en samelewing.

- Uitreikings– en ondersteuningsgroepe kan in die gemeenskap gestig word, ten einde die gesin van wie die vader werkloos geraak het, in dié tyd emosioneel en finansieel by te staan.

- Weens die stigma wat aan werkloosheid kleef, moet die identifisering en hantering van die gesin waar die vader werkloos is, met groot omsigtigheid en sensitiwiteit hanteer word. Gesinsterapie waarby al die lede van die gesin betrokke is, blyk 'n noodsaaklike noodwendigheid te wees.

- Ouerbegeleidingsprogramme, ten einde die behoefte aan leiding rakende die hantering van werkloosheid (veral ten opsigte van die kinders) aan te spreek, kan ontwerp word.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- 'n Begeleidingsprogram, waar die kinders uit gesinne waar die ouer(s) werkloos is, hanteringsmeganismes aanleer ten einde hul gevoelens te identifiseer, uit te spreek en te aanvaar in tye van verlies en traumatiese verandering, kan ontwikkel word.

- Spesifieke riglyne aan die skool kan daartoe bydra dat leerlinge, wie se ouers werkloos is, met opregte empatie en begrip hanteer sal word en dat onderwysers altyd beskikbaar sal wees om sodanige leerlinge daadwerklik te onderskraag.

- Daar moet doelbewus gepoog word om ontslae te raak van die stigma wat aan werkloosheid kleef, en ekonomiese ondersteuning moet aan werkloses gebied word. Die doel hiermee moet wees om die negatiewe psigologiese effek van werkloosheid te verminder en om werkloses weer aktief in die hoofstroom van die samelewing te absorbeer.

- Aktiewe pogings wat tans geloods word om werkloosheid te bekamp en werkloses te ondersteun, moet intensief verskerp word.

4.6 Leemtes van en kritiek teen die navorsing

Aangesien hierdie studie van beperkte omvang is, kan die navorser nie op volledigheid aanspraak maak nie. Daar is bloot gepoog om die effek van werkloosheid op die gesin, meer spesifiek ten aansien van gesinsopvoeding, binne sosiopedagogiese konteks teoreties aan die orde te stel.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die literatuur wat in die voltooide studie aangehaal of waarna verwys is, fokus spesifiek op die werklose vader binne gesinsverband. Met die toenemende toetrede van die vrou tot die arbeidsmark, word die werklose vrou ook toenemend 'n realiteit in die eietydse konteks. Weinige bronne verwys na dié tipe werkloosheid en dit mag moontlik as 'n leemte van en kritiek teen die onderhawige navorsing ervaar word.

Die juiste effek van werkloosheid op gesinsfunksionering en –opvoeding kan eers na behore aan die orde gestel word, indien 'n uitgebreide empiriese ondersoek onderneem word. Die feit dat die voltooide studie bloot 'n teoretiese literatuurstudie verteenwoordig, mag moontlik kritiek uit sommige oorde ontlok. Bes moontlik kan 'n empiriese navorsingsaanpak in 'n opvolgstudie geloods word.

Dit is voorts onseker binne welke sosio-kulturele konteks gesinne afkomstig is wat in die literatuuroorsig gerapporteer word. Persepsies ten opsigte van besoldigde arbeid, asook gesinsfunksionering en – opvoeding kom gevarieerd tussen verskillende kulturele groeperinge binne die RSA voor. 'n Duideliker kontekstualisering dien moontlik deurlopend gestel te word.

Aangesien daar oorwegend na Anglo-Amerikaanse literatuurbronne verwys is (soos uit die bibliografie aan die einde van die studie blyk), blyk die veralgemeenbaarheid van die navorsingsbevindinge en riglyne ter verbetering van die werkloosheidsituasie beperk te wees. Desnietenstaande het die huidige Suid-Afrikaanse konteks deurlopend as funksionele konteks gegeld.

Voorafgaande verteenwoordig enkele punte van moontlike kritiek op die voltooide navorsingsverslag. Vervolgens sal daar, in die lig van

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

bogenoemde uitsprake, enkele terreine vir verdere studie in opvolging op die voltooide navorsing aangebied word.

4.7 Verdere terreine van ondersoek

Die onderhawige navorsing verteenwoordig geensins 'n volledige eksposisie rakende die effek van werkloosheid op die gesin nie. Verdere navorsing wat die vorm van gevallestudies of vraelysondersoeke kan aanneem, word hieronder aanbeveel:

Enkele aspekte wat verdere navorsing vereis, is onder andere die volgende:

- 'n Ondersoek na kinders binne multikulturele kontekste se belewing van die effek van werkloosheid op die gesin.
- Die ontwerp van ouerbegeleidingsprogramme vir werklose ouers.
- Opvoedingsberading en –voorligting aan lede van die werklose gesin.
- 'n Ondersoek na die omvang, aard en dinamika van werkloosheid in die RSA-konteks.
- Die uitbou en ontwikkeling van die konsep van entrepreneurskap in die RSA, as oplossing vir werkloosheid.
- Die ontwerp van 'n opvoedingsmodel waarin die aktualisering van sosiopedagogiese essensies binne die werklose gesinsituasie geoptimaliseer sal word.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

4.8 Sintese

Werkloosheid ontneem die ouer as broodwinner, asook sy/haar gesin van 'n voedingsbron van lewensin en –betekenis. Soos blyk uit die voltooide studie wreek werkloosheid sigself derhalwe negatief op gesinsfunksionering en –opvoeding. Die veredelingsaspek van werk in die persoon se lewe word hom eensklaps sonder vooraf waarskuwing ontneem, wat hom en sy gesin uiters kwesbaar en blootgestel laat. Dikwels word kinders, en dié se opvoeding tot toereikende volwassenheid blootgestel aan 'n kans-arm bestaan : materieel, emosioneel en ook sosiaal.

Juis binne 'n eietydse tydvak in Suid-Afrika met die groter aandrang op menseregte en menswaardigheid, kom werkloosheid as aktuele realiteit steeds meer en meer as verskynsel in fokus.

Derhalwe poog die onderhawige studie om die leser hieromtrent te sensiteer en prakties-haalbare riglyne aan te bied, ten einde ouer en kind voor te berei om sodanige situasie met nugterheid, begrip en insig te hanteer. Dit plaas voorts ook 'n hoër premie op die privaatsektor, die regering van die dag en hulpverleningsinstansies.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

BIBLIOGRAFIE

ACKERMAN, K. 1983. Werkloosheid en die moontlike verband met sorgbehoewendheid. Ongepubliseerde BA(MW) skripsie. Port Elizabeth : Universiteit van Port Elizabeth.

AMUNDSON, N.E. & BORGEN, W.A. 1982. The dynamics of unemployment: job loss and job search. The Personnel and Guidance Journal 60(7):562–564.

ANGENENT, H.L.W. 1985. Opvoeding en persoonlijkheids-ontwikkeling. Nijkerk : Uitgeverij Intro.

ASVALL, J.E. 1987. Foreword. Social Science and Medicine 25(2) : 99.

BAARDA, A.P.M., FROWIJN, M.P.M., DE GOEDE, A. & POSTMA, M.E. 1983. Schoolprestasies van kinderen van werkloze vaders. Een verkennend onderzoek. Pedagogische – Studien 60(12):473 – 484.

BARNARD, S.S. 1982. Die gesinsaard vra betrokkenheid. Woord en Daad : 1. Julie 1982.

BARNES, G. G. 1984. Working with families. London: MacMillan.

BAUM, A., FLEMING, R. & REDDY D.M. 1986. Unemployment stress: loss of control, reactance and learned helplessness. Social Science and Medicine 22(5):509-516.

BEELD, 1997. "SA besig om stryd teen werkloosheid te verloor." Beeld 26 September 1997: 3, 5.

BELL, T. 1985. Unemployment in South Africa. Durban : University of Natal. Institute for Social and Economy Research, Occasional paper no. 10.

BERGH, Z.C. 1992. The psychological impact of unemployment. In Voster, W.S., (ed.). On being unemployed and religious. Pretoria: UNISA.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

BESTER, C.L. 1985. Hoe ouers en onderwysers kan meehelp tot die uitbouing van hulle kinders se selfbeeld. Onderwys bulletin XXIX(3):3. Desember.

BOERSEMA, N. 1986. Werkloosheid onder swart mans in Pretoria. Pretoria : Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

BOLTON, F.G. 1980. The pregnant adolescent, problems of premature parenthood. London : Sage Publications.

BOOYENS, J. 1998. Sukses lê by ekonomiese groei. Rapport Fokus : 21. Junie 1998.

BOOYSEN, M.I. 1990. Geslagsrolidentifikasie by die adolessent in die enkelouergesin. Ongepubliseerde M.Ed. verhandeling. Pretoria : Universiteit van Pretoria.

BORRERO, I.M. 1980. Psychological and emotional impact of unemployment. Journal of Sociology and Social Welfare 7:3.

BOTHA, T.R. 1977. Die sosiale lewe van die kind in opvoeding. Pretoria : Pretoria Drukkers.

BOUWER, M.A. 1995. Die effek van vaderlike werkloosheid op die leefwêreld van die adolessent. Ongepubliseerde M.Ed. verhandeling. Pretoria : Universiteit van Suid-Afrika.

BOYER, E.L. 1990. Civic education for responsible citizens. Educational Leadership 48(3):5-7.

BRAIR, K.H. 1988. Social work and the unemployed. Silver Spring : National Association of Social Workers, Inc.

BRENNER, S.O. & LEVI, L. 1987. Long-term unemployment among women in Sweden. Social Science and Medicine 25(2):153-161.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

BROWN, C., HARPER, C. & STRIVENS, J. 1986. Social education : principles and practice. London : The Falmer Press.

CALABRESE, R. 1987. Adolescence : a growth period conductive to alienation. Adolescence 22(88):929-936.

CAWKER, G.B. 1991. Unemployment as a barrier to the effective management of natural resources and the environment in South Africa. Welsynsfokus 26(2):. Pretoria : Department van Gesondheidsdienste en Welsyn.

CHAPPELL, H. 1982. The family-life of the unemployed. New Society 10(62): 76-79

CHETWYND, C.K. & HARTNETT, G. 1978. The sex role system : psycholotgical perspectives. London : Routledge & Kegan Paul.

COETZEE, J.E. 1985. Hoe hanteer die individu werkloosheid? Woord en Daad 278:6-9. Oktober.

COOPER, C.R. & AYERS-LOPEZ, S. 1985. Family and peer systems in early adolescence : new models of the role of relationships in development. Journal of Early Adolescence 5(1):9-21.

CRONJE, G.J.DE J., HUGO, W.M.J., NEULAND, E.W. & VAN REENEN, M.J. 1994. Inleiding tot die bestuurswese. Halfweghuis : Southern Boekuitgewers (Edms.) Bpk.

DAIL, P.W. 1988. Unemployment and family stress. Public Welfare 46:30-39.

DE LANGE, J. 1998. Opleiding 'n oplossing vir groot werkloosheid. Sake-Beeld 28 September 1998: 4.

DE LANGE, J. 1999. Werkloosheidsfonds dringend bekyk. Sake-Beeld : 4 Maart 1999: 1.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

DE LANGE, J. 1999. Duisend jong mense en werkloses gou opgelei. Sake-Beeld : 13 April 1999: 9.

DEPARTEMENT VAN ONDERWYS EN OPLEIDING 1992. Jaarverslag. Pretoria : Staatsdrukker.

DEPARTEMENT VAN ONDERWYS EN OPLEIDING 1994. Departementele omsendbrief. Pretoria.

DEY, L. 1990. Die problematiek van geslagsopvoeding in die gesinsituasie. Ongepubliseerde M.Ed. verhandeling. Pretoria : Universiteit van Pretoria.

DILLMAN, H. 1987. Werkloosheid bly 'n probleem. Welsynsfokus 22(2): 5-8.

DONOVAN, A. & ODDY, M. 1982. Psychological aspects of unemployment : an investigation into emotional and social adjustment of school leavers. Journal of Adolescence 5:15-30.

DU TOIT, J.B., STEYN, A.F. & RIP, C. 1981. Afwykende gedrag : 'n studie van enkele maatskaplike probleme. Goodwood : Nasionale Boekdrukkery.

DU TOIT, M. 1993. Die psigiese uitwerking van werkloosheid op die swart vrou in Sebokeng. Ongepubliseerde PhD-proefskrif. Potchefstroom : PU vir CHO.

DUVALL, E.M. & MILLER, B.C. 1985. Marriage and family development. New York : Harper & Row.

DUVENHAGE, H. 1998. Sanlam/Rapport werkskeppingsforum. Rapport 7 Junie 1998 : Kaapstad.

EBERSÖHN, F. 1998. Werk gemaak van werkloosheid. Finansies en Tegniek 29 April 1988: 12.

ELKIN, F. & HANDEL, G. 1989. The child and society: the process of socialization. New York : Random House.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ENGELBRECHT, C.S. 1994. Die noodsaaklikheid van gesinsopvoeding. Pedagogiekjoernaal 15(2): 21-33. Pretoria : Universiteit van Pretoria.

ENGELBRECHT, C.S., KOK, J.C. & VAN BILJON, S.S. 1989. Volwassewording. Durban : Butterworth Uitgewers (Edms.) Bpk.

ENSLIN, I.J. 1992. Huweliksgeweld : 'n sosiopedagogiese perspektief. Ongepubliseerde M.Ed. verhandeling. Pretoria : Universiteit van Pretoria.

ERIKSON, E.H. 1972. Childhood and society. New York : W.W. Norton & Company Inc.

FAGIN, L. & LITTLE, M. 1984. The forsaken families. Middlesex : Penguin Books.

FERREIRA, M. 1982. Geestesgesondheid. Aspekte van gemeenskapsgesondheid. Kaapstad : King Edward VII Trust.

FERREIRA, G.V. 1992. Temas in die Psigopedagogiek. Pretoria : J.L. van Schaik (Edms.) Bpk.

FINANSIES EN TEGNIEK 1998. Uitkontraktering bring nuwe geleenthede. 23 Januarie 1998: 48.

FINEMAN, S. 1983. White collar unemployment : impact and stress. Chickester : John Wiley.

FLANAGAN, C.A. 1990. Change in family work status : effects on parent-adolescent decision making. Child Development 61(1):163-177.

FOUCHÉ, J.P., BERENDT, G., HATTINGH, M.J. & FOURIE, M.C. 1986. Die psigologiese effek van afdanking en werkloosheid. Potchefstroom : P.U. vir C.H.O.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

FRANCISCO-LA GRANGE, F. 1991. Die betekenis wat werk vir die mens het. Welsynsfokus 26(2): 6. Pretoria : Departement van Gesondheidsdienste en Welsyn.

FRIEDEMAN, L. 1986. Family economic stress and unemployment : children's peer behavior on parents' depression. Child's Study Journal 16(2): 18-22.

GERBER, P.D., NEL, P.S. & VAN DYK, P.S. 1987. Mannekragbestuur. Johannesburg : Southern Boekuitgewers.

GERBER, P.D., NEL, P.S. & VAN DYK, P.S. 1992. Mannekragbestuur: Johannesburg : Southern Boekuitgewers.

GERDES, L. 1988. Die ontwikkelende volwassene. Suid-Afrika : Butterworth.

GILLMER, H.M. 1992. Pedagogiese kwesbaarheid en disfunksionering in die hedendaagse kerngesin. Ongepubliseerde Ph.D. proefskrif. Pretoria : Universiteit van Pretoria.

GOODWIN, L. 1980. Poor youth and employment : a social psychological perspective. Youth and Society, 11(3):311-351. March.

GORDON, A.M. & BROWNE, K.M. 1989. Beginners and beyond : foundations in early childhood education. New York : Delmar.

GOUWS, E. & KRUGER, N. 1994. The adolescent – an educational perspective. Johannesburg : Butterworth.

GOUWS, L.A., LOUW, D.A., MEYER, W.F. & PLUG, C. 1982. Psigologie-woordeboek. Johannesburg : McGraw-Hill.

GRIMSHAW, R. & PRATT, K. 1984. School absenteeism and the education crisis. Youth and Policy 10:16-19.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

HAMACHEK, D.E. 1987. Encounters with the self. London : Holt, Rinehart & Winston.

HARALAMBOS, M & HOLBORN, M. 1990. Sociology : themes and perspectives 3. London : Unwin Hyman.

HARMSE, J.L. 1980. Die dwelmmiddelprobleem vanuit sosiopedagogiese perspektief. Ongepubliseerde M.Ed. verhandeling. Pretoria : Universiteit van Pretoria.

HERGENHAHN, B.R. 1980. An introduction to theories of personality. Englewood Cliffs, New Jersey : Prentice-Hall.

HEYNS, J.A. 1986. Teologiese etiek – Deel 2/1. Pretoria : N.G.-Kerkboekhandel.

HILL, J. 1978. The psychological impact of unemployment. New Society 43(798): 118-120.

HOEH, H.L. (ED.). 1985. The teen years. The Plain Truth 50(4):17-21.

HOFFMAN, P.A.E. 1978. Inleiding tot die sosio-pedagogiek. Bloemfontein : Sacum.

HOFFMAN, W.S., CARPENTIER-ALTING, P., THOMAS, D., HAMILTON, V.L. & BROMAN, C.L. 1991. Initial impact of plant closings on automobile workers and their families. Families in society : The Journal of Contemporary Human Services 72:103-107.

HORNE, J. 1987. Work and unemployment. New York : Longman Inc.

HUGO, E.A.K. 1971. Die mens in nood. Pretoria/Kaapstad : Academia.

HUMAN, L.H. 1993. Die invloed van werkloosheid op die gesin as sisteem: 'n pastorale perspektief. Pretoria : Universiteit van Pretoria.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

HUTSON, S. & JENKINS, R. 1989. Taking the strain : families, unemployment and the transition to adulthood. Oxford : Alden Press.

ISRALOWITZ, R.E. 1989. Family unemployment and its impact on the adolescent personality development. Adolescence 24(93):47-52.

JACOBS, C.D. & BEKKER, C.F.J. 1996. Kan Tegniese Kolleges 'n bydrae lewer om jeugwerkloosheid te bekamp? Pedagogiekjoernaal 17(2): 14-20. Pretoria : Universiteit van Pretoria.

JACOBS, L.J. & VREY, J.D. 1982. Selfkonsep, diagnose en terapie : 'n opvoedkundige-sielkundige benadering. Pretoria : Academica.

JAHODA, M. 1982. Employment and unemployment : a social-psychological analysis. Cambridge : Cambridge University Press.

JOELSON, L. & WAHLIQUIST, L. 1987. The psychological meaning of job insecurity and job loss : results of a longitudinal study. Social Science and Medicine 25(2):179-182.

JONES, L. 1990. Unemployment and child abuse, family in society. The Journal of Contemporary Human Services 7:579-588.

JONES, L.D.S.W. 1991. Unemployed fathers and their children : implications for policy and practice. Child and Adolescent Social Work 8(2):101-116.

JONES, L.P. 1988. The effect of unemployment on children and adolescents. Children and Youth Services Review 10:199-215.

JORDAAN, W. 1999. Hoe na werkloosheid gekyk word. Beeld 24 Maart 1999.

KAUFMAN, H.G. 1982. Professionals in search of work : coping with the stress of job loss and unemployment. New York : J. Wiley and Sons.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

KELVIN, P. & JARRETT, J.E. 1985. Unemployment : its social psychological effects. Cambridge : Cambridge University Press.

KESSLER, R.C., TURNER, J.B. & HOUSE, J. 1987. Intervening processes in the relationship between unemployment and health. Psychological Medicine 17:949-961.

KLOPPER, J.M.A. 1992. 'n Sosiopedagogiese perspektief op die verskynsel kindermishandeling. Ongepubliseerde M.Ed.-verhandeling. Pretoria : Universiteit van Pretoria.

KNOPF, I.J. 1984. Childhood psychopathology : a developmental approach. Englewood Cliffs, New Jersey : Prentice-Hall.

KRIEL, A.C. 1996. Die kwesbaarheid van die hersaamgestelde gesin : 'n sosiopedagogiese ondersoek. Ongepubliseerde Ph.D-proefskrif. Pretoria : Universiteit van Pretoria.

KRITZINGER, M.S.B. (hoofred.) 1986. Verklarende Afrikaanse Woordeboek. Pretoria : J.L. van Schaik Uitgewers.

KROFT, H., ENGBERSEN, G., SCHUYT, K. & VAN WAARDEN, F. 1989. Een tijd zonder werk : Een ondersoek naar de levenswereld van langdurig werklozen. Leiden : CIP.

KRUISPUNT, 1997. "Kibbutzim" dalk medisyne vir werkloosheid? April 1997: 7.

KRUGER, L.L. 1984. Die verband tussen die ontoereikende verwerkliking van sosiopedagogiese essensies en jeugmisdaad. Ongepubliseerde M.Ed.-verhandeling. Pretoria : Universiteit van Pretoria.

LABUSCHAGNE, F.J. & EKSTEEN L.C. 1992. Verklarende Afrikaanse Woordeboek. Pretoria : J.L. van Schaik Uitgewers.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

LARSON, J.H. 1984. The effect of husbands' unemployment on marital and family relations in blue-collar families. Family Relations 33(4): 8-13.

LAUER, R.H. 1982. Social problems and the quality of life. Second edition. Dubuque Iowa : Wm. C. Brown.

LE ROUX, J. (red.) 1992. Temas in die Sosiopedagogiek. Pretoria : J.L. van Schaik Uitgewers.

LE ROUX, J. (ed.) 1993. The black child in crisis : a socio-educational perspective 1. Pretoria : J.L. van Schaik Publishers.

LE ROUX, J. (ed.) 1994. The black child in crisis : a socio-educational perspective 2. Pretoria : J.L. van Schaik Publishers.

LE ROUX, J. 1998. Die gesin in sosiopedagogiese perspektief 2. Pretoria : Universiteit van Pretoria.

LEVI, L. 1987. Unemployment and health – an introduction. Social Science and Medicine 25(2):101.

LEVINE, S.W. 1979. The psychological and social effects of youth unemployment. Children Today 8(6):6-9.

LEWIS, P. 1991. Leer jou kind die regte waardes. Kaapstad : Tafelberg Uitgewers.

LIEM, R. & LIEM, J. 1988. Psychological effects of unemployment on workers and their families. Journal of Social Issues 44(4):87-105.

LINTOTT, C.M. 1993. 'n Sosiopedagogiese perspektief op die verskynsel satanisme. Ongepubliseerde M.Ed.-verhandeling. Pretoria : Universiteit van Pretoria.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

LOMBAARD, J. 1995. Nywerheidskoling noodsaaklik. Finansies en Tegniek 21 April 1995.

LOUW, D.A. & VAN JAARSVELD, P.E. 1989. Gemoedsversteurings. In Louw, D.A., (red.). Suid-Afrikaanse handboek van abnormale gedrag. Johannesburg : Southern Boekuitgewers.

LOVELL, A. 1996. Out of work – a family affair. London : Sheldon Press.

MADGE, N. 1983. Annotation unemployment and its effects on children. Journal of Child Psychology and Psychiatry 24(2):311-319.

MARAIS, H.C. & NIEUWMEIJER, L.J. 1990. Kommunikasie in kleingroepe. Pretoria : RGN.

MASLOW, A.H. 1970. Motivation and personality. New York : Harper & Row.

MCCABE, R.M. 1990. Parenting : things that go thump in the night. Femina 182-184. November 1990.

McCUBBIN, H.I. & PATTERSON, J.M. 1983. Family stress and adaptation to crisis : a double ABCX model of family behavior. Family Studies Review Yearbook 1:87-106.

MEINTJIES, B.J. 1994. Opvoedingsgedrag en persoonlikheidsontwikkeling in die milieu-gestremde gesinsituasie. Ongepubliseerde Ph.D.-proefskrif. Pretoria : Universiteit van Pretoria.

MITTNER, M. 1996. Wiel kan draai vir werkskepping. Finansies en Tegniek 2 Februarie 1996: 48.

MITTNER, M. 1996. Gaan ek ooit 'n werk kry? Finansies en Tegniek 17 Mei 1996: 11.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

MITTNER, M. 1996. Waar gaan die werk vandaan kom? Finansies en Tegniek 21 Junie 1996: 49.

MITTNER, M. 1998. Waar gaan die werk vandaar kom? Finansies en Tegniek 20 Februarie 1998: 12-13.

MITTNER, M. 1998. "Oplossings" vir werk stroom in. Finansies en Tegniek 13 Maart 1998: 51.

MITTNER, M. 1998. Waaroor Mboweni kwaad raak. Finansies en Tegniek 10 April 1998: 32.

MITTNER, M. 1998. Waarom werkberaad vashaak. Finansies en Tegniek 8 Mei 1998: 51.

MITTNER, M. 1998. Wie sê werk word nie geskep nie? Finansies en Tegniek 17 Julie 1998: 32.

MITTNER, M. 1998. Werkloses word al hoe ongeduldiger. Finansies en Tegniek 13 November 1998: 51.

MITTNER, M. 1999. Cosatu wil al meer globalisering beveg. Finansies en Tegniek 22 Julie 1999: 37.

MÖLLER, A.T. 1993. Perspektiewe op persoonlikheid. Durban : Butterworths.

MOUTON, J. & MARAIS, H.C. 1990. Basiese begrippe : metodologie van die geesteswetenskappe. Hersiene uitgawe. Pretoria : RGN.

MÜLLER, N. 1992. Root causes for unemployment. Pretoria : UNISA. Institute for Theological Research.

NASIONALE MANNEKRAGKOMMISSIE 1995.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

NEL, M., BOSHOFF, H., GOUS, H. & VAN WYK, W. 1985. Kerkjeug antwoord. Pretoria : Kerkboekhandel.

NORTJÉ, F.J. 1993. Die kwesbaarheid van die hedendaagse kerngesin – 'n sosiopedagogiese perspektief. Ongepubliseerde Ph.D.-proefskrif. Pretoria : Universiteit van Pretoria.

NÜRNBERGER, K. 1990. The scourge of unemployment in South Africa. Pietermaritzburg : Encounter Publications.

O'BRIEN, G.E. 1986. Psychology of work and unemployment. New York : John Wiley & Sons.

ODENDAL, F.F., SCHOONEES, P.C., SWANEPOEL, C.J., DU TOIT S.J. EN BOOYSE, C.M. 1994. Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal. Midrand : Perskor Uitgewery.

OETINGER, K.B. 1979. Not my daughter. Facing up to teenage pregnancy. New Jersey : Prentice Hall.

OLSON, G.K. 1984. Counseling teenagers. New York : Schulz Publications.

OOSTHUIZEN, J.D., PETRICK, H.C. & WIECHERS, E. 1990. Skoolvoorligting (B.Ed.): Enigste studiegids vir OSV 401-p (spesialisering in skoolvoorligting). Pretoria : UNISA.

ORTIZ, L.P.A. 1987. Father's unemployment : its impact on parent-adolescent relations and adolescent self concept. Unpublished Ph.D.-thesis. Michigan : Bell & Howell Company.

ORWELL, G. 1973. The road to Wigan Pier. London : Redwood Press.

PAUTLER, K.J. & LEWKO, J.H. 1984. Children's worries and exposure to unemployment. Toronto : Canada's Mental Health.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

PISTORIUS, P. 1980. Kind in ons midde. Kaapstad : Tafelberg Uitgewers.

PLUG, C., MEYER, W.F., LOUW, D.A. & GOUWS, L.A. 1987. Psigologie woordeboek. Tweede uitgawe. Johannesburg : McGraw-Hill Boekmaatskappy.

PLUG, C., MEYER, W.F., LOUW, D.A. & GOUWS, L.A. 1989. Psigologie woordeboek. Johannesburg : McGraw-Hill Boekmaatskappy.

PRESIDENTSRAADVERSLAG 1987.

PRETORIUS, J.W.M. 1982. Kommunikasie in die klaskamer. Pretoria : J.L. van Schaik Uitgewers.

PRETORIUS, J.W.M. 1990. Opvoeding, samelewing, jeug : 'n Sosiopedagogiek-leerboek. Pretoria : J.L. van Schaik Uitgewers.

PRETORIUS, J.W.M. 1993. Sociopedagogics as a science. In Le Roux, J. (ed.). The black child in crisis : A socio-educational perspective 1. Pretoria : J.L. van Schaik Publishers.

PRETORIUS, J.W.M. 1994. Opvoeding, samelewing, jeug. Tweede hersiene uitgawe. Pretoria : J.L. van Schaik Uitgewers.

PRETORIUS, J.W.M. (red.) 1998. Sosiopedagogiek 2000. Pretoria : J.L. van Schaik Uitgewers.

PURKEY, W.W. 1970. Selfconcept and school achievement. New Jersey : Prentice-Hall.

PURKEY, W.W. & STRAHAN, D.B. 1986. Inviting good discipline. Macon : Panaprint.

RAATH, M.C. & JACOBS, L.J. 1990. Dinamiek van die selfkonsep. Pretoria : Academica.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

RAFFE, D. 1986. Unemployment and school motivation : the case of truancy. Educational Review 38(1):11-19.

RAPPORT NUUSFOKUS 1997. 30 November 1997: 3.

RAPPORT NUUSFOKUS 1998. 7 Junie 1998: 3.

RAPPORT NUUSFOKUS 1998. 14 Junie 1998: 3.

RAPPORT NUUSFOKUS 1998. 21 Junie 1998: 3.

RAPPORT NUUSFOKUS 1998. 27 Desember 1998: 3.

RETHERFORD, P.S., HILDRETH, G.J. & GOLDSMITH, E.B. 1988. Social support and resource management of unemployment women. Journal of Social Behavior and Personality 3(4):191-204.

RIP, C.M. 1981. Contemporary social pathology. 2nd edition. Pretoria : Academica.

RIPPLE, R.E., BIEHLER, R.F. & JAQUISH, G.A. 1982. Human development. Boston : Houghton Mifflin Company.

ROSENMAN, L.S. 1979. Unemployment of women : a social policy issue. Social Work 24(1):20.

ROWLEY, K.M. & FEATHER, N.T. 1987. The impact of unemployment in relation to age and length of unemployment. Journal of Occupational Psychology 60(4):323-332.

SADIE, J.L. 1991. Unemployment in South Africa : its nature and origins. Welfare Focus 26(2): 6-12.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

SANDSTRÖM, C.I. 1970. Psigologie van die opgroeiende kind. Utrecht : Het Spectrum Uitgewerij.

SCHEEPERS, L. 1988. Verbeterde ouerskap deur middel van maatskaplike groepwerk. Pretoria : Universiteit van Pretoria.

SCHOOMBEE, P. 1998. Werkloosheid kry momentum, maar lone styg vinnig. Finansies en Tegniek 17 Julie 1998: 17.

SCHOOMBEE, P, 1998. Maak so as jou werk bedreig word. Finansies en Tegniek 9 Oktober 1998: 59.

SCHWEFEL, D. 1986. Unemployment, health and health services in German-speaking countries. Social Science & Medicine 22(4):409-430.

SCOTT, M. & LASLETT, R.A. 1987. Can we get back to full employment? London : MacMillan Press Ltd.

SERFONTEIN, T. 1989. Die geestesgesondheid van die jeug : 'n sosiopedagogiese perspektief. Ongepubliseerde Ph.D.-proefskrif. Pretoria : Universiteit van Pretoria.

SHERRADEN, M. & ADAMEK, M. 1985. Treating unemployed adolescents. Social Casework 66:467-474.

SMIT, M.E. 1990. 'n Sosiopedagogiese analise van 'n kind – vyandige kultuur. Ongepubliseerde M.Ed.-verhandeling. Pretoria : Universiteit van Pretoria.

SMITH, R. 1987. Unemployment and health : a disaster and a challenge. Oxford : Oxford University Press.

SMITH, T.E. 1988. Parental control techniques : relative frequencies and relationships with situational factors. Journal of Family Issues 9(2):155-176.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

SMITH, E.T., BROTT, J. & DAVIS, J.E. 1988. Stress : the test Americans are failing. Business Week : 52-54. 18 April 1988.

SNYMAN, M.P. 1992. Die problematiese-opvoedingsgesitueerdheid van die kind in die enkelouer-gesin. Ongepubliseerde Ph.D.-proefskrif. Pretoria : Universiteit van Pretoria.

STONE, A.J.S. (red.) 1990. Koester ons jeug 2000. Departement van Onderwys en Kultuur. Administrasie Volksraad.

STOKES, T. 1998. Eskom gee werkloses 'n kans. Beeld 11 Mei 1998.

SUNLEY, R. & SHEEK, G.W. 1986. Serving the unemployed and their families. Milwaukee : Family Service America.

SWANEPOEL, D.J. & VAN ZYL, J.S. 1994. Ekonomie 2000. Kaapstad : NASOU.

SWART, A.M. 1987. Die problematiek van vryetydsbesteding by die jeug. Ongepubliseerde M.Ed.-verhandeling. Pretoria : Universiteit van Pretoria.

THOMAS, E.L., McCABE, E. & BERRY, J.E. 1980. Unemployment and family stress : a reassessment. Family Relations 29:517-524.

TIFFANY, D.W., COWAN, J.R. & TIFFANY, P.M. 1970. The unemployed : a social-psychological portrait. Englewood Cliffs, New York : Prentice-Hall.

TIGGEMAN, M. & WINEFIELD, A.H. 1984. The effects of unemployment on the mood, self-esteem, locus of control, and depressive affect of school-leavers. Journal of Occupational Psychology 57: 33-45.

TOFFLER, A. 1975. Future shock. London : The Stellar Press.

UYS, T. & MARAIS, S. 1991. Die effek van werkloosheid op die individu en die samelewing. Welfare Focus 26(2): 23-27.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

VAN DER MERWE, H.M. 1988. Waarskynlike konsekwensies vir die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel in die lig van toenemende werkloosheid. Ongepubliseerde M.Ed.-verhandeling. Pretoria : Universiteit van Pretoria.

VAN DER ZANDEN, J.W. 1979. Sociology. New York : John Wiley & Sons.

VAN DER ZANDEN, J.W. 1993. Human Development. New York : McGraw-Hill.

VAN GRAAN, J. 1983. Afdankings in 'n negatiewe ekonomiese klimaat. IPB Mannekrag Tydskrif 2(1):30-32. Mei 1983.

VAN NIEKERK, E.A. 1984. Nie soos mense sonder hoop nie. Hoe om sterwendes en treurendes by te staan. Kaapstad : Lux Verbi.

VAN NIEUWHOLTZ, K. 1994. Bly werkloos of groei. Pretoria : Arkom.

VAN RENSBURG, B. 1998. Straathandel – 'n nuwe wenresep vir werkloses. Sake-Beeld 28 Augustus 1998: 15.

VAN RENSBURG, C.J.J. & LANDMAN, W.A. 1986. Fundamenteel-pedagogiese begripsverklaringe – 'n inleidende oriëntering. Pretoria : N.G. Kerk Boekhandel.

VAN WIJK, E. 1993. Wurggreep van die resessie. Salus 17(1): 4-7.

VENTER, C.A. 1991. Die effek van werkloosheid op gesinsverhoudinge. Welsynsfokus 26(2): 28-32.

VERSLAG VAN DIE ONTWIKKELINGSBANK VAN SUIDER-AFRIKA 1987.

VISSER, M. 1991. "The psychological effect of parents' unemployment on children. Welsynsfokus 26(2): 18.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

VLOK, M.E. 1981. Gemeenskapsverpleegkunde : 'n handleiding. Kaapstad : Juta.

VOSLOO, B. 1988. Werk gemaak van werkloosheid. Finansies en Tegniek 29 April 1988: 12.

VOSLOO, B. 1991. Entrepreneurship : The key to job creation and economic growth. Welfare Focus. 26(2). Desember 1991.

VREY, J.D. 1979. Die opvoedeling in sy selfaktualisering. Pretoria : Universiteit van Suid-Afrika.

VREY, J.D. 1984. Die opvoedeling in sy selfaktualisering. Pretoria : Universiteit van Suid-Afrika.

VREY, J.D. & VENTER, M.E. 1985. Die adolessente selfkonsepskaal as klassifikasiemedium. Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Opvoedkunde 5(2):6-10.

VREY, J.D. 1991. Die opvoedeling in sy selfaktualisering. Pretoria : Universiteit van Pretoria.

WARR, P.B. 1983. Work, jobs and unemployment. Bulletin of the British Psychological Society 36:305-311.

WARR, P., & JACKSON, P. 1987. Adapting to the unemployed role : a longitudinal investigation. Social Science and Medicine 25(11):1219-1224.

WARR, P., JACKSON, P. & BANKS, M. 1988. Unemployment and mental health : some British studies. Journal of Social Issues 4(4):47-68.

WIELEMANS, W. 1984. Opvoeding en onderwijsw onder maatscappelijke druk. Leuven/Amersfoort : Uitgeverij Acco.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

WILSON, J.Q. & COOK, P.J. 1985. Unemployment and crime – What is the connection? Spring : Public Interest.

WILSON, F. & RAMPHELE, M. 1989. Uprooting poverty : The South African Challenge. Cape Town : David Philip.

WINEFIELD, A.H., TIGGEMANN, M., WINEFIELD, H.R. & GOLDNEY, R.D. 1993. Growing up with unemployment. London : Routledge.

ZEELIE, S. 1989. Die gesinsdinamika van die werklose. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling. Potchefstroom : P.U. vir C.H.O.

ZVONKOVIC, A.M., GUSS, T. & LADD, L. 1988. Making the most of job loss : individual and marital features of under-employment. Family Relations 5: 56-61.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA